# KIES GOD, NIE DIE *Wêreld* NIE

Leer uit die lewens van Jakob en Josef

LOVE GOD GREATLY AFRIKAANS JOERNAAL

*KIES GOD, NIE DIE WÊRELD NIE: LEER UIT DIE LEWENS VAN JAKOB EN JOSEF*

Kopiereg © 2022 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Kies God, nie die Wêreld nie: Leer uit die lewens van Jakob en Josef* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

WANNEER VROUE
TOEGERUS IS MET DIE
KENNIS VAN GOD SE
WAARHEID, WORD DIE
WÊRELD VERANDER,
EEN VROU OP ‘N SLAG.

## INHOUD


*003* **WELKOM**

*004* **INLIGTING OOR LGG**

*005* **ONS MISSIE**

*006* **SOAP BYBELSTUDIE METODE**

*009* **GETUIENIS**

*010* **WÊRELDWYE BEDIENING**

*011* **KEN HIERDIE WAARHEDE**

*014* **INLEIDING**

*015* **LEESPLAN**

*017* **DOELWITTE**

*019* **WEEK 1**

*045* **WEEK 2**

*072* **WEEK 3**

*099* **WEEK 4**

*126* **WEEK 5**

*153* **WEEK 6**

*180* **SLUIT BY ONS AAN**

*181* **VIR JOU**

*Vir Jou*

IS DAAR
GEBID; DIT IS
GEEN TOEVAL
DAT JY AAN
HIERDIE STUDIE
DEELNEEM NIE.

## WELKOM!

Ons is verheug dat jy besluit het om by ons aan te sluit vir hierdie Bybelstudie! Weet dat daar vir jou gebid is; dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.

Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos jy jouself daagliks in sy Woord verdiep! Voordat jy begin om die aangewese Bybelverse vir die dag te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om deur sy Woord met jou te praat. Luister dan. Glo dat Hy getrou sal wees om tot jou te spreek. Wees getrou om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Die Bybel leer vir ons dat wanneer ons wysheid soek soos ons silwer sou soek, en dit opspoor soos 'n verborge skat, dan sal ons weet hoe om die Here te dien en sal ons ontdek wat dit is om God te ken. (Spr. 2:4-5)

Almal van ons hier by Love God Greatly kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien. Volhard, druk deur; moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin.

Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is met jou. Kom ons sien wat God vir ons wil openbaar in hierdie studie. Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

# OOR LGG

Love God Greatly bestaan om vroue reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God heelhartig lief te hê met hulle lewens.

Ons wil vroue INSPIREER om God se Woord ‘n prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens, deur middel van ons Bybelstudie hulpbronne.

Ons wil vroue AANMOEDIG in hulle daaglikse lewenswandel met God, deur middel van ‘n aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

Ons wil vroue TOERUS om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

Ons begin met ‘n eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie. Sommige vroue kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vroue reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By Love God Greatly sal jy ware, lewensegte vroue vind. Vroue wat minder van mekaar, en baie meer van Jesus begeer. Vroue wat daarna smag om God deur sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vroue wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in ‘n gemeenskap met mekaar.

Love God Greatly is toegewyd om kwaliteit Bybelstudiemateriaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van enige vrou om te kan deelneem aan een van ons Bybelstudies nie. Alle joernale is beskikbaar om gratis afgelaai te word van LoveGodGreatly.com

Ons joernale en boeke kan ook op Amazon gekoop word. Soek vir “Love God Greatly” om al ons Bybelstudie joernale en boeke te sien.

*JY SAL VROUE VIND WAT ONVOLMAAK EN TOG VERGEWE IS.*

Love God Greatly is ‘n 501 (C) (3) nie-winsgewende organisasie. Bevondsing vir Love God Greatly kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke.

Een-honderd persent van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van Love God Greatly en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

Arm-in-arm en hand-in-hand, kom ons doen dit saam.

# ONS MISSIE

## DIE BEHOEFTE

Biljoene vroue reg oor die wêreld het nie toegang tot God se Woord in hul eie moedertaal nie. Diegene wat wel 'n Bybel in hul eie taal het, het nie altyd Bybelstudiemateriaal wat spesiaal vir vroue ontwikkel is nie.

## DIE MISSIE

Love God Greatly bied Bybelstudies in meer as 40 tale aan. Ons rus sendelinge, Christelike organisasies, plaaslike kerke en vroue op 'n ongeëwenaarde wyse toe met God se Woord, deur toe te laat dat ons joernale gratis van ons internasionale webblaaie afgelaai kan word.

Deur die Bybel in hul eie taal te bestudeer met eensgesinde vroue, leer vroue meer oor God se Woord en word hulle daarmee toegerus.

Ons glo dat wanneer vroue God se Woord lees, dit toepas op hul lewens en God se onveranderende liefde vir hulle met ope arms aanneem, is die wêreld 'n beter plek. Ons weet dat een vrou wat God se Woord lees, 'n verandering kan bring in haar familie, haar gemeenskap en haar land… een vrou op 'n slag.

## SLUIT BY ONS AAN

Ons wil graag hê dat jy by ons aansluit in ons missie om alle vroue oor die wêreld die geleentheid te bied om toegang te hê tot God se Woord en kwaliteit Bybelstudiehulpbronne! Stuur gerus vir ons 'n e-pos of besoek ons aanlyn indien jy enige vrae het of meer inligting benodig. Ons hoor graag van jou!

INFO@LOVEGODGREATLY.COM
LOVEGODGREATLY.COM

# SOAP

*Bybelstudiemetode*

By Love God Greatly, glo ons dat God se Woord lewend en aktief is. Die woorde van die Skrif is kragtig en effektief en toepaslik vir lewe in alle tye en alle kulture. Om die Bybel korrek te interpreteer moet ons 'n begrip hê van die konteks en die kultuur van die oorspronklike geskrifte.

Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode wanneer ons die Bybel bestudeer. Dit staan vir Scripture, Observation, Application, and Prayer (Skrifgedeelte, Waarneming, Toepassing en Gebed). Dit is een ding om eenvoudig die Skrif te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daaroor na te dink, begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper in die Bybel te delf en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jak. 1:22).


*OM DIE BYBEL TE LEES IS NIE 'N VERSPILLING VAN TYD NIE. GOD SE WOORD IS LEWEND, KRAGTIG EN EFFEKTIEF, EN HY SPREEK TOT ONS DAARDEUR.*

In hierdie studiegids lees ons 'n Skrifgedeelte en pas dan die SOAP metode toe op spesifieke verse. Hierdie metode help ons om 'n beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.

Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.

**SOAP**

*Bybelstudiemetode*



SOAP
WEEK 1 • MAANDAG

SOAP / *Openbaring 12:10, 2 Tessalonisense 3:3*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

Openbaring 12:10
Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: "Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koninskap hier, en die gesag van die Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het."

2 Tessalonisense 3:3
Die Here is getrou; Hy sal julle versterk en julle van die Bose bewaar.

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

Harde stem, kragtig
Ons word daagliks aangekla - konstante stryd
Die Here sal my help, versterk en bewaar.
Hy is altyd daar.
Hy is konstant, 'n beskermer in my lewe, bewaarder

32

S
STAAN VIR
SCRIPTURE
(SKRIFGEDEELTE)

*Skryf die SOAP vers neer.*

*Jy sal verbaas wees oor wat God aan jou sal openbaar wanneer jy rustig tyd neem om dít wat jy lees, neer te skryf!*

O
STAAN VIR
OBSERVATION
(WAARNEMING)

*Wat sien jy in die verse wat jy lees?*

*Wie is die gehoor vir wie hierdie geskryf is? Is daar 'n herhaling van woorde?*


*Watter woorde staan vir jou uit?*

A
STAAN VIR
APPLICATION
(TOEPASSING)

*Dit is waar God se Woord persoonlik word.*

*Wat sê God vandag vir jou? Hoe kan jy dít wat jy nou net gelees het, toepas in jou eie lewe?*

*Watter veranderinge moet jy maak? Is daar iets wat jy moet doen?*



**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

Herinner myself dat God se krag sterker is as enige iets anders.
Memoriseer hierdie verse en sê dit hardop elke dag hierdie week.
Vra God om my geloof in Hom te versterk.
Vertrou God dat Hy my van die bose sal bewaar.
Bid vir my broers en susters in Christus.

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

Dierbare Here,
Dankie dat U konstant, getrou en liefdevol teenoor my is. Help my om daagliks en deur moeilike tye my vertroue en geloof in U te verdiep.
Help my om te weet dat U altyd by my is om my te beskerm.
Herinner my aan ander se lyding en help my om hulle in hul groei te bemoedig.
Ek vra dit alles in Jesus se naam.
Amen.

33

P
STAAN VIR PRAYER (GEBED)

*Bid God se Woord terug na Hom.*

*Spandeer tyd om Hom te dank.*

*Indien Hy iets aan jou geopenbaar het tydens hierdie tyd in sy Woord, bid daaroor.*

*Indien Hy sonde in jou lewe geopenbaar het, bely dit.*

*En onthou, Hy het jou innig lief.*

HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

## GETUIENIS

*LGG Swahili Tak*

Ek is gebore en getoë in ‘n Christelike familie, in ‘n klein dorpie genaamd Kinyinya in Tanzanië. Ons is geleer om kerk toe gaan en ‘n offerande te gee, maar ek het nie geweet hoekom ek kerk toe gaan nie.

Op hoërskool het ek ‘n vriendin ontmoet wat die evangelie van Christus met my gedeel het, en my lewe het verander. Ek het my lewe aan Christus oorgegee en sedertdien wandel ek in God se weë en dien ek Hom. In 2006 het ek teruggekeer kollege toe en gedurende my tyd daar het ek God gedien as ‘n sekretaresse van ‘n organisasie genaamd Students' Christian Fellowship. Om in daardie gemeenskap te dien het my in staat gestel om geestelik te groei. Ons het ons medestudente asook die omliggende gemeenskap bedien deur diens en evangelisasie. Ek het ook as vertaler tydens mid-week en Sondag eredienste opgetree.

Terwyl ek saam met ‘n internasionale organisasie gewerk het, het ek ‘n vrou ontmoet wat my vertel het van Love God Greatly en hul bediening om Bybelstudies in verskillende tale te vertaal. Ek het aangebied om hierdie studies in Swahili te vertaal. Vir ongeveer drie jaar het ek alleen gewerk, met niemand anders in my span nie. Ek het aangehou om vir God te vra om vir my geleenthede te bly gee om Hom te dien, en vir ander om te help met die vertaling van die materiaal.

God het vyf vroue na my span gebring om te help werk aan die Swahili-materiaal. Ons bly almal in verskillende lande, maar ons is ‘n span. Deur hierdie bediening en om God te dien, is ek geseën met ongelooflike vriendskappe, en ek het gesien hoe God vir my voorsien en my onderhou. Ons groei steeds, en ons is tans sestien vroue wat saam die Bybel in Swahili bestudeer.

*GOD GAAN VOORT OM IN MY LEWE TE WERK, EN EK HET HOM AL WONDERBAARLIKE DINGE SIEN DOEN.*

God gaan voort om in my lewe te werk, en ek het Hom al wonderbaarlike dinge sien doen. Hy het my voorsien van ‘n werk nadat ek vir drie jaar werkloos was. Hy het my geseën met ‘n gemeenskap regoor die wêreld en die geleentheid om Hom te dien. Ek gee al die glorie en eer net aan Hom.

“Ek was jonk en ek het oud geword, maar nooit het ek ‘n regverdige verlate gesien of dat sy nageslag brood soek nie.” (Psalm 37:25).

Ester

*LGG Swahili Tak*

HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

# WÊRELDWYE BEDIENING

*LGG Swahili Tak*

DO YOU KNOW SOMEEEN WHO COULD ..........

Indien wel, vertel hulle gerus van al die wonderlike Bybelstudiehulpbronne wat ons verskaf om hulle met God se Woord te help toerus!

---

OM MET HIERDIE TAK IN AANRAKING TE KOM:

Facebook: LGG Swahili

Instagram: @lggswahilibranch

Email: lggswahilibranch@gmail.com

---

HOE KAN JY VIR HIERDIE TAK BID?

Vir God om vertalers, proeflesers, 'n grafiese ontwerper en 'n webwerfbestuurder by ons span te voeg.

Vir ons Bybelstudiegroep om te groei en meer vroue in die gemeenskap te bereik.

Vir God se guns oor ons werk soos mense ons materiaal gebruik.

---

SAL JY GRAAG WIL HELP?

info@lovegodgreatly.com

# KEN HIERDIE WAARHEDE

## *GOD HET JOU LIEF*

God se Woord sê, “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê” (Joh. 3:16).

## *ONS SONDE SKEI ONS VAN GOD*

Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is. God se Woord sê, “Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie” (Rom. 3:23).

## *JESUS HET GESTERF SODAT JY LEWE KAN HÊ*

Die gevolg van sonde is die dood, maar God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar. Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, “Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus” (Rom. 6:23); “Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was” (Rom. 5:8).

## *JESUS LEEF!*

Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om ‘n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

Jesus sê, “In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is” (Joh. 14:2-3).

## *WEET DAT JY VERGEWE KAN WORD*

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy ‘n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, “As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered” (Rom. 10:9-10).

## *NEEM JESUS SE GRATIS GESKENK VAN VERLOSSING AAN*

Hoe lyk dit prakties? Met ‘n opregte hart kan jy ‘n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

Jesus,
Ek weet dat ek ‘n sondaar is. Ek wil nie nog ‘n dag leef sonder om u liefde en vergifnis met ope arms aan te neem nie. Ek vra vir u vergifnis. Ek glo dat U vir my sondes gesterf het en uit die dood opgestaan het. Ek gee alles wat ek is oor, en vra U om die Here van my lewe te wees. Help my om weg te draai van my sonde en U te volg. Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel soos ek onder u genade leef, en help my om te groei in u weë, soos ek daarna streef om U beter te ken.
Amen.

## *SKAKEL IN EN GROEI*

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal ons graag met jou wil kontak maak.

Jy kan vir ons ‘n e-pos stuur by info@lovegodgreatly.com. Ons wil dit graag saam met jou vier, saam met jou bid en jou help om met ‘n plaaslike kerk in aanraking te kom. Ons is hier om jou aan te moedig soos jy jou nuwe lewe as ‘n kind van God begin.

# *Kom Ons Begin*

## KIES GOD, NIE DIE WÊRELD NIE

*Leer uit die lewens van Jakob en Josef*

# Inleiding

Ons maak voortdurend keuses. Dikwels behels ons keuses om te kies tussen die dinge van die wêreld of die dinge van God. Ons kan dikwels in die versoeking kom om die maklike uitweg te kies, wat ons toelaat om gou met die leer op te beweeg, of wat ons glo die beste is. Die lewens van Jakob en Josef wys vir ons hoe God sy kinders dissiplineer wanneer hulle die dinge van die wêreld kies en hoe Hy hulle seën wanneer hulle eerder kies om Hom te volg.

Die boek Genesis is ‘n kombinasie van twee vertellings. Hoofstukke 1–11 beskryf hoe God die wêreld geskep het, asook die begin van die mensdom, sonde, genade, verlossing en belofte. Hoofstukke 12–50 beskryf die lewens van die aartsvaders van God se uitverkore nasie: Abraham, Isak, Jakob en Josef. God het hierdie familie gekies as die een deur wie Hy sy Messias na die wêreld sou stuur, die Een wat die wêreld van sonde en dood sou red.

Die meeste Bybelkenners is dit eens dat Genesis deur Moses geskryf is gedurende die tyd toe die Israeliete in die woestyn Sin rondgedwaal het, ongeveer 1440 v.C. Die lewens van die aartsvaders is deur Moses opgeteken vir die geslag Israeliete wat die land wat God beloof het om aan hulle te gee, sou binnegaan. Terwyl hulle voorbereidings getref het om die Beloofde Land, Kanaän, binne te gaan, het die woorde van Genesis hulle herinner aan wie hulle God is en waarom ‘n lewe aan Hom gewy die moeite werd was om na te streef.

Hierdie Bybelstudie fokus op die lewens van Jakob en Josef en dit begin by Genesis hoofstuk 25. Terwyl ons hierdie manne se lewens bestudeer, sal ons die getrouheid van God aan sy uitverkore volk deur belofte, seën, dissipline, lyding, vervolging, hongersnood, toetsing, versoening en herstel ontdek. Jakob en sy gesin het voortdurend voor die keuse gestaan tussen God se weë of dié van die wêreld. Terwyl hulle nie volmaak was nie, het God aangehou om in hulle lewens te werk om sy planne vir hulle te realiseer. God self was die held wat voortdurend sy mense gevorm het terwyl Hy hulle vir die toekoms voorberei het.

*GOD IS ALTYD GETROU AAN SY MENSE,*
*SY BELOFTES EN SY VERBOND.*

Ons kan leer om God heelhartig lief te hê deur sy beloftehoudende karakter te bestudeer. In hierdie studie sal ons sien wat dit beteken om in gehoorsaamheid te wandel, en ons sal die getrouheid van God sien om sy mense te dissiplineer en na Hom terug te bring wanneer hulle sondig. God is altyd getrou aan sy mense, sy beloftes en sy verbond. Mag ons ontvanklik wees om alles te leer wat Hy vir ons in die vooruitsig het, met verwagting dat Hy Homself op nuwe maniere aan ons sal openbaar terwyl ons daarna streef om Hom deur sy Woord te ken.

Benewens hierdie studie, kyk ook na “*In die Begin*” en *“Geloof bo Volmaaktheid”* vir ‘n volledige studie van die Boek Genesis!




## LEESPLAN

**WEEK 1**

*Maandag*
Lees: Genesis 25:19–26; Jesaja 43:1
SOAP: Jesaja 43:1

*Dinsdag*
Lees: Genesis 25:27–34; 1 Johannes 2:15–17
SOAP: 1 Johannes 2:15–17

*Woensdag*
Lees: Genesis 26:34–28:9; Romeine 9:6–18
SOAP: Genesis 28:3–4

*Donderdag*
Lees: Genesis 28:10–22
SOAP: Genesis 28:15

*Vrydag*
Lees: Genesis 29:1–30; Galasiërs 6:6–10; Hebreërs 12:6
SOAP: Galasiërs 6:7–9

**WEEK 2**

*Maandag*
Lees: Genesis 29:31–30:24; Kolossense 3:1–3
SOAP: Kolossense 3:1–3

*Dinsdag*
Lees: Genesis 30:25–43; Spreuke 3:1–12
SOAP: Spreuke 3:9–10

*Woensdag*
Lees: Genesis 31; 1 Johannes 3:18–24
SOAP: 1 Johannes 3:23–24

*Donderdag*
Lees: Genesis 32:1–21; Psalm 56:3–4, 10–11
SOAP: Psalm 56:3–4

*Vrydag*
Lees: Genesis 32:22–32
SOAP: Genesis 32:28

**WEEK 3**

- [ ] *Maandag*
  Lees: Genesis 33; 2 Korintiërs 5:16–21
  SOAP: 2 Korintiërs 5:18–19
- [ ] *Dinsdag*
  Lees: Genesis 34; Romeine 12:17–21
  SOAP: Romeine 12:19
- [ ] *Woensdag*
  Lees: Genesis 35; Deuteronomium 30:15–20
  SOAP: Deuteronomium 30:15–16
- [ ] *Donderdag*
  Lees: Genesis 36:1–37:1; Genesis 27:28–29, 39–40; Hebreërs 10:23; 11:20
  SOAP: Hebreërs 10:23
- [ ] *Vrydag*
  Lees: Genesis 37:2–11; Lukas 16:10
  SOAP: Lukas 16:10

**WEEK 4**

- [ ] *Maandag*
  Lees: Genesis 37:12–36; 2 Korintiërs 4:7–18
  SOAP: 2 Korintiërs 4:17–18
- [ ] *Dinsdag*
  Lees: Genesis 38; Rut 4:12; Matteus 1:2–16
  SOAP: Rut 4:12
- [ ] *Woensdag*
  Lees: Genesis 39; Jakobus 1:2–18
  SOAP: Jakobus 1:12–13, 17
- [ ] *Donderdag*
  Lees: Genesis 40; Psalm 13
  SOAP: Psalm 13:6
- [ ] *Vrydag*
  Lees: Genesis 41
  SOAP: Genesis 41:51–52

**WEEK 5**

- ○ *Maandag*
  Lees: Genesis 42; 2 Korintiërs 7:9–10
  SOAP: 2 Korintiërs 7:9–10
- ○ *Dinsdag*
  Lees: Genesis 43; 1 Petrus 3:8–9
  SOAP: 1 Petrus 3:8–9
- ○ *Woensdag*
  Lees: Genesis 44; Johannes 15:12–13; 1 Johannes 1:8–2:2
  SOAP: Johannes 15:12–13
- ○ *Donderdag*
  Lees: Genesis 45:1–15
  SOAP: Genesis 45:5
- ○ *Vrydag*
  Lees: Genesis 45:16–46:30
  SOAP: Genesis 46:2–4

**WEEK 6**

- ○ *Maandag*
  Lees: Genesis 46:31-47:27; Spreuke 8:12–17
  SOAP: Spreuke 8:15–17
- ○ *Dinsdag*
  Lees: Genesis 47:28–48:22; Jesaja 55:8–9; Filippense 1:6; Hebreërs 11:13, 21
  SOAP: Hebreërs 11:13, 21
- ○ *Woensdag*
  Lees: Genesis 49:1–28; Psalm 139:1–6, 16
  SOAP: Psalm 139:16
- ○ *Donderdag*
  Lees: Genesis 49:29–50:26; Eksodus 13:19; Johannes 14:1–3
  SOAP: Johannes 14:1–3
- ○ *Vrydag*
  Lees: Genesis 1:31; 3:4–6; 6:5–8; 18:22–25; 50:19–20
  SOAP: Genesis 50:19–20

## JOU DOELWITTE

*Skryf drie doelwitte neer waarop jy graag wil fokus elke dag wanneer jy God se Woord bestudeer. Maak seker dat jy gedurende die volgende paar weke terugverwys na hierdie doelwitte om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!*

*EEN*

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

*TWEE*

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

*DRIE*

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

*Ek is by jou en Ek sal jou beskerm waar jy ook al gaan. Ek sal jou na hierdie land toe terugbring. Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek sal doen wat Ek jou beloof het.*

*Genesis 28:15*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*God het 'n verbond met Abraham gesluit en hom 'n groot belofte gegee. Lees hierdie week Genesis 15 en let op die belofte wat God aan Abraham en sy nageslag gemaak het. Hoe sien jy in hierdie week se verse hoe God sy belofte aan Abraham se nageslag deur Jakob vervul?*

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

## LEES

*Week 1 • Maandag*

*Genesis 25:19-26*

Hier volg besonderhede oor Isak seun van Abraham: Abraham was Isak se pa, 20 en toe Isak veertig jaar oud was, het hy met Rebekka getrou. Sy was die dogter van Betuel, 'n Arameër uit Paddan-Aram, en 'n suster van Laban die Arameër. 21 Isak het tot die Here gebid oor sy vrou, want sy was kinderloos. Die Here het sy gebed verhoor, en sy vrou Rebekka het swanger geword. 22 Die kinders het in haar teen mekaar gestamp, en toe sê sy: "Waarom gebeur so iets met my?" Sy het toe die Here gaan raadpleeg, 23 en Hy het vir haar gesê: "Daar is twee nasies in jou, twee volke uit jou sal van mekaar geskei word. Een sal sterker wees as die ander, die oudste sal die jongste dien." 24 Toe Rebekka haar kinders in die wêreld bring, was dit tweelingseuntjies. 25 Die eerste is gebore: rooi, vol hare soos 'n veljas, en hy is Esau genoem. 26 Sy broer is na hom gebore en dié se hand het aan Esau se hakskeen vasgehou. Hy is Jakob genoem. Isak was sestig jaar oud toe hulle gebore is.

*Jesaja 43:1*

Luister, so sê die Here wat jou geskep het, Jakob, wat jou gevorm het, Israel: Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep. jy is Myne.

## SOAP

*Week 1 • Maandag*

SOAP / *Jesaja 43:1*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Maandag*

**SOAP:**

*Jesaja 43:1*

*Luister, so sê die Here wat jou geskep het, Jakob, wat jou gevorm het, Israel: Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.*

**OORDENKING**

Die boek Genesis verskaf aan ons 'n verslag van die skepping van die aarde en God se plan vir verlossing. Sonde het die wêreld binnegedring (Genesis 3), wat baie gevolge vir die mensdom meegebring het. God het belowe om die wêreld van sonde en die gevolge daarvan te verlos deur 'n Verlosser te stuur, een wat die vyand en die vloek van sonde eens en vir altyd sal vernietig.

God het 'n familie gebruik om sy Seun, Jesus, in die wêreld in te bring om verlossing vir die mensdom te bewerkstellig. Daardie familie het begin met 'n man met die naam Abram (wat later Abraham genoem is). God het belowe om Abram 'n groot nasie te maak, om aan sy nageslag 'n land van hulle eie te gee en om die hele wêreld deur sy familie te seën. Alhoewel Abram nie die vervulling van hierdie beloftes in sy leeftyd ervaar het nie, het God steeds aangehou om sy voornemens deur Abram se nageslag te bewerkstellig. In hierdie studie gaan ons fokus op die lewe van Jakob, Abraham se kleinseun, en sy gesin. Hoewel Jakob nie die eersgeborene was nie, het God hom gekies om die een te wees deur wie Hy sy beloftes sou nakom.

Jakob se verhaal begin reeds in die moederskoot, terwyl hy met sy broer, Esau, gestoei het. Met Jakob se geboorte het hy Esau se hakskeen vasgehou. Hy is Jakob genoem, 'n woord wat soortgelyk is aan 'n Hebreeuse woord wat beteken "om die hakskeen vas te gryp, om te struikel, om te bedrieg." Jakob het letterlik Esau se hakskeen by geboorte vasgegryp en hy was bekend vir die manier waarop hy vir die grootste deel van sy lewe figuurlik die hakskene van ander gegryp het deur bedrog. Soos ons die lewe van Jakob bestudeer, sal ons al die maniere sien hoe hy ander vir persoonlike gewin bedrieg het, beide uit selfsug en vrees.

God het geweet wat Jakob alles in sy lewe sou doen, en Hy het hom steeds gekies om die erfgenaam van sy groot belofte te wees. God het geweet dat Jakob 'n bedrieër sou wees. God het geweet dat hy sou wankel in sy geloof en dikwels die dinge van die wêreld bo die dinge van God sou kies. God het ook geweet dat Jakob intense geloof sou hê, dat hy Hom sou aanbid en volg, en dat hy die vader van God se uitverkore nasie sou wees.

God het 'n onvolmaakte man gekies, bekend vir bedrog, en het sy groot belofte vir die wêreld deur sy familie vervul. Soos die gebeure van Jakob se lewe in ons studie ontvou, word ons aan hierdie waarheid herinner: God hou altyd sy beloftes. Hy ken ons intiem, het ons heeltemal gevorm en het ons innig lief. God begeer ons gehoorsaamheid en ons geloof, maar niks kan sy voornemens stuit of Hom daarvan weerhou om sy beloftes te vervul nie.

## LEES

*Week 1 • Dinsdag*

*Genesis 25:27-34*

Die seuns het grootgeword. Esau was ’n ervare jagter, ’n man van die veld; Jakob
was ’n rustige mens, hy het tuis gebly. 28 Isak het vir Esau voorgetrek, want Isak
het van wildsvleis gehou. Rebekka weer het vir Jakob voorgetrek. 29 Op ’n dag
terwyl Jakob lensiesop aan die kook was, kom Esau doodmoeg uit die veld daar
aan 30 en sê vir Jakob: “Laat my gou van die rooi goed wegsluk, van daardie rooi
goed. Ek is doodmoeg!” Daarom is hy Edom genoem. 31 Toe sê Jakob vir hom:
“Verkoop eers jou reg as eersgeborene aan my.” 32 Esau het geantwoord: “Ek
gaan tog sterf. Wat baat dit my om die eersgeborene te wees?” 33 Jakob sê toe vir
hom: “Beloof my nou met ’n eed dat jy jou reg as eersgeborene aan my oormaak.”
Esau het dit gedoen en so sy reg as eersgeborene aan Jakob verkoop. 34 Daarna
het hy vir Esau brood en lensiesop gegee, en hy het geëet. Toe hy klaar was, het
hy uitgestap. Dit is hoe min Esau gedink het van sy reg as eersgeborene.

*1 Johannes 2:15-17*

Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die
wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie. 16 Die wêreldse dinge – alles
wat die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op
besit – kom nie van die Vader nie, maar uit die wêreld. 17 En die wêreld met
sy verleidelike dinge gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe.

## SOAP

*Week 1 • Dinsdag*

SOAP / *1 Johannes 2:15–17*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Dinsdag*

**SOAP:**

*1 Johannes 2:15–17*

*Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie. Die wêreldse dinge – alles wat die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besit – kom nie van die Vader nie, maar uit die wêreld. En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe.*

**OORDENKING**

In die woordewisseling tussen Jakob en Esau oor die eersgeboortereg vind ons geen blywende oplossing tussen die broers nie en geen goddelike goedkeuring vir een van hulle twee se optrede nie. Die insluiting van die verhaal lei egter tot verskeie belangrike storielyne: die kontras tussen Jakob en Esau, die konflik tussen die broers en die begin van die vervulling van God se belofte vir die ouere om die jongere te dien.

Esau word beskryf as 'n goddelose persoon wat die dinge van God verag het en 'n lewe van wêreldse vryheid gesoek het. Jakob het die seën van God so desperaat begeer dat hy tot enige uiterste sou gaan om dit te verkry. Esau was wild, Jakob was kalm. Esau was fisies sterk, Jakob was uitgeslape. Isak was lief vir Esau en Rebekka was lief vir Jakob. Terwyl Jakob probeer het om God se seëninge te verkry, het Esau probeer om sy vleeslike begeertes te vervul. Albei was bekwame jagters, Esau met wilde diere en Jakob in listigheid.

Nóg Jakob nóg Esau se optrede in hierdie verhaal was voorbeeldig. Esau het toegelaat dat sy vlees, sy begeerte om sy fisiese honger te bevredig, die belangrikste plek in sy lewe inneem, selfs belangriker as die heilige dinge van God. Hy het geleef om sy vlees te bevredig en het op impuls opgetree, wat veroorsaak het dat hy sy eersgeboortereg verag het. Alhoewel dit duidelik is dat Jakob sy broer gemanipuleer en beheer het om te kry wat hy wou hê, maak die teks nie morele oordele oor Jakob se optrede soos dit oor Esau s'n doen nie. God het hierdie gebeurtenis gebruik om sy plan uit te voer om Jakob tot oppergesag oor sy broer te verhef, soos Hy belowe het.

Soos die gebeure van Jakob se lewe in Genesis ontvou, sal ons die belangrikheid sien van die keuse tussen God se weg en die weg van die wêreld of van persoonlike gewin. Jakob het voortdurend voor keuses te staan gekom tussen God se beste en sy eie manier. As volgelinge van Christus is ons geroep om anders as die wêreld te lewe. Ons kan nie lewe soos Esau gedoen het, om ons vlees te bevredig nie. In plaas daarvan moet ons streef na die dinge van God. Maar selfs wanneer ons God se seën hoog ag soos Jakob gedoen het, word ons nie van sonde verskoon nie. Ons moet steeds in ooreenstemming met God se wet optree, eerlik en opreg wees, al is misleiding die makliker opsie. Die wêreld gaan verby, maar wanneer ons die wil van God doen, vind ons die ewige lewe.

**LEES**

*Week 1 • Woensdag*

*Genesis 26:34-28:9*

Toe Esau veertig was, het hy getrou met Jehudit dogter van Beëri, ’n Hetiet, en
met Basemat dogter van Elon, ’n Hetiet. 35 Hulle het baie kommer in Isak en
Rebekka se lewe gebring. 1 Toe Isak baie oud en al blind was, het hy sy oudste
seun, Esau, geroep en vir hom gesê: “My seun!” en Esau het geantwoord: “Hier
is ek!” 2 Isak het vir hom gesê: “Kyk, ek is al oud en ek weet nie wanneer ek gaan
sterf nie. 3 Vat nou jou skietgoed, jou pyl en boog, en gaan veld toe en skiet vir
my ’n stukkie wild. 4 Kom maak dit dan vir my lekker gaar soos ek daarvan hou
en bring dit vir my dat ek dit kan eet en jou kan seën voor ek sterf.” 5 Rebekka
het gehoor wat Isak met sy seun Esau praat en toe Esau veld toe is om te gaan
jag, 6 het sy met haar seun Jakob gepraat en vir hom gesê: “Luister, ek het gehoor
jou pa praat met jou broer Esau. Hy het vir hom gesê: 7 ‘Gaan haal vir my ’n
stukkie wild en maak dit vir my lekker gaar dat ek dit kan eet en ek jou dan in
die teenwoordigheid van die Here kan seën voor ek sterf.’ 8 Nou moet jy na my
luister, my seun, en doen wat ek jou sê. 9 Gaan na die kleinvee toe en bring vir
my twee vet bokkies. Dan sal ek hulle lekker gaarmaak soos jou pa daarvan hou.
10 Jy moet dit dan vir hom vat dat hy dit kan eet en jou kan seën voor hy sterf.”
11 Toe sê Jakob vir sy ma Rebekka: “Maar my broer Esau is harig en ek is glad.
12 Miskien sal Pa aan my voel en dan dink ek skeer die gek met hom, en so sal ek
’n vervloeking oor my bring en nie ’n seën nie.” 13 Sy ma het vir hom gesê: “As
daar ’n vervloeking is, sal dit oor my kom, my seun. Luister jy net na my en loop
vang die bokkies vir my.” 14 Hy het die bokkies gaan vang en vir sy ma gebring,
en sy het hulle lekker voorberei soos sy pa daarvan hou. 15 Toe vat Rebekka
haar oudste seun Esau se beste klere wat sy by haar in die huis gehad het en trek
dit vir haar jongste seun Jakob aan. 16 Sy het die bokvelletjies om sy hande en
om sy kaal nek vasgemaak 17 en die lekkerny en die kos wat sy voorberei het,
vir Jakob gegee. 18 Hy het toe na sy pa toe ingegaan en gesê: “Pa!” Toe sê hy:
“Ja, watter seun is jy?” 19 Jakob het sy pa geantwoord: “Ek is Esau, Pa se oudste
seun. Ek het gedoen wat Pa gesê het. Kom sit nou regop en eet van my wildsvleis
sodat Pa my dan kan seën.” 20 Maar Isak het vir hom gevra: “Hoe het jy dan die
wild so gou gekry, my seun?” en Jakob het geantwoord: “Die Here u God het
my dit laat raakloop.” 21 Toe sê Isak vir Jakob: “Kom nader dat ek aan jou kan
voel, my seun, of jy my seun Esau is of nie.” 22 Jakob het nader gegaan na sy pa
Isak toe, en toe hy aan hom voel, sê hy: “Die stem, dis Jakob se stem, maar die
hande, dis Esau se hande.” 23 Isak het nie vir Jakob herken nie, want sy hande
was harig soos sy broer Esau s’n. Isak het toe vir Jakob geseën. 24 Isak het vir
hom gesê: “Jy is tog my seun Esau!” en Jakob het gesê: “Ek is.” 25 Toe sê Isak:
“Gee die wild aan dat ek daarvan kan eet, my seun, en jou dan kan seën.”Hy het
dit vir hom aangegee en Isak het geëet, en Jakob het vir hom wyn gebring, en
hy het dit gedrink. 26 Isak het vir hom gesê: “Kom nader en soen my, my seun!”
27 Hy het nader gekom en hom gesoen, en toe hy die reuk kry van die klere wat

## LEES

*Week 1 • Maandag*

Jakob aanhet, het Isak hom geseën en gesê: “Kyk, die reuk van my seun is soos
die veld se reuk, die veld wat deur die Here geseën is. 28 God gee aan jou dou
uit die hemel, die rykdom van die aarde: koring en wyn in oorvloed. 29 Volke
sal jou dien, nasies sal voor jou buig; oor jou familie sal jy heers, jou broers sal
voor jou buig. Wie vervloeking oor jou uitspreek, sal self vervloek wees, wie jou
seën, sal geseën wees.” 30 Toe Isak vir Jakob klaar geseën het, en hy nog skaars
by sy pa Isak uit was, kom sy broer Esau terug van die jag af. 31 Ook hy het ’n
lekker ete voorberei en dit vir sy pa gevat. Esau het vir sy pa gesê: “Sit regop,
Pa, en eet van Pa se seun se wildsvleis sodat Pa my dan kan seën.” 32 Toe vra sy
pa Isak: “Wie is jy?” en hy antwoord: “Pa se seun Esau, Pa se oudste.” 33 Isak
was toe baie onsteld en hy vra: “Maar wie het dan die wild geskiet en vir my
gebring? Ek het daarvan geëet net voor jy gekom het. Ek het hóm geseën, en hy
sal geseën bly.” 34 Toe Esau hoor wat sy pa sê, het hy hard en bitter begin skree
en by sy pa gepleit: “Pa, seën my tog ook!” 35 Maar Isak sê vir hom: “Jou broer
het my kom bedrieg en toe het hy jou seën gevat.” 36 Esau het geantwoord: “Hy
word tereg Jakob genoem. Hy het my nou al twee keer bedrieg: hy het my reg as
eersgeborene gevat en nou het hy my seën gevat.” Toe vra Esau: “Het Pa nie nog
’n seën vir my ook nie?” 37 Isak het vir hom gesê: “Ek het hom alreeds aangestel
om oor jou te heers en ek het sy hele familie vir hom as onderdane gegee. Ek het
hom van koring en wyn voorsien. Daar is niks wat ek vir jou kan doen nie, my
seun.” 38 Esau het toe vir sy pa gesê: “Pa, het Pa dan net een seën? Seën my tog
ook, Pa!” Toe Esau daarna begin huil, 39 sê sy pa Isak vir hom: “Jou woonplek
sal ver van die aarde se rykdom af wees, en ook ver van die dou uit die hemel af.
40 Jy sal van oorlog leef en jy sal jou broer dien, maar as jy jou kans afwag, sal jy
sy juk van jou nek afgooi.” 41 Esau het vir Jakob gehaat oor die seën wat sy pa
aan hom gegee het, en Esau het by homself gesê: “My pa se dood is nie meer ver
nie, dan maak ek my broer Jakob dood.” 42 Daar is aan Rebekka vertel wat haar
oudste seun gesê het. Sy het toe haar jongste seun Jakob laat roep en vir hom
gesê: “Pas op! Jou broer Esau is op wraak uit. Hy wil jou vermoor. 43 Luister, my
seun! Vlug Haran toe, na my broer Laban toe, 44 en bly ’n ruk by hom tot jou
broer se woede oor is. 45 As sy bui oor jou gesak het en hy vergeet het wat jy hom
aangedoen het, sal ek stuur en jou daarvandaan laat haal. Waarom moet ek julle
altwee op een dag verloor? 46 Rebekka het vir Isak gesê: “Ek is nou siek en sat
van hierdie Hetitiese vrouens van Esau. As Jakob ook met Hetitiese meisies trou,
met meisies soos hulle uit hierdie land, kan ek net so wel sterf.”1 Toe roep Isak vir
Jakob en neem van hom afskeid en sê vir hom: “Jy mag nie met ’n Kanaänitiese
meisie trou nie. 2 Gaan na Paddan-Aram toe, na die huis van jou ma se pa Beteul
toe, en trou daar met ’n dogter van jou oom Laban. 3 God die Almagtige sal jou
seën: Hy sal jou vrugbaar maak en jou ’n groot nageslag gee. Jy sal ’n baie groot
volk word. 4 Hy sal jou die seën laat toekom wat Hy aan Abraham gegee het: jy
en jou nageslag sal die land waarin jy woon, as besitting ontvang, die land wat

## LEES

*Week 1 • Maandag*

God aan Abraham gegee het." 5 So het Isak toe vir Jakob weggestuur, en hy is na Paddan-Aram toe, tot by die Arameër Beteul se seun Laban, broer van Rebekka die ma van Jakob en Esau. 6 Esau het te wete gekom dat Isak afskeid geneem het van Jakob en dat Isak hom na Paddan-Aram toe gestuur het om daar te gaan trou, want toe Isak vir Jakob gegroet het, het hy vir hom gesê: "Jy mag nie met 'n Kanaänitiese meisie trou nie." 7 Toe Esau verneem dat Jakob na sy pa en ma geluister het en na Paddan-Aram toe is, 8 het Esau geweet dat sy pa Isak nie van die Kanaänitiese meisies gehou het nie. 9 Daarom het Esau na Ismael toe gegaan, en by die vrouens wat hy gehad het, nog 'n vrou gevat: Magalat dogter van Ismael, Abraham se seun. Sy was die suster van Nebajot.

*Romeine 9:6-18*

Dit wil nie sê dat die woord van God nie meer geld nie. Immers, nie almal wat van Ismael afstam, is werklik Israel nie; 7 en nie almal wat nakomelinge van Abraham is, is werklik kinders van Abraham nie. Inteendeel, die belofte was: "Uit Isak sal daar vir jou 'n nageslag kom." 8 Dit wil sê: Dit is nie die kinders wat in die gewone gang van die lewe gebore is, wat kinders van God is nie; dit is die kinders wat kragtens die belofte van God gebore is, wat as Abraham se nageslag gereken word. 9 Die woorde: "Op dié tyd sal Ek weer kom, en dan sal Sara 'n seun hê," was immers 'n belofte. 10 En dis nie al nie. Rebekka was net een keer swanger, deur ons voorvader Isak. 11-13 Toe haar kinders nog nie gebore was nie en ook nog niks goeds of kwaads gedoen het nie, toe is al vir haar gesê: "Die oudste sal die jongste dien." Daar staan ook geskrywe: "Vir Jakob het Ek liefgehad, maar vir Esau het Ek gehaat." Die besluit van God is gegrond op uitverkiesing; dit hang dus nie af van wat 'n mens doen nie, maar van Hom wat jou roep. 14 Wat moet ons hieruit aflei? Dat God onregverdig is? Beslis nie! 15 Vir Moses het Hy gesê: "Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees, en Ek sal My ontferm oor wie Ek My wil ontferm." 16 Dit hang dus nie af van 'n mens se wil of strewe nie, maar van God wat barmhartig is. 17 In die Skrif sê God immers vir die farao: "Juis hiervoor het Ek jou teen My in opstand laat kom: dat Ek in jou my krag kan toon en dat my Naam oor die hele aarde verkondig kan word." 18 Dit is dus inderdaad so dat God Hom ontferm oor wie Hy wil, en dat Hy verhard wie Hy wil.

**S O A P**

*Week 1 • Woensdag*

**SOAP** / *Genesis 28:3–4*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Woensdag*

**SOAP:**

*Genesis 28:3–4*

*God die Almagtige sal jou seën: Hy sal jou vrugbaar maak en jou 'n groot nageslag gee. Jy sal 'n baie groot volk word. Hy sal jou die seën laat toekom wat Hy aan Abraham gegee het: jy en jou nageslag sal die land waarin jy woon, as besitting ontvang, die land wat God aan Abraham gegee het.*

**OORDENKING**

Hoewel God se opdragte duidelik en sy seën oorvloedig is, skep ons dikwels deur bedrog en manipulasie situasies wat ons verhoudings vernietig. Jakob se familie se optrede bied aan ons 'n waarskuwing: ongeag wat ons dink ons verdien, dis altyd beter om eerder op God se voorsienigheid te vertrou as op ons eie planne.

God was duidelik in sy keuse om Jakob te seën. Romeine 9 verduidelik hoe God gekies het om vir Jakob te seën en nie vir Esau, Isak se eersgeborene nie. In plaas daarvan om in God se belofte te glo en vir Hom te wag om op te tree, het Jakob sy eie planne en metodes vertrou om die seën te ontvang. Hy het sy pa en sy broer bedrieg en so sy gesin se verhoudings verpletter.

God het inderdaad 'n plan, wat nie 'n morele mislukking ingesluit het nie, gehad om Jakob te seën. Maar ten spyte van Jakob se sonde, het God hom geseën. God het Jakob toegelaat om die seën op hierdie manier te verkry. Alhoewel God Jakob later sou dissiplineer, het Hy genade aan hom bewys deur aan hom die seën te gee. God werk in alle aspekte van ons lewens, selfs deur ons sonde en ongehoorsaamheid. Selfs in ons versuim om Hom te vertrou, kan Hy sy doelwitte bereik, (en bereik Hy dit), maar ons kan onnodige hartseer en pyn skep wanneer ons ons eie pad volg. Wanneer God 'n belofte maak, het Hy reeds 'n plan om dit te vervul.

Toe Isak vir Jakob na Paddan Aram gestuur het om 'n vrou te vind, het hy hom herinner aan die beloftes wat God aan Abraham gemaak het. God sou Jakob 'n groot nasie maak, hom die land gee en sy nageslag sou 'n seën vir al die mense op die aarde wees. God se beloftes is nie deur swak besluite gedwarsboom nie. Sy verbondsbelofte aan die familie van Abraham sou voortduur. Alhoewel daar altyd bedreigings vir die belofte was, het God altyd geseëvier. Hy was getrou aan Abraham en getrou aan Isak. Hy sou voortgaan om getrou te wees aan Jakob en sy nageslag in die toekoms, en die verbond wat Hy met Abraham gesluit het, vervul.

Al sondig ons, kan God ons gebruik. Hy kan ons konflikte in seëninge verander en vrede bring in verpletterde verhoudings. Hy kan verlos en ten goede werk deur enige daad van sonde, maak nie saak hoe erg dit is nie. Hy herstel. Hy gebruik gebroke mense. Die Bybel maak selfs melding van die mislukkings van die "helde van die geloof," sodat ons die barmhartige karakter van God kan sien. Hy verlos, herstel en herbou selfs die mees gebroke harte, verhoudings, gemeenskappe en nasies. Ons kan Hom vertrou.

## LEES

*Week 1 • Donderdag*

*Genesis 28:10-22*

Jakob is van Berseba af weg na Haran toe. 11 Teen sononder het hy by 'n plek gekom waar hy kon oornag. Hy het daar 'n klip vir 'n kopkussing gebruik en gaan lê en slaap. 12 Hy het gedroom: 'n leer staan op die aarde en die punt van die leer raak aan die hemel, en engele van God klim op en af met die leer. 13 Toe kom staan die Here by Jakob en sê: "Ek is die Here die God van jou voorvader Abraham, die God van Isak. Ek sal die grond waarop jy lê, vir jou en jou nageslag gee. 14 Hulle sal so baie wees soos die stof van die aarde, en jy sal jou gebied na alle kante toe uitbrei, en in jou en jou nageslag sal al die volke van die aarde geseën wees. 15 Ek is by jou en Ek sal jou beskerm waar jy ook al gaan. Ek sal jou na hierdie land toe terugbring. Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek sal doen wat Ek jou beloof het." 16 Jakob het wakker geskrik en gesê: "Die Here is op hierdie plek, en ek het dit nie besef nie." 17 Jakob het bang geword en gesê: "Hoe skrikwekkend is hierdie plek! Dit is niks anders nie as die huis van God; dit is die poort van die hemel." 18 Die volgende môre het Jakob opgestaan en hy het die klip wat sy kopkussing was, gevat en dit regop gesit. Toe giet hy olie op die bopunt daarvan uit. 19 Hy het die plek Bet-El genoem. Die stad was voorheen bekend as Lus. 20 Jakob het toe 'n gelofte afgelê en gesê: "As U, o God, by my is en my beskerm op my reis en vir my kos en klere gee, 21 sodat ek behoue terugkom by my ouerhuis, sal U, Here, My God wees. 22 Hierdie klippilaar wat ek regop gesit het, sal 'n tempel wees, en van alles wat U my gee, sal ek vir U 'n tiende gee."

# SOAP

*Week 1 • Donderdag*

SOAP / *Genesis 28:15*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Donderdag*

**SOAP:**

*Genesis 28:15*

*Ek is by jou en Ek sal jou beskerm waar jy ook al gaan. Ek sal jou na hierdie land toe terugbring. Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek sal doen wat Ek jou beloof het.*

**OORDENKING**

Jakob het sy vader en broer bedrieg. Al het sy pa hom ook geseën, was Esau steeds kwaad vir Jakob. Jakob het skielik ‘n vlugteling geword weens sy sonde. Terwyl hy op sy reis vertrek het, beide om ‘n vrou te vind en sy broer se woede te ontduik, het sy pa se afskeidswoorde God se seën en belofte bevestig.

Soos hy gereis het, het Jakob ‘n sekere plek bereik en vir die nag kamp opgeslaan. Al het die plek aanvanklik van geen belang gelyk nie, het dit ‘n heilige plek vir Jakob en sy nageslag geword. Dit was op hierdie plek waar Jakob se geloofsreis begin het.

God het in ‘n droom aan hom verskyn en Homself en sy beloftes geopenbaar. God het vir Jakob dieselfde spesifieke belofte gegee wat Hy aan sy vader en oupa gegee het: hy sou ‘n groot nageslag hê, hy sou die land ontvang, en al die families van die aarde sou in hom geseën word. God het belowe om by Jakob te wees, hom te beskerm en hom nooit te verlaat nie.

Toe Jakob wakker word, was hy intens bewus van die goddelike ontmoeting. Hy het God se teenwoordigheid en die heiligheid van die plek erken. Jakob het die plek Bet-el genoem. Die plek waar hy gerus het, was ‘n dorp met die naam van Lus, maar Jakob het dit herdoop. Soos baie plekke wat by God se belofte betrokke is, is hierdie plek herdoop omdat dit ‘n belangrike keerpunt in die vervulling van die belofte was. Dit was hier waar die Here Jakob se God geword het en Jakob belowe het om Hom te aanbid.

Jakob se geloofsreis het baie groot keerpunte gehad. Hier het God se teenwoordigheid ‘n vlugteling in ‘n aanbidder verander. ‘n Man van bedrog het ‘n man van geloof geword (hoewel hy vir baie jare met hierdie sonde sou worstel). Dit was nie die laaste keer dat Jakob ‘n middernagtelike ontmoeting met God sou hê wat sy lewe sou verander nie. Jakob het belowe om hierdie oomblik en hierdie plek te onthou deur die plek met ‘n klip te merk.

God se teenwoordigheid het die plek gevul waar Jakob was. Jakob het niks gedoen om God se guns te verdien nie. God het Jakob gekies en aangehou om hom na te jaag, en Jakob het in aanbidding gereageer. Wanneer ons God se teenwoordigheid deur sy Woord teëkom, behoort dit ons tot aanbidding te lei. Ons hoef nie te wag vir ‘n middernagtelike ontmoeting om God se teenwoordigheid te ervaar nie. As ons volgelinge van Christus is, kan ons God se teenwoordigheid en die versekering van sy beloftes elke dag deur sy Woord en sy Heilige Gees ervaar. Hy is met ons soos Hy met Jakob was. Hy het vir ons ongelooflike beloftes in sy Woord gegee. Mag ons reageer soos Jakob, met aanbidding en toewyding.

## LEES

*Week 1 • Vrydag*

*Genesis 29:1-30*

Jakob het sy reis voortgesit na die land van die mense in die ooste toe.
2 Hy het onverwags uitgekom by 'n put in die veld waar drie troppe
kleinvee lê. Die wagters het die kleinvee by hierdie put laat suip. Daar
was 'n groot klip op die bek van die put, 3 en wanneer al die veetroppe
daar bymekaar is, rol die wagters die klip weg en dan gee hulle vir die vee
water. Daarna sit hulle weer die klip terug op sy plek op die bek van die
put. 4 Jakob het hulle gevra: "Van waar is julle, my vriende?" Hulle het
geantwoord: "Ons is van Haran." 5 Toe vra hy vir hulle: "Ken julle vir
Laban uit die geslag van Nahor?" en hulle antwoord: "Ons ken hom." 6
Hy vra hulle toe: Hoe gaan dit met hom?" en hulle antwoord: "Goed, hier
kom sy dogter Ragel nou net aan met die kleinvee." 7 Toe sê Jakob: "Die
son sit nog hoog en dis nog nie tyd om die kleinvee in die kraal te jaag
nie. Laat hulle suip en vat hulle om te wei." 8 Maar die wagters antwoord:
"Ons kan hulle nie laat suip voor al die troppe hier bymekaar is nie. Dan
word die klip van die bek van die put afgerol en laat ons die vee suip."
9 Terwyl hy nog met hulle staan en praat, kom Ragel daar aan met haar
pa se kleinvee. Sy het hulle opgepas. 10 Toe Jakob vir Ragel, die dogter
van sy ma se broer Laban, sien met haar pa se kleinvee, het Jakob nader
gekom en die klip van die put af weggerol en Laban se kleinvee laat suip.
11 Daarna het Jakob vir Ragel gesoen en toe het hy begin huil. 12 Nadat
hy vir haar gesê het hy is familie, Rebekka se seun, het sy gehardloop en
dit vir haar pa gaan vertel. 13 Toe hy hoor dat Jakob sy susterskind is, het
hy na hom toe gehardloop, hom omhels en gesoen. Laban het hom na sy
huis toe gevat, en toe vertel Jakob hom alles. 14 Laban het geantwoord:
"Dit is reg. Hy is bloedfamilie!" Nadat Jakob 'n maand lank by hom gebly
het, 15 het Laban vir Jakob gesê: "Jy is familie, maar dit beteken nie dat
jy vir my verniet moet werk nie. Sê vir my wat moet ek jou betaal." 16
Laban het twee dogters gehad. Die oudste was Lea en die jongste Ragel. 17
Lea het sagte oë gehad, maar Ragel was mooi gebou. Sy was beeldskoon.
18 Jakob het haar liefgehad en hy het vir Laban gesê: "Ek sal sewe jaar
vir u werk vir u jongste dogter Ragel." 19 Toe sê Laban: "Goed! Ek sal
haar liewer met jou laat trou as met enige ander man. Bly hier by my." 20
Jakob het toe sewe jaar gewerk vir Ragel, en dit was vir hom soos 'n paar
dae, want hy het haar liefgehad. 21 Daarna het hy vir Laban gesê: "Gee
my nou my vrou. Die tyd is verby. Ek wil nou met haar trou." 22 Laban
het al die mense van die omgewing bruilof toe genooi, 23 maar die aand
van die troue het hy sy dogter Lea gevat en haar na Jakob toe gebring, en
hy het met haar gemeenskap gehad. 24 Laban het sy slavin Silpa vir sy

## LEES

*Week 1 • Vrydag*

dogter Lea as persoonlike slavin saamgegee. 25 Die môre sien Jakob toe
dis al die tyd Lea. Toe vra hy vir Laban: "Wat het u my aangedoen? Het
ek nie by u gewerk vir Ragel nie? Waarom het u my bedrieg?" 26 Laban
het geantwoord: "By ons is dit nie die gebruik dat 'n mens jou jongste
dogter voor die oudste laat trou nie. 27 Wag net hierdie week, dan gee ek
die jongste ook vir jou as jy nog sewe jaar by my sal werk." 28 Jakob het
ingestem en daardie week gewag. Toe gee Laban sy dogter Ragel vir hom
as vrou. 29 Laban het sy slavin Bilha vir sy dogter Ragel as persoonlike
slavin saamgegee. 30 Jakob het ook met Ragel gemeenskap gehad. Hy het
vir Ragel baie liewer gehad as vir Lea en nog sewe jaar by Laban gewerk.

*Galasiërs 6:6-10*

Iemand wat onderrig ontvang in die woord van God, moet sy leermeester
laat deel in al die goeie dinge wat hy het. 7 Moenie jouself mislei nie: God
laat nie met Hom spot nie. Wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes. 8 Wie op
die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en
verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die
ewige lewe oes. 9 Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want
as ons nie verslap, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel. 10
Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral
aan ons medegelowiges.

*Hebreërs 12:6*

"want die Here tug hom wat Hy liefhet, Hy straf elkeen wat Hy as kind aanneem."

## SOAP

*Week 1 • Vrydag*

SOAP / *Galasiërs 6:7–9*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Vrydag*

### SOAP:

*Galasiërs 6:7–9*

*Moenie julleself mislei nie: God laat nie met Hom spot nie. Wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes. Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes. Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel.*

### OORDENKING

Na Jakob se droom by Bet-el, het hy sy reis voortgesit. Hy het by 'n put uitgekom wat toegemaak was om die verdeling van water aan die troppe in die omgewing te reguleer. Toe hy met die skaapwagters praat, kom hy agter dat hulle sy oom Laban ken en dat sy dogter haar skape na daardie einste put toe bring. Jakob het besef dat dit Goddelike voorsienigheid was toe Ragel, die dogter van sy ma se broer, by dieselfde put opdaag.

God was kragtig in Jakob se lewe aan die werk. Toe Ragel met haar skape daar opdaag, het Jakob die klip wat die put bedek, verwyder sodat haar skape kon drink. God se seën in Jakob se lewe het hom gelei om groot dade van diens vir ander te doen. Hy het volkome op God se leiding vertrou en dit het hom aangespoor om diegene rondom hom te seën.

Terwyl Jakob by Laban gebly het, het hy op Ragel verlief geraak. Jakob het belowe om sewe jaar vir Laban te werk as hy met haar kon trou. Toe die tyd egter aanbreek dat Ragel aan Jakob gegee moes word, is die bedrieër bedrieg. In plaas van Ragel het Laban sy oudste dogter Lea, vir Jakob gegee. Hoewel hy kort daarna wel met Ragel getroud is, was hy verplig om nog sewe jaar vir sy tweede bruid te werk.

Jakob het geoes wat hy gesaai het. Jakob het sy pa en broer bedrieg en nou was dit hy wat bedrieg is. Jakob was nie die eersgeborene nie, tog het hy die seën van die eersgeborene gesteel. Laban het vir Jakob bedrieg toe hy sy eersgebore dogter vir hom gegee het. Die ooreenkomste is nie toevallig nie; God het Laban se oneerlikheid teenoor Jakob gebruik om Jakob te straf vir sy sonde van bedrieëry.

God was steeds kragtig aan die werk in Jakob se lewe. Hierdie straf was net so 'n seën soos die ontmoeting by die put. In plaas daarvan om Jakob aan sy sonde oor te laat, het God ingegryp en hom gedissiplineer om sonde uit sy lewe weg te neem. Die straf wat Jakob gekry het, het nie God se belofte ongedaan gemaak nie; dit het dit versterk. Jakob moes, ten einde die seëninge van die belofte te ontvang, ook as kind van God gedissiplineer word.

God se seën in ons lewens is tweeledig: goddelike ontmoetings en goddelike dissipline of straf. Wanneer God ons sonde aan ons uitwys en ons toelaat om ons te bekeer, is dit inderdaad 'n seëning. Al voel dit nie altyd so lekker of gemaklik nie, is God se dissipline 'n geskenk. Mag ons voortgaan om in die Gees te saai en die dissipline van ons liefdevolle Vader aanvaar terwyl ons 'n oes vir sy Koninkryk insamel.

## OORDENKING

*Week 1*

1. *Waarom is ons geloof vir God belangrik? Waarom is gehoorsaamheid aan God se gebooie belangrik? Hoe is hierdie twee verwant aan mekaar?*

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

2. *Wat beteken dit om die dinge van God te kies? Kan jy die dinge van God én die dinge van die wêreld kies? Hoekom of hoekom nie?*

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

3. *Glo jy dat God vir jou sal voorsien sonder jou hulp? Op watter maniere maak jy staat op jou eie krag of slimheid in plaas daarvan om op God te vertrou?*

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

4. *Hoe reageer jy wanneer God in jou lewe ingryp? Word jy gelei tot aanbidding soos Jakob, of is jy geneig om sy werk as blote toeval te verduidelik?*

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

5. *Het jy al tye beleef toe God jou duidelik gedissiplineer het? Beskou jy God se dissipline as 'n seën?*

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................

Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie, want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.

Kolossense 3:1-3

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Skryf hierdie week die belangrikste gebeurtenisse van Jakob se lewe neer. Gebeur hierdie dinge as gevolg van Jakob se planne of God se verlossing? Hoe beïnvloed Jakob se manipulasie of ongeduld elke uitkoms? Neem tyd om na te dink oor die maniere waarop jy probeer om God te "help" om sy doel te bereik.*

# LEES

*Week 2 • Maandag*

*Genesis 29:31-30:24*

Toe die Here sien dat Jakob nie vir Lea liefhet nie, het die Here vir haar
kinders gegee, terwyl Ragel kinderloos gebly het. 32 Lea het swanger geword
en ’n seun in die wêreld gebring en hom Ruben genoem, “want,” het sy gesê,
“die Here het my smart raakgesien. Nou sal my man my liefhê.” 33 Lea het
weer swanger geword en ’n seun in die wêreld gebring en sy het gesê: “Die
Here het gehoor dat ek nie liefde ontvang nie. Daarom het Hy my hierdie
seun gegee.” Sy het hom Simeon genoem. 34 Sy het weer swanger geword en
’n seun in die wêreld gebring. Toe sê sy: “Na hierdie keer sal my man aan my
gebind wees, want ek het nou al drie seuns vir hom in die wêreld gebring.”
Daarom het sy die seun Levi genoem. 35 Sy het nog ’n keer swanger geword
en ’n seun in die wêreld gebring. Sy het gesê: “Hierdie keer prys ek die Here.”
Daarom het sy die seun Juda genoem. Daarna het sy vir eers nie weer kinders
gehad nie. 1 Toe Ragel merk dat sy nie vir Jakob kinders in die wêreld bring
nie, het sy jaloers geword op haar suster. Ragel het vir Jakob gesê: “Gee vir
my seuns, anders sterf ek.” 2 Jakob het hom vererg vir Ragel en vir haar gevra:
“Kan ek God se werk oorneem? Dit is Hy wat sorg dat jy nie swanger word
nie.” 3 Ragel het vir hom gesê: “Hier is my slavin Bilha. Hou gemeenskap
met haar sodat sy haar kind op my knieë in die wêreld kan bring en ek deur
haar ’n kind kan hê.” 4 Ragel het vir Bilha aan Jakob gegee as vrou en hy het
met haar gemeenskap gehad. 5 Sy het swanger geword en vir Jakob ’n seun in
die wêreld gebring. 6 Toe sê Ragel: “God het in my guns uitspraak gelewer,
Hy het my gebed verhoor en vir my ’n seun gegee.” Daarom het sy hom Dan
genoem. 7 Bilha die slavin van Ragel het weer swanger geword en ’n tweede
seun vir Jakob in die wêreld gebring. 8 Ragel het toe gesê: “Ek was in ’n bitter
swaar stryd gewikkel met my suster, maar ek het gewen.” Toe noem sy die
seun Naftali. 9 Toe Lea besef sy bring nie meer kinders in die wêreld nie, het
sy haar slavin Silpa gevat en vir Jakob gegee as vrou. 10 Sy het vir hom ’n seun
in die wêreld gebring, 11 en Lea het gesê: “Nou is ek gelukkig!” Sy het die
seun Gad genoem. 12 Daarna het Lea se slavin Silpa ’n tweede seun vir Jakob
in die wêreld gebring, 13 en Lea het gesê: “Hoe gelukkig is ek. Die vrouens
sal my Die Gelukkige noem!” Toe noem sy die seun Aser. 14 Op ’n keer het
Ruben in die oestyd veld toe gegaan en liefdesappels gepluk. Hy het dit vir
sy ma Lea gebring. Ragel het vir haar gesê: “Gee vir my van die liefdesappels
wat jou seun gebring het.” 15 Toe vra Lea vir haar: “Is jy nie daarmee tevrede
dat jy my man gevat het nie? Wil jy nou nog ook die liefdesappels vat wat
my seun gebring het?” Daarop het Ragel geantwoord: “In ruil daarvoor mag
Jakob vannag by jou slaap.” 16 Toe Jakob die aand van die veld af kom, gaan
Lea hom tegemoet en sê vir hom: “Jy moet na my toe kom, want om jou te
kry, het ek die volle prys betaal met die liefdesappels wat my seun gebring

## LEES

*Week 2 • Maandag*

het." Daardie nag het Jakob toe by haar geslaap. 17 God het Lea se gebed
verhoor, en sy het swanger geword en 'n vyfde seun vir Jakob in die wêreld
gebring. 18 Sy het gesê: "God het my 'n loon gegee omdat ek my slavin aan
my man gegee het." Toe noem sy die seun Issaskar. 19 Lea het weer swanger
geword en 'n sesde seun vir Jakob in die wêreld gebring. 20 Toe sê sy: "God
het hierdie keer 'n mooi geskenk aan my gegee. Nou sal my man by my bly,
want ek het ses seuns vir hom in die wêreld gebring." Toe noem sy die seun
Sebulon. 21 Daarna het sy 'n dogter in die wêreld gebring en haar Dina
genoem. 22 God het op Ragel ag geslaan en haar gebed verhoor. Hy het haar
nie langer kinderloos gelaat nie. 23 Sy het swanger geword en 'n seun in die
wêreld gebring en toe sê sy: "God het my skande weggeneem." 24 Toe noem
sy die seun Josef, "want," het sy gesê, "die Here sal my nog 'n seun gee."

*Kolossense 3:1-3*

Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strewe
na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God
sit. 2 Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op
die aarde is nie, 3 want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus
verborge in God.

**SOAP**

*Week 2 • Maandag*

SOAP / *Kolossense 3:1–3*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Maandag*

**SOAP:**

*Kolossense 3:1–3*

*Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie, want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.*

**OORDENKING**

'n Deurlopende tema dwarsdeur die laaste helfte van Genesis is die verskil tussen 'n lewe wat die dinge van God nastreef teenoor een wat die dinge van die wêreld verkies. Jakob en sy familie het voortdurend voor keuses te staan gekom wat hulle verplig het om te besluit of hulle die dinge van God kies of nie. In vandag se Skriflesing sien ons hoe 'n lewe wat die dinge van God kies, die oorgawe van ons grootste hartsbegeertes kan insluit.

Lea en Ragel was voortdurend in 'n wedywering gewikkel. Ragel was die een vir wie Jakob lief was; Lea kon baie kinders hê. Hulle het selfs hulle slavinne ingespan om nog meer kinders voort te bring, as 'n manier om mekaar die loef af te steek. Die wedywering tussen die susters was 'n simptoom van hulle swak geloof. Dit het getoon dat hul grootste begeertes dinge van die wêreld was: die liefde van 'n man en om kinders te baar.

Die begeerte na kinders of 'n man se toegeneentheid is op sigself nie sondig nie. Toe hierdie begeertes egter veroorsaak het dat Lea en Ragel met mekaar kompeteer, ander as objekte gebruik en onmin in hulle familie veroorsaak, het dit hulle van die dinge van God weggelei.

Hoewel hierdie wedywering die susters se swak geloof openbaar, dui die manier waarop hulle hul kinders se name gekies het nogtans op hulle vertroue in God se karakter. Die kinders van Israel vertoon die karakter van God deur die name wat aan hulle toegeken is: Hy onthou en gee aandag aan die behoeftiges, Hy seën die verdruktes, Hy neem die smaad van sy volk weg, selfs al verbrou hulle onderweg.

Die bedoeling met die vertelling van Jakob se familie is om te wys hoe God die beloftefamilie geseën het. Jakob se baie kinders dui die begin aan van God se belofte om Abraham se nageslag so talryk soos die sterre in die lug te maak. Dwarsdeur die vertelling word ons aandag egter afgelei deur die kompetisie tussen die susters. Die wedywering het die susters se aandag so afgetrek dat hulle nie die seëning van die baie kinders wat God aan Jakob gegee het, kon waardeer nie.

Selfs al het jaloesie en wedywering dikwels Lea en Ragel se aandag afgelei, het God steeds sy seëninge oor hulle uitgestort. Ons doen niks om enige van die gawes wat Hy ons gee te verdien nie, maar Hy seën inderdaad ons gehoorsaamheid. Die dinge wat ons begeer, moet ons nie daarvan weerhou om God te loof en te gehoorsaam nie; dit behoort ons nader aan Hom te trek, óf deur vurige en desperate hulpkrete óf deur blye en dankbare aanbidding.

## LEES

*Week 2 • Dinsdag*

*Genesis 30:25-43*

Nadat Ragel vir Josef in die wêreld gebring het, het Jakob vir Laban gesê: "Laat my trek. Ek wil na my geboorteland toe gaan. 26 Gee my nou my vrouens en kinders vir wie ek by u gewerk het, want ek wil weggaan. U weet hoe goed ek vir u gewerk het." 27 Maar Laban het vir hom gesê: "Dink tog aan wat jy vir my beteken. Ek het die tekens gelees en agtergekom dat die Here my seën om jou ontwil." 28 Verder het Laban vir Jakob gesê: "Stel self jou loon vas, en ek betaal jou dit om vir my te werk." 29 Daarop sê Jakob vir hom: "U weet hoe ek vir u gewerk het, en hoe dit met u kudde gegaan het terwyl ek by hulle was. 30 Die bietjie wat u gehad het voor ek gekom het, het baie geword, want die Here het u geseën vandat ek by u gekom het. Wanneer sal ek vir my huis kan begin werk?" 31 Toe vra Laban: "Wat moet ek jou betaal?" en Jakob antwoord: "U hoef my niks te betaal nie. Ek sal weer u kleinvee oppas as u my dit wil laat doen. 32 Ek sal vandag al u kleinvee deurgaan om al die gestreepte en bont skaaplammers en al die swart skape en die bont en gestreepte bokke af te keer. Dit sal my betaling wees. 33 Wanneer u dan eendag kom kyk na wat ek by u verdien het, sal dit duidelik wees of ek eerlik was of nie: alles onder my bokke wat nie gestreep of bont is nie, en al die skape wat nie swart is nie, sal vee wees wat ek gesteel het." 34 Laban het geantwoord: "Goed! Laat dit wees soos jy gesê het." 35 Maar dieselfde dag nog het Laban al die gevlekte en bont bokramme en al die gestreepte en bont bokooie afgekeer en ook alles waaraan iets wits was en al die swart skape, en dit alles onder die sorg geplaas van sy seuns. 36 Hy het hierdie trop van hom op 'n afstand van drie dae se trek van Jakob af laat oppas. Jakob self het Laban se ander vee opgepas. 37 Jakob het toe jong lote van populiere, amandels en plataanbome gevat en stroke daarvan afgeskil, sodat daar wit strepe op die lote was. 38 Hy het die lote wat hy so afgeskil het, in die waterkrippe gesit, reg voor die kleinvee waar hulle kom suip het. Wanneer die ooie dan op hitte kom en kom suip, 39 is hulle by die lote gedek en het hulle gevlekte en gestreepte en bont lammers gekry. 40 Jakob het die skape uitgekeer en hulle laat kyk in die rigting van die gevlekte en swart vee van Laban. So het Jakob vir hom sy eie kuddes opgebou en hy het hulle nie by Laban se kleinvee laat kom nie. 41 Wanneer die sterk diere gedek moes word, het Jakob die lote voor hulle in die krippe gesit sodat hulle by die lote gedek kon word. 42 Maar hy het nie die lote by die swak diere gesit nie. So het dit gekom dat Laban die swakkes gekry het en Jakob die sterkes. 43 Die man het al hoe ryker geword. Hy het baie kleinvee, slavinne, slawe, kamele en donkies gehad.

## LEES

*Week 2 • Dinsdag*

*Spreuke 3:1-12*

My seun, wat ek jou leer moet jy nie vergeet nie, hou vas aan wat ek jou voorskryf, 2 want dit sal vir jou 'n lang lewe verseker, dit sal maak dat jy 'n vol lewe het. 3 Moenie dat liede en trou by jou ontbreek nie; leef daarmee saam, maak dit 'n deel van jou lewe. 4 So sal jy guns verwerf en byval vind by God en mens. 5 Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. 6 Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop. 7 Moenie dink jy het die wysheid in pag nie, dien die Here en vermy wat sleg is: 8 dit is die geneesmiddel vir jou, die verkwikking vir jou liggaam. 9 Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit en met die beste uit jou oes, 10 dan sal jou skure oorvol wees en jou parskuipe oorloop van die wyn. 11 My seun, aanvaar die straf wat van die Here kom en moet jou nie teen sy teregwysing verset nie, 12 want die Here straf die mens wat Hy liefhet net soos 'n vader doen met sy seun.

## SOAP

*Week 2 • Dinsdag*

SOAP / *Spreuke 3:9–10*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Spreuke 3:9–10*

*Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit en met die beste uit jou oes, dan sal jou skure oorvol wees en jou parskuipe oorloop van die wyn.*

**OORDENKING**

Genesis 29 en 30 is 'n verhaal van Jakob se welvaart; eerstens is sy familie vergroot deur baie kinders, daarna het sy besittings vermeerder, veral sy troppe skape en bokke. God het belowe om Jakob te seën en hom groot te maak (Genesis 28:13–15) en dit alles was die bewys dat God sy belofte nakom.

Op hul tipiese manier het Jakob en Laban nog 'n kans gekry om mekaar te verkul. Laban en Jakob het albei besef dat Laban baie suksesvol was terwyl Jakob vir hom gewerk het. Dit het nou tyd geraak dat Jakob sy vergoeding ontvang. Die eerste verkullery was toe Laban die gestreepte en bont skape en bokke uit sy troppe verwyder het sodat Jakob onmoontlik sy vergoeding kon ontvang.

Daarna het Jakob sy eie metodes toegepas om te verseker dat daar baie gestreepte en bont skape en bokke in die troppe is, veral sterkes en gesondes. Ons weet nie met sekerheid of dit in reaksie op Laban se optrede was en of hy dit uit die staanspoor so beplan het nie. As lesers wonder ons of Jakob en Laban se voortgesette wedersydse bedrieëry ooit sou end kry! Wat egter duidelik is, is dat Jakob voorspoedig was ten spyte van Laban se verkullery

Jakob het besef dat die aanwas van sy kuddes as gevolg van God se seën was (Genesis 31:9). Selfs al was hy mislei en het hy hom self aan bedrieëry skuldig gemaak, het God Jakob geseën en sy besittings vermeerder. Dit was nie Jakob se geslepenheid wat hom voorspoedig gemaak het nie, maar God se genadige seëning. Ons hoef ons nooit tot sondige metodes te wend om God se goeie gawes te ontvang nie. Alhoewel Jakob nie volmaak was nie, het God in sy belang gewerk. God het geregtigheid laat geskied vir Laban se verkullery deur Jakob te laat floreer. God het sowel Laban as Jakob se planne tersyde gestel om sy plan om Jakob en sy nageslag te seën, te laat uitwerk.

Hoewel Jakob aanvanklik op sy eie planne staatgemaak het, het hy later besef dat sy voorspoed aan God se seëning te danke is. Wanneer ons voorspoed beleef in ons lewens, in watter vorm ook al, erken ons dit as God se seëning, of as ons eie sukses? Om op onsself staat te maak is nadelig vir ons geloof. As ons op onsself staatmaak vir verlossing, seën en voorspoed, ontneem ons God van die eer Hom alleen toekom. Om God se manier te kies, beteken om Hom so te vertrou dat ons Hom gehoorsaam, selfs al lyk ons planne na 'n meer betroubare opsie. Ware seën kan net van God af kom, en ons word geroep om Hom daarvoor te vertrou, maak nie saak wat nie.

**LEES**

*Week 2 • Woensdag*

*Genesis 31*

Jakob het die seuns van Laban hoor sê: "Jakob het alles gevat wat aan Pa behoort. Hy het hierdie hele rykdom verkry uit wat aan Pa behoort." 2 Jakob het ook aan Laban gemerk dat hy nie meer soos voorheen oor hom voel nie. 3 Toe sê die Here vir Jakob: "Gaan terug na jou vaderland, na jou familie toe. Ek sal by jou wees." 4 Toe laat Jakob vir Ragel en Lea veld toe roep, na sy kleinvee toe. 5 Hy het vir hulle gesê: "Ek merk aan julle pa dat hy nie meer soos voorheen oor my voel nie. Maar die God van my vader was by my. 6 Julle weet dat ek baie hard gewerk het vir julle pa. 7 Tog het hy my bedrieg en my loon kort-kort verander. Maar God het hom nie toegelaat om my te benadeel nie. 8 Wanneer julle pa sê: 'Die gestreepte kleinvee is jou loon,' kry die hele trop gestreepte lammers, en wanneer hy sê: 'Die gevlektes is jou loon,' kry die hele trop gevlekte lammers. 9 So het God die besitting van julle pa gevat en vir my gegee. 10 "In die paartyd van die kleinvee het ek in 'n droom gesien dat die ramme waardeur die ooie gedek word, gevlek, gestreep en gespikkel is. 11 "Die Engel van God jet my in die droom geroep: 'Jakob!' en ek het geantwoord: 'Hier is ek!' 12 "Toe sê Hy vir my: Kyk mooi: al die bokramme waardeur die ooie gedek word, is gevlek, gestreep en gespikkel. Ek het alles gesien wat Laban jou aangedoen het. 13 Ek is die God van Bet-El waar jy olie op 'n klippilaar uitgegiet en 'n gelofte teenoor My afgelê het. Maak klaar en trek weg uit hierdie land. Gaan terug na jou geboorteland toe." 14 Daarop het Ragel en Lea vir Jakob gesê: "Ons het nie meer enige aandeel aan ons vaderhuis nie. 15 Ons word deur Pa as vreemdelinge beskou. Hy het ons verkoop en die geld opgebruik. 16 Al die besittings wat God van hom afgevat het, is ons en ons kinders s'n. Doen dus gerus maar alles wat God vir jou gesê het." 17 Jakob het toe klaargemaak en sy vrouens en kinders op kamele laat klim, 18 en hy het al sy vee saamgevat en ook al sy besittings wat hy in Paddan-Aram bymekaargemaak het, en na sy pa, na Isak toe vertrek in Kanaän. 19 Laban was weg om sy skape te gaan skeer. Toe steel Ragel haar pa se afgodsbeeldjies. 20 Jakob het ook vir Laban die Arameër bedrieg deur hom nie te vertel van sy vlug nie. 21 Jakob het gevlug met alles by hom. Hy het deur die Eufraatrivier getrek en koers gekies Gileadberg toe. 22 Drie dae later is aan Laban vertel dat Jakob gevlug het. 23 Laban het die mans in sy familie saamgevat en vir Jakob agternagesit. Na sewe dae het Laban hom ingehaal by Gileadberg. 24 Dié nag het God in 'n droom na Laban die Arameër toe gekom en vir hom gesê: "Wees versigtig met wat jy vir Jakob sê!" 25 Toe Laban by Jakob kom, was sy kamp opgeslaan by Gileadberg, en Laban-hulle het ook daar kamp opgeslaan. 26 Hy het vir Jakob gesê: "Wat het jy gedoen? Jy het my bedrieg en my dogters weggevat asof hulle krygsgevangenes is. 27 Waarom het jy in die geheim gevlug? Jy het my bedrieg en my niks vertel nie. Ek sou jou laat vertrek het met 'n fees en met liedere, met tamboeryne en

## LEES

*Week 2 • Woensdag*

met liere. 28 Jy het my nie eens toegelaat om my kleinkinders en my dogters te groet nie. Jy het 'n ongehoorde ding gedoen. 29 Ek het die mag om julle kwaad aan te doen, maar die God van jou voorvaders het verlede nag vir my gesê: 'Wees versigtig met wat jy vir Jakob sê.' 30 Maar nou, as jy weggetrek het net omdat jy so baie verlang na jou familie, waarom het jy dan my gode gesteel?" 31 Toe sê Jakob vir Laban: "Ek het gevlug, want ek was bang, ek het gedink u sal u dogters van my af wegvat. 32 Maar die een by wie u u gode kry, moet sterf. Kyk hier waar ons familie bystaan wat daar van u by my is en vat dit saam terug." Jakob het nie geweet dat Ragel die gode gesteel het nie. 33 Laban het niks in Jakob se tent gekry nie, ook nie in dié van Lea en in dié van die twee persoonlike slavinne nie. Laban is toe uit Lea se tent uit na Ragel s'n toe. 34 Ragel het die afgodsbeeldjies gevat en onder die kameelsaal gesit en daarop gaan sit. Laban het haar hele tent behoorlik gefynkam maar niks gekry nie. 35 Toe sê Ragel vir hom: "Pa moet tog nie vir my kwaad word nie, want ek kan nie vir Pa opstaan nie: ek is siek, soos dit maar elke maand met 'n vrou gaan." Laban het toe verder rondgesoek, maar nie die afgodsbeedtjies gekry nie. 36 Toe word Jakob kwaad en hy verwyt vir Laban: "Wat het ek verkeerd gedoen? Waar het ek oortree dat u my agternagesit het? 37 U het my besittings gefynkam. Wat het u gekry uit u huis kom? Sit dit hier voor ons familie neer sodat hulle as regters tussen ons twee kan optree. 38 "Dit is nou twintig jaar dat ek by u was. U skaapooie en u bokooie het gereeld gelam, en ek het nie u skaapramme geslag nie. 39 Wat deur wilde diere verskeur is, het ek nie na u toe gebring nie, ek moes dit vervang. Wat oordag of in die nag gesteel is, het u van my geëis. 40 Bedags het die hitte my verrinneweer en snags die koue, ek kon nie slaap nie. 41 Dis nou twintig jaar dat ek in u huis is: veertien jaar het vir u gewerk vir u twee dogters en ses vir kleinvee uit u trop, en u het my betaling kort-kort verander. 42 As die God van my voorvaders, die God van Abraham, die Beskermer van Isak, nie by my was nie, sou u my met leë hande weggestuur het. Maar God het gesien hoe swaar ek gekry het en hoe hard ek gewerk het en Hy het verlede nag in my guns uitspraak gelewer." 43 Laban het vir Jakob geantwoord: "Dit is my dogters en my kinders en my kleinvee: alles wat jy hier sien, is myne. Waarom sou ek vandag my dogters of die kinders wat deur hulle in die wêreld gebring is, iets aandoen? 44 Kom ons maak liewer 'n ooreenkoms. Laat daar 'n getuienis wees om ons daaraan te herinner." 45 Toe vat Jakob 'n klip en sit dit regop neer as herinneringsklip. 46 Hy het vir die mense by hom gesê: "Maak nog klippe bymekaar." Hulle het dit gedoen en 'n kliphoop gepak. Toe het hulle daar by die kliphoop geëet. 47 Laban het die kliphoop genoem: Jegar-Sahaduta, en Jakob het dit genoem: Galeb. 48 Laban het toe gesê: "Hierdie kliphoop word vandag vir ons 'n getuienis," en hy het dit Galeb genoem. 49 Laban het ook nog gesê: "Dit is Mispa, want die Here hou 'n oog oor ons wanneer ons mekaar nie meer kan sien nie. 50 Dan

# LEES

*Week 2 • Woensdag*

sal jy nie my dogters mishandel nie en ook nie vir jou nog vrouens vat nie. Wanneer daar niemand anders by ons is nie, sal God getuie wees in die saak tussen ons." 51 Verder het Laban vir Jakob gesê: "Kyk na hierdie kliphoop en kyk na die klippilaar wat ek regop gesit het. Dit staan tussen ons. 52 Hierdie kliphoop is 'n teken en die klippilaar is 'n teken: ek sal nie hier verbygaan na jou toe om jou aan te val nie, en jy sal nie hier verbykom om my aan te val nie. 53 Die God van Abraham, die God van Nahor, die God van hulle twee se vader sal as regter optree." Toe het Jakob 'n eed afgelê in die Naam van die Beskermer van Isak. 54 Jakob het daar op die berg geoffer en toe het hy die mense by hom genooi om te eet. Nadat hulle klaar geëet het, het hulle daar by die berg oornag. 55 Vroeg die volgende môre het Laban sy kleinseuns en dogters met seënwense gegroet. Hy het toe vertrek, terug huis toe.

*1 Johannes 3:18-24*

Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid. 19 Hierdeur kan ons ook te wete kom dat ons aan die ware God behoort en kan ons ons gewete voor Hom tot rus bring. 20 As ons gewete ons veroordeel – God is groter as ons gewete, en Hy weet alles. 21 Geliefdes, as ons gewete ons nie veroordeel nie, het ons vrymoedigheid om na God te gaan; 22 en wat ons vra, kry ons van Hom omdat ons sy gebooie gehoorsaam en doen wat Hy goedvind. 23 En dít is sy gebod: Ons moet in sy Seun, Jesus Christus, glo en ons moet mekaar liefhê ooreenkomstig die gebod wat Hy ons gegee het. 24 Wie sy gebooie gehoorsaam, bly in God en God in hom. Hiéraan weet ons dat Hy in ons bly: Hy het ons sy Gees gegee.

## SOAP

*Week 2 • Woensdag*

SOAP / *1 Johannes 3:23–24*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf ‘n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Woensdag*

**SOAP:**

*1 Johannes 3:23–24*

*En dít is sy gebod: Ons moet in sy Seun, Jesus Christus, glo en ons moet mekaar liefhê ooreenkomstig die gebod wat Hy ons gegee het. Wie sy gebooie gehoorsaam, bly in God en God in hom. Hiéraan weet ons dat Hy in ons bly: Hy het ons sy Gees gegee.*

**OORDENKING**

As ons Genesis vanuit ‘n literêre oogpunt bestudeer, leer ons baie oor Jakob. Jakob is die protagonis, die persoon wat in die narratief of vertelling verander. Laban is die antagonis, die persoon wat die verandering in die protagonis veroorsaak.

‘n Groot verandering het wel in Jakob plaasgevind gedurende sy verblyf in Paddan Aram. Jakob het daar aangekom as ‘n bedrieër wat ‘n groot belofte van God ontvang het. Deur God se tugtiging en deurdat hyself deur Laban bedrieg is, het Jakob se identiteit as bedrieër klaarblyklik verander. Jakob het besef hoe God hom geseën het: slegs deur sy genade.

God het Jakob in ‘n droom by Bet-el ontmoet, en belowe om hom te seën en te beskerm, en Jakob het daarop gereageer met die belofte om na sy vaderland terug te keer (Genesis 28:10-22). Op hierdie stadium het God Jakob in ‘n tweede droom ontmoet en aan hom opdrag gegee om met sy gesin en besittings terug te keer na die land. Jakob het gehoorsaam.

Toe Jakob besef hoe God sy belofte gestand gedoen het het, was hy getrou om die belofte wat hy aan God gemaak het, na te kom. Hoewel Jakob nie volmaak was nie, dui hierdie gebeure daarop dat hy besig was om na God toe en weg van sy eie planne af, te draai. Pleks daarvan om sy stryd met Laban voort te sit, het Jakob weggegaan en God se opdrag gehoorsaam. God het Jakob se terugkeer beveel, daarom was hy seker dat God hom en sy familie sou beskerm. God se seëninge is deur drome, straf, ‘n gesin en baie besittings oor Jakob uitgestort en dit was tyd vir Jakob om te verander, gehoorsaam op te tree en God te volg.

Ongeag ons verlede, ongeag hoeveel keer ons soos Jakob opgetree, ander bedrieg of ons eie koppe gevolg het, ons kan altyd kies om aan God gehoorsaam te wees. Of dit die eerste keer is dat ons na Hom toe draai, en of ons na Hom terugkeer, Hy is altyd bereid om ons te vergewe. Ons kan ons tot Hom wend en ons daartoe verbind om getrou te wees, met die sekerheid dat Hy genadig sal wees.

Jakob was getrou aan God se spesifieke opdrag om terug te keer huis toe. Ons het ‘n baie duidelike opdrag van God om in sy Seun Jesus Christus te glo en mekaar lief te hê. As ons God se opdragte uitvoer, kan ons op sy beskerming staatmaak. Wanneer Hy kies om ons te seën en ons aan Hom gehoorsaam is deur in sy Seun te glo, kan ons vol vertroue wees dat sy liefde en genade ons lewens sal oordek.

## LEES

*Week 2 • Donderdag*

*Genesis 32:1-21*

Jakob het sy koers gegaan, en engele van God het hom teëgekom. 2 Toe Jakob hulle sien, sê hy: "Dit is 'n leër van God," en Jakob het die plek Maganajim genoem. 3 Daarna het Jakob boodskappers vooruitgestuur na sy broer Esau toe, na die Seïrstreek toe, die gebied van Edom. 4 Jakob het vir hulle gesê: "So moet julle vir my geagte broer, vir Esau sê: So sê Jakob wat aan u onderdanig wil wees: Ek het tot nou toe by Laban gebly. 5 Ek besit beeste, donkies, kleinvee, slawe en slavinne. Ek laat u dit weet om te verneem of ek by u welkom sal wees." 6 Die boodskappers het na Jakob toe teruggekom en kom sê: "Ons het by u broer Esau aangekom, maar toe was hy al op pad na u toe met vier honderd man by hom." 7 Jakob het baie bang geword, angs het hom oorval. Toe deel hy die mense by hom, en die kleinvee, die beeste en die kamele in twee groepe, 8 want hy het gedink: as Esau by die eerste groep kom en dit uitwis, kan die ander groep dalk wegkom. 9 Daarna het Jakob gebid: "Here, God van my voorvader Abraham, God van my vader Isak, U wat vir my gesê het om terug te gaan na my land en my familie toe en U sal goed doen aan my, 10 ek is al u gunsbewyse nie werd nie, ook nie die trou waarmee U my versorg het nie. Toe ek destyds deur die Jordaan is, het ek net my kierie gehad, en nou het ek hierdie twee groot groepe. 11 Red my tog uit die mag van my broer Esau, ek is bang vir hom. Hy kan dalk kom en my doodmaak, en ook die moeders en kinders. 12 U het my tog beloof: Ek sal beslis goed dien aan jou, Ek sal jou nageslag so baie maak soos die sand van die see, wat nie getel kan word nie." 13 Jakob het daar oornag en die volgende môre vat hy toe uit sy besitting 'n geskenk vir sy broer Esau: 14 twee honderd bokooie en twintig bokramme, twee honderd skaapooie en twintig ramme, 15 dertig kameelkoeie met kalwers, veertig koeie en tien bulle, twintig donkiemerries en tien hingste. 16 Hy het elke trop aan 'n slaaf gegee en gesê: "Trek vorentoe, maar hou 'n afstand tussen die troppe." 17 Hy het die voorste slaaf beveel: "Wanneer my broer Esau jou kry en jou vra: 'Wie is jy? Waarvandaan kom jy en aan wie behoort al hierdie goed voor jou?' 18 moet jy sê: Dit behoort aan Jakob wat aan u onderdanig wil wees. Dit word as geskenk aan Meneer gestuur, en hy kom self ook agter ons aan." 19 Jakob het dieselfde opdrag aan die tweede slaaf gegee, en ook aan die derde en aan elkeen wat agter 'n trop was. Jakob het vir hulle gesê: "Wat ek vir die voorste gesê het, moet julle almal vir Esau sê as julle by hom kom. 20 Verder moet julle ook nog sê: Jakob kom agter ons aan. Hy wil aan u onderdanig wees." Jakob het naamlik gedink: met die geskenk wat voor my uit gaan, sal ek probeer om hom in 'n goeie bui te kry. Dan sal ek na hom toe gaan en miskien ontvang hy my dan vriendelik. 21 So is die geskenk voor Jakob uit gestuur, maar hy het die aand in die kamp oorgebly.

*Psalm 56:4-5*

Die dag as ek bang word, vertrou ek net op U. 5 In God, wie se woord ek prys, in God stel ek my vertroue, ek is nie bang nie. Wat kan 'n blote mens aan my doen?

*Psalm 56:11-12*

11 In God, wie se woord ek prys, in die Here, wie se woord ek prys, 12 in God stel ek my vertroue, ek is nie bang nie. Wat kan 'n mens aan my doen?

## SOAP

*Week 2 • Donderdag*

**SOAP /** *Psalm 56:3–4*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Donderdag*

**SOAP:**

*Psalm 56:4-5*

*Die dag as ek bang word, vertrou ek net op U. In God, wie se woord ek prys, in God stel ek my vertroue, ek is nie bang nie. Wat kan 'n blote mens aan my doen?*

**OORDENKING**

God was met Jakob. God het hom uit 'n vreemde land geroep om terug te keer na die beloofde land, die land van sy vaders. God het Jakob beskerm teen leed deur Laban, sy skoonpa en vyand, daarvan te weerhou om hom of sy gesin te benadeel. Jakob het in gehoorsaamheid gewandel en het sy gelofte nagekom om na die beloofde land terug te keer en met sy God te wandel.

Maar toe kom Esau, sy broer en eerste vyand, in die prentjie. Al het God hom teen Laban beskerm, was Jakob baie bang en ontsteld. Hy het die seën van die eersgeborene van sy broer gesteel, en die laaste keer toe hulle mekaar gesien het, het Esau belowe om hom dood te maak.

Baie vroeg in Jakob se lewe is sy uitgeslape karakter geopenbaar. Hy was slinks en slim, vaardig om te kry wat hy wou hê. Hy het geweet hoe om 'n situasie te manipuleer of 'n persoon te mislei om sy planne te verwesenlik. Tot op hierdie stadium is daar geen rekord van hom wat God se hulp soek nie. Die tonele rondom hierdie gebeurtenis toon die ontwikkeling van Jakob se karakter. Hy het God vertrou om hom teen Laban te beskerm en hy was gehoorsaam aan God se opdrag om na die land terug te keer. In al die vorige situasies wat Jakob gemanipuleer het, is dit nooit opgeteken dat hy gebid het voordat hy opgetree het nie. Tog, nou, toe sy eerste vyand met 400 man op pad was na hom toe, het Jakob God se beskerming en verlossing gesoek.

Al het hy begin verander, het Jakob steeds 'n plan beraam om homself te red. Die geskenke wat hy vir Esau opsy gesit het, was 'n poging om hom terug te betaal vir die seën wat hy jare tevore gesteel het. Jakob het probeer om sy broer te paai deur aan hom 'n groot deel van die seën te gee wat God aan hom bestem het, nie aan Esau nie. Jakob se gawe wys dat hy so bang was vir Esau se toorn dat hy bereid was om prys te gee wat God goddelik aan hom gegee het. Jakob het God vir redding gevra, maar toe probeer om homself te red.

Hoe gereeld soek ons, soos Jakob, God se beskerming, voorsiening of wysheid en gaan dan voort met ons eie planne? Terwyl ons probeer om die dinge van God te kies en nie die dinge van die wêreld nie, moet ons besef dat ons dikwels moet wag op God se antwoord. Sy planne word nooit gedwarsboom nie, sy seëninge word nooit vertraag nie, maar ons neiging om bang en ontsteld te wees kan maklik veroorsaak dat ons op onsself staatmaak vir bevryding. In plaas daarvan om sy tydsberekening te vertrou, kan ons uiterste maatreëls tref om ons redding te waarborg. Mag ons God in alle omstandighede vertrou en wag op sy verlossing.

## LEES

*Week 2 • Vrydag*

*Genesis 32:22-32*

Die nag het hy opgestaan en sy twee vrouens en sy twee persoonlike slavinne en sy elf kinders gevat en deur Jabbokdrif gegaan. 23 Nadat hy hulle deur die rivier gevat het, het hy ook alles wat hy besit, laat deurgaan. 24 Jakob het alleen daar agtergebly, en 'n man het tot dagbreek met hom gestoei. 25 Toe die man agterkom dat hy nie vir Jakob kan wen nie, het die man, terwyl hy met hom stoei, vir Jakob teen die heup geslaan sodat dit uit die potjie gespring het. 26 Die man het vir Jakob gesê: "Los my, want die dag breek." Jakob het geantwoord: "Ek sal jou net los as jy my seën." 27 Toe vra die man: "Wat is jou naam?" en hy antwoord: "Jakob." 28 Die man het gesê: "Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel, want jy het teen God en teen mense 'n stryd gevoer en jy het dit end-uit volgehou." 29 Toe sê Jakob: "Sê my tog jou naam," en die man vra: "Waarom vra jy my naam?" Hy het vir Jakob net daar geseën, 30 en Jakob het die plek Pniël genoem, "want," het hy gesê "ek het God van aangesig tot aangesig gesien en tog het ek nie omgekom nie." 31 Net toe Jakob by Pniël verbygaan, het die son opgekom. Jakob het mank gebly aan sy heup, 32 en daarom eet die Israeliete tot nou toe nie die senuweebondel wat aan die heup vaskom nie, want die man het vir Jakob teen sy heup geslaan, op die heupsenuwee.

**SOAP**

*Week 2 • Vrydag*

SOAP / *Genesis 32:28*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Vrydag*

**SOAP:**

*Genesis 32:28*

*Die man het gesê: "Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel, want jy het teen God en teen mense 'n stryd gevoer en jy het dit end-uit volgehou."*

**OORDENKING**

In Hebreeus word Jakob se naam uitgespreek as Ya'aqob. Dit klink soos die woord 'aqab, wat beteken "om die hakskeen vas te gryp" of "om te mislei." 'Aqab beteken letterlik "om die hakskeen vas te gryp", maar dit is figuurlik gebruik om misleiding te beskryf of metafories om voor te stel om iemand aan die hakke te pootjie. Jakob het letterlik sy tweelingbroer se hakskeen by sy geboorte gegryp, en hy het figuurlik vir 'n groot deel van sy lewe hakskene gegryp.

Jakob was 'n bedrieër. Hy het sy broer, Esau, sy pa, Isak, en sy oom en skoonpa, Laban, bedrieg. Om 'n bedrieër te wees, het Jakob se identiteit geword. Dit was selfs sy naam. Tog, in die laaste paar tonele wat ons lees, het die skrywer van Genesis 'n verandering beskryf wat in Jakob plaasvind. Hy het God gehoorsaam en na die land van sy vaders teruggekeer. Toe het hy gebid en God gevra vir bevryding van sy broer, Esau. Sy gedrag was besig om te verander. Maar die nag by die Jabbokrivier was die nag wat Jakob se identiteit uiteindelik sou verander.

Jakob het daardie nag met 'n man gestoei. Voor die son opkom, het die man vir Jakob gesê om hom te laat gaan. Toe Jakob weier om hom sonder 'n seën te laat gaan, het die man sy naam gevra. Jakob het weer die realiteit van wie hy was in die gesig gestaar: 'n bedrieër. Op daardie oomblik het God sy identiteit verander: "Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel, want jy het teen God en teen mense 'n stryd gevoer en jy het dit end-uit volgehou."

Op daardie oomblik het God vir Jakob 'n nuwe identiteit gegee. God het Jakob gemerk vir wie hy sou word, nie vir wie hy was nie. God het hom 'n nuwe identiteit gegee as 'n belofte van wat Hy sou aanhou doen. God sou voortgaan om sy belofte aan Jakob na te kom en hom te seën soos Hy met sy pa en oupa gedoen het. Jakob sou die seën ontvang en God sou steeds die eer kry. Jakob was kreupel die nag voordat hy sy eerste vyand sou trotseer; hy het die man in die gesig gestaar wat beloof het om hom dood te maak en hy was fisies gestremd. Jakob kon nie deur sy eie krag verlos word nie. God het dit vir Jakob duidelik gemaak dat Hy alleen sy bron van verlossing was; Hy alleen sou dit doen.

Dit is ongelooflik genadig van God om ons van ons vertroue op onsself te bevry. God sal sy doel bereik deur sy krag alleen. Hy het nie ons hulp nodig om sy planne te vervul of sy beloftes na te kom nie. Maak nie saak watter planne ons kan maak nie, God sal dit duidelik maak dat dit Hy alleen is wat ons verlos, Hy alleen wat red.

## OORDENKING

*Week 2*

1. *Wat is van die groot seëninge wat God vir jou gegee het? Lys soveel as wat jy kan. Is jy meer geneig om hierdie seëninge te vier of vergelyk jy die seëninge wat jy ontvang het met die seëninge wat ander van God ontvang het? Hoe kan jy vandag 'n gees van vergelyking beveg?*

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

2. *Erken jy God as die bron van al jou sukses? In watter area van jou lewe is jy geneig om op jou eie middele staat te maak in plaas van om op God se plan te vertrou?*

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

3. *Is jy gehoorsaam aan God se opdragte? Glo jy in sy Seun? Is jy lief vir ander? Is jy lief vir ander selfs wanneer hulle onvriendelik teenoor jou is of probeer om jou te mislei of te oorweldig?*

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

4. *In watter area van jou lewe vra jy God dikwels vir verlossing, maar skep dan jou eie reddingsplanne? Wat sou gebeur as jy op God gewag het vir verlossing?*

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

5. *Op watter maniere het God jou identiteit verander? Op watter maniere het jy gesien hoe God jou van jou vertroue op jouself ontneem?*

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

..............................................................................................................................................

*Ek het vandag die lewe en die voorspoed, die dood en die teenspoed aan jou voorgehou. As jy die Here jou God liefhet en sy wil doen deur sy gebooie, sy voorskrifte en sy bepalings wat ek jou vandag gegee het, te gehoorsaam, sal jy lewe en baie word en sal die Here jou God jou voorspoedig maak in die land wat jy in besit gaan neem.*

*Deuteronomium 30:15-16*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Dink na oor die gebeure in Jakob se lewe waaroor jy tot dusver gelees het. Sou God Jakob verlos het sonder Jakob se slinkse optrede? Het Jakob uitgemis op die seën van God deur selfstandigheid en bedrog? Hoe het Jakob se kinders dieselfde neigings van om op hulself staat te maak en bedrog geopenbaar?*

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

**L E E S**

*Week 3 • Maandag*

*Genesis 33*

Toe Jakob deur die spruit was, het hy vir Esau in die verte sien aankom met vier honderd man by hom. Jakob het die kinders onder Lea en Ragel en die twee persoonlike slavinne verdeel 2 en die slavinne met hulle kinders op die voorpunt gesit. Lea met haar kinders was agter hulle en Ragel en Josef heel agter. 3 Hy self het verbygegaan tot heel voor en toe hy nader na sy broer toe kom, het hy sewe keer diep gebuig. 4 Esau het hom tegemoet gehardloop en hom omhels. Esau het sy arms om Jakob se nek gesit en hom gesoen, en hulle het gehuil. 5 Esau het opgekyk en die vrouens en kinders gesien en toe sê hy: "Wie is al hierdie mense by jou?" Jakob het geantwoord: "Dit is die kinders wat God in sy liefde aan my gegee het." 6 Die persoonlike slavinne het met hulle kinders nader gekom en gebuig 7 en toe het ook Lea met haar kinders nader gekom en gebuig. Josef en Ragel was heel agter en ook hulle het nader gekom en gebuig. 8 Toe vra Esau: "En wat is jou bedoeling met al daardie goed wat ek gekry het?" en Jakob antwoord: "Dit is om u vriendskap te wen." 9 Maar Esau sê vir hom: "Broer, ek besit self baie. Wat joune is, moet joune bly." 10 Toe sê Jakob: "Nee, as u my goedgesind is, moet u my geskenk aanvaar. Ek het na u toe gekom om u goedgesindheid te wen net soos wanneer 'n mens in die teenwoordigheid van God verskyn. En u het my vriendelik ontvang. 11 Aanvaar tog my geskenk wat vir u gebring is, want God was goed vir my en ek het oorgenoeg." Jakob het by Esau daarop aangedring, en toe aanvaar hy die geskenk. 12 Hy het vir Jakob gesê: "Breek kamp op dat ons verder kan trek. Ek sal vooruit trek om jou te beskerm." 13 Maar Jakob het hom geantwoord: "U sien tog self die ou kindertjies is maar klein en die lammertjies en die kalwers by my is nog swak. As 'n mens hulle net een dag te hard dryf, is die hele klomp dood. 14 Trek u maar vooruit voor my en dan kom ek op my gemak daaraan. Ek sal volgens die pas van die vee en van die kinders na u toe kom in Seïr." 15 Toe sê Esau: "Dan los ek 'n paar van my manne by jou," maar Jakob vra: "Waarom wil u dit doen? U is my tog goedgesind?" 16 Esau is daardie dag nog terug op sy pad Seïr toe. 17 Jakob het gaan tent opslaan by Sukkot en daar het hy vir hom 'n huis gebou. Hy het ook takkrale vir sy vee gemaak, en daarom word die plek Sukkot genoem. 18 Nadat Jakob uit Paddan-Aram weg is, het hy veilig by Sigem in Kanaän aangekom. Hy het net buite die stad kamp opgeslaan. 19 Toe koop hy die stuk grond waar sy tent staan, vir honderd geldstukke by die seuns van Gamor, die pa van Sigem. 20 Jakob het daar 'n altaar gebou en dit genoem: Die God van Israel is God.

**LEES**

*Week 3 • Maandag*

*2 Korintiërs 5:16-21*

Ons beoordeel dus van nou af niemand meer volgens menslike maatstaf nie. Al
het ons Christus vroeër volgens menslike maatstaf beoordeel, nou beoordeel ons
Hom nie meer so nie. 17 Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens.
Die oue is verby, die nuwe het gekom. 18 Dit alles is die werk van God. Hy
het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die
versoening toevertrou. 19 Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God
deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge
nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou. 20
Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op
julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God
wat Hy bewerk het! 21 Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons
plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God
vrygespreek kan wees.

## SOAP

*Week 3 • Maandag*

SOAP / *2 Korintiërs 5:18–19*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Maandag*

**SOAP:**

*2 Korintiërs 5:18–19*

*Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou. Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou.*

**OORDENKING**

Toe Jakob sy reis terug na die land van sy vaders begin het, het dit gelyk of hy wegbeweeg het van sy lewe van bedrog en kullery. Hy is gedurende die nag by Pniël met God versoen toe hy geseën is en 'n nuwe naam gegee is. Jakob het niks gedoen om hierdie genade te verdien nie.

Jakob en Esau het herenig, maar hulle het elkeen hul versoening op 'n heel ander manier ervaar. Esau het Jakob as 'n broer gegroet. Esau het besef hoe hy ook geseën is en hy het nie Jakob se gawe nodig gehad nie. Hy het aangebied om Jakob, sy gesin en sy besittings te beskerm en het goedhartigheid en liefde aan sy broer bewys. Daarteenoor het Jakob Esau as 'n dienskneg gegroet. Jakob het hom aan Esau onderwerp en geskenke aangebied as vergoeding vir sy vorige onreg. God het sy volgehoue beskerming aan Jakob getoon deur sy versoening met Esau.

God se werk was duidelik gedurende Jakob se reis huis toe. Die versoening tussen Jakob en Esau was 'n ongelooflike daad van genade. God het Esau se hart en gesindheid teenoor die broer wat hom verontreg het, verander. En God het in beide broers gewerk om hierdie versoening te bewerkstellig. Esau het gedraai van om wraak te soek, na om sy broer te omhels, en Jakob het van trots en 'n gevoel van aanspraak tot nederigheid en vrygewigheid gedraai. Hierdie versoening was 'n gawe van God en Hy alleen het dit bewerkstellig.

Ons het ook versoening nodig. As gevolg van sonde, moet ons met God versoen word, maar tog is daar niks wat ons kan doen om dit te bewerkstellig nie. Dit is God, deur sy ongelooflike genade, wat ons met Homself versoen. Ons word met God versoen wanneer ons ons geloof in sy Seun plaas. En as gevolg van sy gawe van versoening kan ons ook met ander versoen word. Om te kies om in vrede met ander te leef, is een van die maniere waarop ons die dinge van God kies. Want Hy het vir ons 'n groot boodskap van vergifnis en versoening aan die wêreld gegee. Dit is nie 'n normale, menslike reaksie op konflik nie, maar tog, deur die bediening van Christus, kan ons met ander versoen word, deur op God alleen te vertrou om die werk van verlossing te doen selfs in die mees gebroke verhoudings.

## LEES

*Week 3 • Dinsdag*

*Genesis 34*

Dina, die dogter wat deur Lea vir Jakob in die wêreld gebring is, het op 'n keer gaan kuier by die dogters van die omgewing. 2 Toe Sigem seun van die Hewiet Gamor, 'n volksleier, haar sien, het hy haar gegryp en met haar gemeenskap gehad. Hy het haar verkrag. 3 Daarna het hy al hoe meer begin hou van Dina dogter van Jakob. Hy het die meisie lief gekry en haar hart probeer wen. 4 Hy het vir sy pa, vir Gamor gesê: "Kry vir my daardie meisie as vrou." 5 Jakob het verneem dat sy dogter Dina deur Sigem onteer is, maar omdat Jakob se seuns met die vee in die veld was, het hy niks gedoen voor hulle terug was nie. 6 Toe Gamor, Sigem se pa, na Jakob toe gaan om met hom te praat oor Dina, 7 kom Jakob se seuns juis van die veld af by die huis aan en toe hulle hoor wat gebeur het, was die manne onsteld. Hulle was baie kwaad, want Sigem het 'n gruwelike ding aangevang toe hy met die dogter van Jakob, 'n Israelitiese meisie, gemeenskap gehad het. So iets doen 'n mens nie. 8 Gamor het vir hulle gesê: "My seun Sigem hou baie van die dogters uit julle huis. Laat haar tog met hom trou. 9 Kom ons word familie van mekaar. Dan kan julle dogters met ons trou en ons dogters met julle. 10 Dan bly julle hier by ons. Ons land is tot julle beskikking. Bly net hier of trek rond en kry julle eie grond hier by ons." 11 Toe sê Sigem vir Dina se pa en haar broers: "As julle instem, sal ek betaal wat julle ook al van my vra. 12 Julle kan maar die vergoeding wat ek moet gee, net so groot maak soos julle wil. Ek sal ook nog enige ander geskenk gee wat julle vra. Gee net asseblief die meisie vir my dat ek met haar kan trou." 13 Jakob se seuns het egter nie vir Sigem en sy pa Gamor 'n reguit antwoord gegee nie, want die broers se suster Dina was onteer. 14 Hulle het toe gesê: "Ons kan nie ons suster sommer so laat trou met 'n man wat nie besny is nie. Dit is vir ons 'n ongehoorde ding. 15 Ons kan net instem as julle soos ons word: besny al julle mans. 16 Dan kan ons ons dogter met julle laat trou en kan ons met julle dogters trou. Dan sal ons by julle bly en ons sal een volk word. 17 Maar as julle nie na ons luister nie en julle laat julle nie besny nie, sal ons ons suster vat en wegtrek." 18 Gamor en sy seun Sigem het hiertoe ingestem. 19 Die jonngman Sigem wou nie die saak laat sloer nie, want hy was lief vir Jakob se dogter. Omdat Gamor en Sigem die meeste gesag onder hulle mense gehad het, 20 het hulle na die stadspoort toe gegaan en daar vir die mans van die stad gesê: 21 "Hierdie vreemde mense het met goeie bedoelings na ons toe gekom. Hulle wil hier kom bly en met hulle kuddes in ons land rond trek: die land is groot en lê oop voor hulle. Dan kan ons met hulle dogters trou en hulle met ons s'n. 22 Hierdie mense sal egter net by ons bly en saam met ons een volk

## LEES

*Week 3 • Dinsdag*

word as al ons mansmense besny word soos dit by hulle is. 23 Hulle kuddes, al
hulle vee, hulle besittings, word ons eiendom as ons instem, en dan sal hulle by
ons bly." 24 Al die mans van die stad het na Gamor en sy seun Sigem geluister,
en hulle almal besny. 25 Drie dae later toe hulle baie pyn gehad het, het Jakob se
twee seuns Simeon en Levi, die broers van Dina, elkeen sy swaard gevat en sonder
om agterdog te wek, die stad ingegaan en al die mans doodgemaak, 26 ook vir
Gamor en sy seun Sigem. Hulle het vir Dina uit Sigem se huis uit weggevat en
uit die stad uit gegaan. 27 Jakob se seuns het toe op die slagoffers toegesak en
die stad geplunder omdat hulle suster daar onteer is: 28 kleinvee, beeste, donkies,
alles in die stad en alles in die veld het hulle vir hulle gevat. 29 Ja, hulle het
alles geplunder wat daar in die stad was, hulle het alles wat in die huise was,
buitgemaak; ook die kinders en vrouens is as gevangenes saamgevat. 30 Toe sê
Jakob vir Simeon en Levi: "Julle het my in die moeilikheid gebring, want julle
het my naam sleg gemaak by die mense van hierdie land, die Kanaäniete en die
Feresiete. Ek het maar 'n klein klompie mans by my. As die mense van die land
almal saamstaan teen my, sal hulle my en my mense verslaan en ons om die lewe
bring." 31 Toe antwoord hulle: "Hy moes nie ons suster soos 'n hoer behandel
het nie!"

*Romeine 12:17-21*

Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. 18
As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. 19
Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God.
Daar staan immers geskrywe: "Dit is my reg om te straf; Ek sal vergeld," sê die
Here. 20 "As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom
iets om te drink; want deur dit te doen, maak jy hom vuurrooi van skaamte." 21
Moet jou nie deur kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.

## SOAP

*Week 3 • Dinsdag*

SOAP / *Romeine 12:19*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Romeine 12:19*

*Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: Dit is mý reg om te straf; Ék sal vergeld, sê die Here.*

**OORDENKING**

Die gebeure wat in Genesis 34 opgeteken is, is afgryslik en boos. Die gewelddadige verkragting van Dina toon die boosheid en wetteloosheid van die Kanaänitiese volk, 'n volk wat God deur die nageslag van Israel sou vernietig. Die gebrek aan reaksie op die nuus van die misdade teen sy enigste dogter toon besluiteloosheid en passiwiteit by Jakob op sy beste, in die ergste geval, 'n gebrek aan liefde en omgee vir die kinders van Lea.

Toe Jakob nie Dina se aanvaller hanteer soos wat geregtigheid vereis het nie, het haar broers, Simeon en Levi, ingetree. Alhoewel die gevolglike geweld nie reg was nie, was dit 'n reaksie op beide die afgryslike misdaad van Sigem sowel as die passiwiteit van hul pa. Simeon en Levi het verstaan dat Dina se verontreiniging nie geïgnoreer kon word nie. Hulle reaksie het diepe omgee en besorgdheid oor beide haar veiligheid en reputasie getoon, asook hul groot liefde vir haar.

Simeon en Levi het Sigem en Gamor bedrieg, 'n taktiek wat ongetwyfeld by hulle pa geleer is. Hulle het wraak beplan teen Sigem, maar daar is geen rekord dat hulle God se leiding of hulp gesoek het nie, nog 'n gedrag wat baie keer deur Jakob gemodelleer is. Terwyl hulle begeerte na geregtigheid goed was, was hulle metodes van wraak nie die weë van God nie.

Die kwaad wat Dina aangedoen is, was onverskoonbaar. Jakob se onbetrokkenheid het gelei tot wraakdade van haar broers. Terwyl hulle begeerte na geregtigheid godvrugtig was, was hulle metodes van wraak wêrelds. Indien die broers in geloof gereageer het, sou hulle God gesoek het vir leiding oor hoe om regverdig met Sigem te handel, want Hy is 'n God van geregtigheid (lees Deuteronomium 22:25–28). Hy belowe om die goddeloses vir hulle misdade te vergeld, en sal volle uitlating aan sy toorn gee wanneer ons op sy wraak vertrou.

Hierdie is nie 'n maklike vertelling om te bestudeer nie, en dit kan ons kwaad of verward laat. God het belowe om Jakob se familie te beskerm en te verlos—dit het geregtigheid vir Dina ingesluit. Wanneer ons onreg in die gesig staar, kan ons vol vertroue wees dat God namens ons sal werk. Hy belowe dat Hy die goddeloses sal vergeld vir wat hulle gedoen het. Sy geregtigheid word nooit misplaas nie, nooit verkeerd toegepas nie. Hy veg altyd vir sy kinders. Ongelukkig kon ons nie sien hoe God sonde volgens sy volmaakte wysheid in hierdie gebeure hanteer nie, want Dina se broers het op hul woedende wraak staatgemaak. Mag ons, aan die ander kant, genoeg geloof hê om te wag vir God se perfekte tydsberekening en metode om geregtigheid namens ons te laat geskied.

## LEES

*Week 3 • Woensdag*

*Genesis 35*

God het vir Jakob gesê: “Maar jou klaar en gaan na Bet-El toe en bly daar. Bou
vir My daar ’n altaar. Ek is die God wat daar aan jou verskyn het toe jy vir jou
broer Esau gevlug het.” 2 Toe sê Jakob vir sy hele huis en vir almal by hom:
“Haal uit al die afgodsbeelde wat by julle is. Reinig julle en trek ander klere
aan. 3 Ons moet klaarmaak en Bet-El toe gaan. Daar moet ek ’n altaar gaan bou
vir die God wat my gebed verhoor het toe ek in die moeilikheid was en wat by
my was waar ek ook al gegaan het.” 4 Hulle het toe al die afgodsbeelde in hulle
besit vir Jakob gegee en ook hulle oorringe. Hy het dit onder die groot boom by
Sigem begrawe. 5 Toe Jakob-hulle wegtrek, het God die mense van die stede in
daardie omgewing so bang gemaak vir Jakob en sy seuns dat hulle nie agtervolg
is nie. 6 Jakob en al die mense by hom het by Lus aangekom. Dit is die Lus wat
in Kanaän geleë is, nou bekend as Bet-El. 7 Hy het daar ’n altaar gebou en die
plek El-Bet-El genoem, want God het daar aan hom verskyn toe hy vir sy broer
gevlug het. 8 Debora, die vrou aan wie Rebekka as kind gedrink het, het daar
gesterf en hulle het haar begrawe onder die groot boom naby Bet-El, en hulle het
dit Huilboom genoem. 9 Nadat Jakob uit Paddan-Aram terug was, het God weer
aan hom verskyn en hom geseën. 10 God het vir hom gesê: “Jy is Jakob, maar jy
sal nie langer Jakob genoem word nie. Jou naam sal Israel wees.” God het hom
toe Israel genoem. 11 God het verder vir hom gesê: “Ek is God die Almagtige.
Wees vrugbaar en word ’n groot nasie. Baie nasies sal van jou afstam. Jy sal die
voorvader wees van konings. 12 Hierdie land wat Ek aan Abraham en aan Isak
gegee het, sal Ek aan jou gee en ná jou gee Ek dit aan jou nageslag.” 13 Toe het
God van Jakob af weggegaan, en op die plek waar God met hom gepraat het, 14
het Jakob ’n klip regop gesit, presies op die plek waar die Here met hom gepraat
het. Hy het ’n drankoffer daarop uitgegiet en ook olie. 15 Hy het die plek waar
God met hom gepraat het, Bet-El genoem. 16 Jakob-hulle het van Bet-El af
getrek na Efrata toe. Hulle was nog ’n ent daarvandaan toe bring Ragel ’n kind in
die wêreld. Dit was ’n moeilike geboorte. 17 Met dié dat Ragel so swaar ly by die
bevalling, sê die vroedvrou vir haar: “Moenie bekommerd wees nie. Ook hierdie
keer het jy ’n seun!” 18 Maar Ragel was aan die sterf en terwyl sy haar laaste asem
uitblaas, noem sy die seuntjie Ben-Oni. Sy pa het hom egter Benjamin genoem.
19 Ragel het gesterf, en sy is begrawe langs die pad na Efrata toe, dit is Betlehem.
20 Jakob het ’n groot klip op haar graf gesit. Dit is die klip wat nou nog op haar
graf is. 21 Israel het verder weggetrek en kamp opgeslaan anderkant Migdal-Eder.
22 Terwyl Israel in daardie landstreek gebly het, het Ruben gemeenskap gehad
met Bilha, sy pa se slavinvrou. Israel het dit te hore gekom. Jakob het twaalf seuns
gehad. 23 Die seuns van Lea was Ruben, die oudste, Simeon, Levi, Juda, Issaskar
en Sebulon. 24 Die Seuns van Ragel was Josef en Benjamin. 25 Die seuns van
Ragel se persoonlike slavin Bilha was: Dan en Naftali. 26 Die seun van Lea se
persoonlike slavin Silpa was: Gad en Aser. Dit is Jakob se seuns wat in Paddan-
Aram gebore is. 27 Jakob is na sy pa Isak toe in Mamre by Kirjat-Arba, dit is
Hebron, waar Isak gebly het, en vroeër ook Abraham. 28 Isak het honderd en
tagtig jaar oud geword 29 en toe is hy dood. Hy het gesterf nadat hy oud geword
en ’n vol lewe gehad het. Sy twee seuns Esau en Jakob het hom begrawe.

## LEES

*Week 3 • Maandag*

*Deuteronomium 30:15-20*

“Ek het vandag die lewe en die voorspoed, die dood en die teenspoed aan jou
voorgehou. 16 As jy die Here jou God liefhet en sy wil doen deur sy gebooie,
sy voorskrifte en sy bepalings wat ek jou vandag gegee het, te gehoorsaam, sal jy
lewe en baie word en sal die Here jou God jou voorspoedig maak in die land wat
jy in besit gaan neem. 17-18 Maar ek verkondig vandag aan julle: As jy van die
Here af wegdraai en Hom nie gehoorsaam nie en as jy jou laat verlei om ander
gode te vereer en te dien, sal julle almal omkom; julle sal nie lank bly woon in
die land wat jy in besit gaan neem sodra jy deur die Jordaan getrek het nie. 19
Ek roep vandag die hemel en die aarde tot getuie teen julle dat ek die lewe en die
dood aan jou voorgehou het, die seën en die straf. Kies die lewe, sodat jy en jou
nageslag kan lewe. 20 Om die Here jou God lief te hê, Hom te gehoorsaam en
Hom aan te hang, sal vir jou lewe gee en jou lank laat woon in die land wat die
Here met ’n eed aan jou voorvaders Abraham, Isak en Jakob beloof het om aan
hulle te gee.”

## SOAP

*Week 3 • Woensdag*

SOAP / *Deuteronomium 30:15–16*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Woensdag*

**SOAP:**

*Deuteronomium 30:15–16*

*Ek het vandag die lewe en die voorspoed, die dood en die teenspoed aan jou voorgehou. As jy die Here jou God liefhet en sy wil doen deur sy gebooie, sy voorskrifte en sy bepalings wat ek jou vandag gegee het, te gehoorsaam, sal jy lewe en baie word en sal die Here jou God jou voorspoedig maak in die land wat jy in besit gaan neem.*

**OORDENKING**

Genesis 35 dien as die slot in die verhaal van Jakob. Alhoewel daar nog talle kere na Jakob in die res van Genesis verwys word, skuif die fokus van die verhaal nou na sy kinders. Die skrywer van Genesis het die lewens van Abraham en Isak op soortgelyke wyses afgesluit, nie met hul dood nie, maar met 'n oorgang na hul seuns as die onderwerp en as erfgenaam van die belofte.

Jakob se lewe was vol sukses en mislukking, seën, dissipline, konflik, oplossing en genade. Jakob was nie 'n perfekte man, eggenoot, pa, vriend, broer of seun nie. Ten spyte van sy mislukkings en tekortkominge, is hy steeds deur God uitverkies. Deur genade, het God gekies om Jakob bo Esau te seën. Deur genade, het God belowe om by Jakob te wees soos Hy by sy pa en oupa was. Deur genade, het God vir Jakob twaalf seuns en een dogter gegee. Deur genade, het God Jakob se besittings vermeeder. Deur genade, het God Jakob teruggebring na die beloofde land toe. Deur genade, het God Jakob met sy broer versoen. En deur genade, het God aangehou om Jakob se nageslag te seën en by hulle te wees.

Soos ons nadink oor Jakob se lewe, vind ons een sentrale tema: om die dinge van God bo die dinge van die wêreld te kies. God het deurlopend vir Jakob geleenthede gegee om die dinge van God te kies en die begeertes van die vlees en die weë van die wêreld te verwerp. Soms het Jakob wel die dinge van God gekies. Ander kere het hy hom tot sy eie planne en wêreldse weë gewend vir sy redding. Soos Jakob, word ons voortdurend met hierdie keuses gekonfronteer; dit is 'n daaglise besluit. Ons kan vandag wegdoen met afgode, vals gode, begeertes van die vlees en om op ons self staat te maak en eerder kies om God te volg, en seën, beskerming en vervulde beloftes in Hom te vind.

Baie jare later, toe Jakob se familie 'n nasie geword het, het hulle voor dieselfde keuse te staan gekom. Soos hulle die land van Kanaan binnegegaan en ingeneem het, soos God aan generasies tevore belowe het, word hulle weer met hierdie keuse gekonfronteer: lewe en voorspoed deur gehoorsaamheid aan God of dood en vernietiging deur hul eie pad te volg. Ons het elke dag die geleentheid om die dinge van God bo die dinge van die wêreld te kies. En ongeag hoeveel keer ons ongehoorsaamheid gekies het, kan ons steeds terugdraai na die God van belofte, en lewe in Hom kies.

**LEES**

*Week 3 • Donderdag*

*Genesis 36:1-37:1*

Hier volg die besonderhede uit die familiegeskiedenis van Esau, dit is Edom. 2 Esau het getrou met Kanaänitiese meisies: met Ada dogter van Elon, 'n Hetiet, met Oholibama dogter van Ana, dogter van Sibon, 'n Hewiet, 3 en met Basemat dogter van Ismael en suster van Nebajot. 4 Ada het vir Elifas in die wêreld gebirng. Basemat het vir Reüel in die wêreld gebring 5 en Oholibama vir Jeüs, Jalam en Korag. Dit is Esau se seuns wat vir hom in Kanaän gebore is. 6 Maar Esau het met sy vrouens en sy seuns en dogters en al die mense by hom en met sy kleinvee en grootvee en al sy besittings wat hy in Kanaän bymekaargemaak het, weggetrek na 'n ander land toe, weg van sy broer Jakob af. 7 Hulle twee se besittings was te veel, hulle kon nie saam boer nie, en die land waar hulle as vreemdelinge gebly het, kon nie hulle vee dra nie. 8 Esau, dit is Edom, het in die Seïrberge gaan woon. 9 Hier volg die name van Esau se nageslag in die Seïrberge. Esau was die voorvader van die Edomiete. 10 Die name van Esau se seuns was: Elifas seun van Esau se vrou Ada, en Reüel seun van Esau se vrou Basemat. 11 Elifas se seuns was Teman, Omar, Sefo, Gatam en Kenas. 12 Esau se seun Elifas het vir Timna as byvrou gehad, en sy het vir Amalek in die wêreld gebring. Dit was die nageslag van Esau se vrou Ada. 13 Die seuns van Reüel was Nagat, Serag, Samma en Missa. Dit was die nageslag van Esau se vrou Basemat. 14 Die Seuns van Esau se vrou Oholibama dogter van Ana, dogter van Sibon, was Jeüs, Jalam en Korag. Hulle was Esau se seuns. 15 Die volgende uit Esau se nageslag was stamhoofde. Uit Esau se oudste seun Elifas se seuns was daar Teman, Omar, Sefo, Kenas, 16 Korag, Gatam en Amalek, almal stamhoofde. Hulle was stamhoofde in Edom, almal uit Elifas se huis, die nageslag van Ada. 17 Uit Esau se seun Reüel was daar Nagat, Serag, Samma en Missa, almal stamhoofde. Hulle was stamhoofde in Edom, almal uit Reüel se huis, die nageslag van Esau se vrou Basemat. 18 Die seuns van Esau se vrou Oholibama was Jeüs, Jalam, Korag, almal stamhoofde. Hulle was stamhoofde uit die geslag van Oholibama dogter van Ana, Esau se vrou. 19 Dit was Esau, dit is Edom, se nageslag, en dit was hulle stamhoofde. 20 Die eerste inwoner van die land Edom was Seïr die Goriet. Sy seuns was Lotan, Sobal, Ana, 21 Dison, Eser en Disan. Hulle was die Goritiese stamhoofde, die nageslag van Seïr, in Edom. 22 Lotan se seuns was Gori en Hemam. Timna was Lotan se suster. 23 Sobal se seuns was Alwan, Managat, Ebal, Sefi en Onam. 24 Sibon se seuns was Aja en Ana. Dit is die Ana wat die warmbronne in die woestyn ontdek het terwyl hy sy pa Sibon se donkies opgepas het. 25 Ana het 'n seun Dison en 'n dogter Oholibama gehad. 26 Dison se seuns was Gemdan, Esban, Jitran en Keran. 27 Eser se seuns was Bilhan, Saäwan en Akan. 28 Disan se seuns was Us en Aran. 29 Die stamhoofde van die Goriete was Lotan, Sobal, Sibon, Ana 30 Dison, Eser en Disan. Dit is die Goritiese stamhoofde uit hulle families in Seïr. 31 Daar het al konings oor Edom geregeer nog voor daar konings oor Israel geregeer het. Hier volg hulle name. 32 Bela seun van Beor het in die stad Dinhaba oor Edom geregeer. 33 Na sy dood het Jobab seun van Serag geregeer. Hy was afkomstig uit Bosra. 34 Na sy dood het Gusam geregeer. Hy was afkomstig uit die wêreld van die Temaniete. 35 Na sy dood het Hadad seun van Bedad in die stad Awit geregeer. Hadad het die Midianiete verslaan

**LEES**

*Week 3 • Donderdag*

in die gebied van Moab. 36 Na sy dood het Samla geregeer. Hy was afkomstig uit Masreka. 37 Na sy dood het Saul geregeer. Hy was afkomstig uit Regobot-aan-die-Rivier. 38 Na sy dood het Baäl-Gana seun van Akbor geregeer. 39 Na sy dood het Hadar in die stad Paü geregeer. Sy vrou was Mehetabel dogter van Matred, dogter van Me-Sahab. 40 Dit is die stamhoofde van Esau volgens hulle families en hulle woonplekke. Hulle was Timna, Alwa, Jetet, 41 Oholibama, Ela, Pinon, 42 Kenas, Teman, Misbar, 43 Magdiël en Iram. Dit is die name van die stamhoofde van Edom volgens hulle woonplekke in die land waar hulle besittings gehad het. Esau was die voorvader van Edom. 1 Jakob het in Kanaän gebly, die land waar sy voorvaders ook as vreemdelinge gebly het.

*Genesis 27:28-29*

God gee aan jou dou uit die hemel, die rykdom van die aarde: koring en wyn in oorvloed. 29 Volke sal jou dien, nasies sal voor jou buig; oor jou familie sal jy heers, jou broers sal voor jou buig. Wie 'n vervloeking oor jou uitspreek, sal self vervloek wees, Wie jou seën, sal geseën wees."

*Genesis 27:39-40*

sê sy pa Isak vir hom: "Jou woonplek sal ver van die aarde se rykdom af wees, en ook ver van die dou uit die hemel af. 40 Jy sal van oorlog leef en jy sal jou broer dien, maar as jy jou kans afwag, sal jy sy juk van jou nek afgooi."

*Hebreërs 10:23*

Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het.

*Hebreërs 11:20*

Omdat Isak geglo het, het hy Jakob en Esau geseën met die oog op die toekoms.

## SOAP

*Week 3 • Donderdag*

**SOAP** / *Hebreërs 10:23*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Donderdag*

**SOAP:**

*Hebreërs 10:23*

*Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het.*

**OORDENKING**

Die skrywer van Genesis lewer ‘n volledige verslag van Abraham se nageslag, met die fokus op diegene in die lyn van die belofte terwyl dit ook die verhale van baie van Abraham se ander afstammelinge insluit. Esau se familie is aangeteken op ‘n soortgelyke wyse as Ismael se familie in Genesis 25.

Esau, ook genoem Edom, het vrouens uit die Kanaänietiese volk geneem. Esau se keuse weerspieël ‘n liefde vir die wêreld en ‘n volgehoue besorgdheid om vleeslike begeertes te bevredig. Terwyl hy Jakob vergewe en met hom versoen het, word Esau beskryf as ‘n goddelose persoon wat die dinge van God verafsku het en wêreldse vryheid nagejaag het.

Alhoewel daar nie veel insig tot Esau se lewe voorsien word nie, kan ons steeds leer uit selfs hierdie kort geslagsregister. Eau was die vader van baie stamhoofde en konings, wat die land van Edom regeer het voordat daar enige konings in Israel was. Vanuit ‘n wêreldse perspektief, het Esau floreer. Hy het baie besittings en afstammelinge gehad, van wie sommige baie magtig was. Die belofte wat hy by sy pa ontvang het, het inderdaad waar geword. Hy het homself in ‘n welvarende gebied gevestig, van oorlog geleef, naburige stamme verower, en het hom nie aan Jakob onderwerp nie. Die vervulling van Esau se seëning wys die getrouheid van God. Al was Esau nie die uitverkorene van God nie, het hy steeds ‘n seëning ontvang.

Die voorspoed van Esau wys hoe wêreldse grootheid dikwels veel vinniger as geestelike grootheid bereik word. Dit verg geduld om die belofte van God te erf. Dikwels word geestelike seëninge ontvang eers nadat ‘n proses van loutering plaasgevind het. Dit was die geval in Jakob se lewe: God het hom weggevat van sy huis af voordat Hy sy belofte vervul het. Tog was die seëninge wat Esau ontvang het nog ‘n rede waarom Jakob aan God se beloftes vasgehou het. As Esau, wat nie deur God uitverkies is nie, steeds ‘n seëning ontvang het, hoeveel te meer sou God dan nie die beloftes vervul wat Hy gemaak het aan die een wat Hy uitverkies het nie?

Ons God is ‘n God van belofte. Hy kom al sy beloftes na in sy perfekte tyd. Al sy beloftes is betroubaar. Meeste van die mense van wie ons in Genesis leer het slegs die begin van die vervulling van God se belofte aanskou. Of ons aktief kan sien hoe God sy beloftes vervul al dan nie, het geen invloed op sy vermoë om dit te doen nie. Hy is die Beloftehouer, die enigste Een op wie ons kan staat maak. Hy alleen is betroubaar. Kom ons stel vandag ons vertroue in sy beloftehoudende krag.

## LEES

*Week 3 • Vrydag*

*Genesis 37:2-11*

Hier volg die familiegeskiedenis van Jakob. Josef was nog jonk, sewentien,
toe hy kleinvee opgepas het saam met sy broers, die seuns van Bilha en
Silpa, sy pa se vrouens. Josef het slegte stories oor sy broers by hulle pa
aangedra. 3 Van al sy seuns was Israel die liefste vir Josef, die seun wat in
sy ouderdom gebore is, en daarom het hy vir Josef lang klere met moue
gemaak. 4 Toe sy broers sien dat hulle pa vir Josef liewer het as vir enige van
hulle, het hulle 'n afkeer van Josef gekry en het hulle niks goeds oor hom
gesê nie. 5 Op 'n keer het Josef gedroom en dit vir sy broers vertel. Daarna
was hulle afkeer van hom nog groter. 6 Hy het vir hulle gesê: "Luister na die
droom wat ek gehad het. Ons was op die land besig om gerwe te bind 7 en
skielik gaan staan my gerf regop en julle gerwe gaan staan daar rondom en
hulle buig voor myne." 8 Toe sê sy broers vir hom: "Jy verbeel jou jy sal oor
ons koning word. Dink jy dalk jy sal oor ons regeer?" Oor sy drome en sy
praatjies het hulle 'n nog groter afkeer van hom gekry. 9 Hy het ook nog 'n
ander droom gehad en hy het dit vir sy broers vertel. Hy het gesê: "Ek het
weer gedroom. Die son en die maan en elf sterre het voor my kom buig."
10 Toe hy dit vir sy pa en sy broers vertel, het sy pa hom berispe en vir hom
gesê: "Wat vir 'n soort droom is dit wat jy gehad het? Verbeel jy jou ek en
jou ma en jou broers moet voor jou kom buig?" 11 Sy broers was afgunstig
op hom, en sy pa het aan die droom bly dink.

*Lukas 16:10*

"Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar; en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is ook in groot dinge oneerlik."

## SOAP

*Week 3 • Vrydag*

SOAP / *Lukas 16:10*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Vrydag*

**SOAP:**

*Lukas 16:10*

*Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar; en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is ook in groot dinge oneerlik.*

**OORDENKING**

Die verhaal van Genesis beweeg oor na 'n nuwe fokus in hoofstuk 37: die nageslag van Jakob. Josef, Jakob se elfde seun, word die hooffokus van die res van die boek. Die skrywer van Genesis gebruik talle literêre middele dwarsdeur Josef se storie, om die betekenis van sy lewe asook die voortsetting van God se beloftes uit te wys.

Soos Josef se storie ontvou, sien ons dieselfde temas wat in vorige gedeeltes van Genesis voorgekom het: goddelike seën, die gebruik van bedrog, die stryd tussen goed en kwaad, en voorspoed en toevlug in Egipte. Josef word egter anders as die voorvaders uitgebeeld. Die skrywer beklemtoon Josef se geregtigheid, getrouheid, wysheid en geduld. Sy karakter staan in teenstelling met dié van sy pa, wat bekend was vir bedrog en om op homself staat te maak. Deur vir Jakob op hierdie wyse uit te beeld het nie ten doel om Jakob te onteer nie; inteendeel, dit dien om die voorbeeldige karakter van 'n leier wat God eerbiedig, uit te lig.

In Josef se eerste opgetekende optrede openbaar hy verantwoordelikheid, omgee en getrouheid in wat aan hom toevertrou is. Sy broers was egter ontrou terwyl hulle hul pa se kudde opgepas het, wat Josef aan Jakob gerapporteer het.

Alhoewel Josef Jakob se elfde seun was, was hy as leier deur God uitverkies. Josef was getrou in 'n klein verantwoordelikheid, deur om te sien na sy pa se kudde. Die drome wat aan hom gegee is, het God se roeping en salwing op sy lewe uitgewys. God het aan Abraham, Isak en Jakob in drome verskyn, en sy aanwysing van elkeen as erfgenaam van die belofte bevestig. Net so het Josef se drome God se besluit getoon om hom as die leier onder sy broers te kies.

Terwyl Josef nie 'n invloedryke leier geword het tot heelwat later in sy lewe nie, was hy getrou en gehoorsaam aan God selfs in die klein dingetjies. Hy was getrou toe hy nie enige mag of krag gehad het nie, en, deur hierdie ervarings, het God hom vir die toekoms voorberei. Dwarsdeur sy lewe was Josef getrou, en het die dinge van God bo die dinge van die wêreld gekies. God het hom nie op grond van sy geregtigheid gekies nie, maar Josef was getrou in die roeping wat God aan hom gegee het.

Ons mag dalk nie 'n idee hê wat God vir ons beplan het nie. Hy mag jou dalk nou voorberei vir groot verantwoordelikhede in die toekoms. Hy mag dalk jou karakter nou vorm om jou in 'n gesagsposisie te plaas, hetsy in 'n loopbaan, in bediening, in jou familie, of in jou kerk. Mag ons kies om getrou aan Hom te wees maak nie saak hoe klein of onbenullig ons huidige opdrag mag lyk nie. Ons weet nooit wat God vir ons beoog nie!

## OORDENKING

*Week 3*

1. *Is daar 'n verhouding in jou lewe wat versoening nodig het? Wat spoor God jou aan om te doen terwyl jy wag vir sy perfekte tydsberekening vir die versoening?*

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

2. *Glo jy dat God geregtigheid sal bewerkstellig? Op watter gebiede is dit vir jou die moeilikste om op God se geregtigheid te wag en te vertrou?*

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

3. *Hoe sal jy kies om God vandag te volg? Watter versoekings staar jy in die gesig? Wat trek jou weg van God en nader aan die dinge van die wêreld?*

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

4. *Watter voorbeelde het jy gesien van sekulêre grootsheid of sukses wat vinniger groei as geestelike grootheid? Waarom vereis God se beloftes geduld van die ontvanger?*

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

5. *Oor watter areas het God jou verantwoordelikheid gegee? Hoe kan jy getrou wees in die klein dingetjies in jou lewe? Hoe kan jy getrou wees in die groot dinge wat God vir jou gegee het?*

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

*Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly. Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.*

*2 Korintiërs 4:17-18*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*God het Josef toegelaat om groot lyding in sy lewe te verduur om sy goddelike doel te bereik. Terwyl jy lees, let op Josef se lyding. Nadat jy hierdie week se leeswerk voltooi het, gaan deur die oomblikke van sy lyding en besin oor hoe God elkeen van daardie gebeurtenisse verlos het. Glo jy dat God op dieselfde manier in jou lewe kan werk? Hoe het God reeds van sommige van jou seisoene van lyding verlos?*

## LEES

*Week 4 • Maandag*

*Genesis 37:12-36*

Josef se broers het hulle pa se kleinvee gaan oppas in Sigem. 13 Toe sê Israel
vir Josef: “Kyk, jou broers pas die kleinvee op in Sigem. Ek wil jou na hulle toe
stuur.” Josef het geantwoord: “Goed, Pa!” 14 Toe sê Israel vir hom: “Gaan kyk
of alles nog reg is by jou broers en met die kleinvee en kom vertel my alles.”
Israel het hom van die laagte by Hebron af gestuur na Sigem toe. 15 Hy het
daar in die veld rondgesoek, en toe kom ’n man by hom en dié vra vir hom:
“Wat soek jy?” 16 Josef antwoord hom: “Ek soek my broers. Kan jy my dalk sê
waar hulle die kleinvee oppas?” 17 Toe sê die man: “Hulle het van hier af versit.
Ek het gehoor hulle sê hulle wil na Dotan toe gaan.” Josef is toe agter sy broers
aan en hy het hulle by Dotan gekry. 18 Hulle het hom al van ver af gesien en
voor hy by hulle gekom het, het hulle ooreengekom om hom dood te maak. 19
Hulle het naamlik vir mekaar gesê: “Kyk, daar kom die ou dromer aan. 20 Kom
ons maak hom dood en gooi hom in ’n put. Ons kan sê ’n roofdier het hom
opgevreet. Dan sal ons sien wat word van sy drome.” 21 Ruben het hulle hoor
praat en omdat hy vir Josef wou red, het Ruben gesê: “Nee, ons moet hom nie
doodmaak nie. 22 Moenie moord pleeg nie. Gooi hom liewer in hierdie put
hier in die veld. Moenie sy lewe neem nie.” Ruben het dit gesê sodat hy vir Josef
kon red en hom na sy pa toe kon terugstuur. 23 Josef het skaars by sy broers
aangekom of hulle trek sy klere uit, die lang klere met moue wat hy aangehad
het, 24 en vat hom en gooi hom in die put. Dit was ’n droë put, sonder water.
25 Daarna het hulle gaan sit en eet, en toe hulle weer sien, kom daar ’n klomp
Ismaelitiese handelaars uit Gilead aan. Hulle was op pad na Egipte toe en op
hulle kamele was daar gom, balsem en hars gelaai. 26 Toe sê Juda vir sy broers:
“Watter nut het dit vir ons om ons broer dood te maak en dit dig te hou? 27
Kom ons verkoop hom aan die Ismaeliete. Ons moenie sy lewe neem nie, hy is
ons broer, hy is bloedfamilie.” Juda se broers het na hom geluister, 28 en toe
daar van die Midianitiese handelaars verbykom, het die broers vir Josef uit die
put uit opgetrek en vir twintig stukke silwer aan die Ismaeliete verkoop en dié
het hom Egipte toe gevat. 29 Toe Ruben terugkom by die put, was Josef nie daar
nie. Ruben het sy klere geskeur 30 en teruggegaan na sy broers toe en vir hulle
gesê: “Die kind is weg! Wat moet ek nou doen?” 31 Maar sy broers het ‘n boklam
geslag en die klere van Josef gevat en in die bloed gedoop. 32 Toe stuur hulle Josef
se klere met ‘n boodskap vir hulle pa: “Ons het dít opgetel. Kyk of dit dalk u seun
se klere is.” 33 Israel het dit herken en gesê: “Dit is my seun se klere. ‘n Roofdier
het hom opgevreet. Josef is opgevreet!” 34 Jakob het sy klere geskeur en rouklere
aangetrek. Hy het lank oor sy seun getreur. 35 Al sy kinders het vir Jakob probeer
troos, maar hy wou hom nie laat troos nie. Hy het gesê: “Ek sal bly treur oor my
seun tot ek by hom in die dood is.” So het Josef se pa bly treur oor hom. 36 Die
Midianiete het vir Josef in Egipte verkoop aan Potifar. Hy was aan die farao se
paleis verbonde as hoof van die lyfwag.

## LEES

*Week 4 • Maandag*

*2 Korintiërs 4:7-18*

Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat
alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie. 8 In alles word ons verdruk,
maar ons is nie terneergedruk nie; ons is oor raad verleë, maar nie radeloos nie; 9
ons word vervolg, maar nie deur God verlaat nie, op die grond neergegooi, maar
nie vernietig nie. 10 Die sterwe van Jesus dra ons altyd saam in ons liggaam,
sodat ook die lewe van Jesus sigbaar kan word in ons liggaam. 11 Voortdurend
word ons wat lewe, ter wille van Jesus uitgelewer aan die dood, sodat ook in ons
sterflike bestaan die lewe van Jesus sigbaar kan word. 12 Dit beteken dat in ons
die dood aan die werk is, maar in julle die lewe. 13 Daar staan in die Skrif: "Ek
het geglo, daarom het ek gepraat." Ons het dieselfde Gees wat die geloof wek,
en ons glo, daarom praat ons ook. 14 Ons weet immers dat God, wat die Here
Jesus uit die dood opgewek het, ons ook saam met Jesus sal opwek en ons saam
met julle voor sy troon sal stel. 15 Ons doen dit alles om julle ontwil, sodat die
genade van God steeds meer mense kan bereik. Dan word die dankgebede ook
meer, en God ontvang die eer. 16 Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie.
Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe.
17 Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir
ons uit op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly. 18 Ons oog is
nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge
is tydelik, maar die onsigbare ewig.

## SOAP

*Week 4 • Maandag*

SOAP / *2 Korintiërs 4:17–18*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Maandag*

**SOAP:**

*2 Korintiërs 4:17–18*

*Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly. Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.*

**OORDENKING**

Josef was God se uitverkore leier in sy generasie, en God het hierdie roeping deur drome aan Josef openbaar. Josef was gehoorsaam aan God en getrou in hierdie verantwoordelikhede, het sy vader geëer en gedoen wat van hom gevra is. Josef was toe nog baie jonk, net sewentien jaar oud, en het in sy pa se huis gebly saam met baie van sy broers.

Jakob het vir Josef voorgetrek, en dit het verdeeldheid in sy huishouding veroorsaak. As gevolg hiervan, het Josef se broers hom hom soveel gehaat dat hulle nie vriendelike woorde teenoor hom kon uiter nie. Al het Jakob gesien hoe ouerlike voortrekkery sy eie familiebande vernietig het (sien Genesis 26), het hy hom tot dieselfde gedrag gewend wat dieselfde mate van verdeeldheid onder sy seuns teweeg gebring het.

Daar is nie 'n ogie gehou op die broers se haat nie en dit het op 'n grusame misdaad uitgeloop. Hul dade het die intense twis en jaloesie in Jakob se gesin onthul. Sy broers het hom verwerp, onbewus van Gos se salwing op sy lewe. Die gehoorsaamheid en getrouheid van Josef staan in sterk teenstelling met die boosheid van sy broers wat saamgesweer het om hom te vermoor, as 'n slaaf te verkoop, en hul pa te bedrieg.

'n Mens kan nie anders as om die ooreenkomste tussen Jakob en Josef se verhale raak te sien nie. Jakob het sy broer gemanipuleer vir sy eersgeboortereg en het toe sy seëning gesteel. Josef se broers het probeer om hul broer Josef, aan wie die seëning behoort het, te vernietig. Jakob is deur Laban vervolg en bedrieg, en al was Jakob nie onskuldig aan bedrog in sy handelinge nie, het God hom gered en hom beskerm. Josef is deur sy broers vervolg, wat toe hul pa bedrieg het, maar Josef was onskuldig, en God was eweneens met hom.

Wanneer ons God getrou dien, sal ons vervolging in die gesig staar. Diegene in leierskap- of gesagsposisies kan seker wees dat hulle teenstand as God se uitverkore leiers sal ervaar. Tog, selfs te midde van lyding, kan niks God se voornemens tot niet maak nie. Geen hoeveelheid teenstand, vervolging, moeilikheid, of lyding kan God se plan verander nie. Hy beskerm dié wat aan Hom behoort, en sy roeping op jou lewe kan nie verander word nie.

## LEES

*Week 4 • Dinsdag*

*Genesis 38*

Destyds het Juda weggetrek van sy broers af, in die rigting van Adullam waar hy by 'n man met die naam Gira uitgekom het. 2 Daar het Juda vir Bat-Sua, 'n Kanaänitiese meisie, raakgeloop en met haar getrou. Hy het met haar gemeenskap gehad, 3 en sy het swanger geword en 'n seun in die wêreld gebring. Juda het hom Er genoem. 4 Sy het weer swanger geword en nog 'n seun in die wêreld gebring en hom Onan genoem. 5 Toe Juda en Kesib was, het sy weer 'n seun in die wêreld gebring en hom Sela genoem. 6 Juda het sy oudste seun Er laat trou met Tamar. 7 Maar Er, Juda se oudste, was in die oë van die Here 'n slegte man, en die Here het hom laat sterf. 8 Toe sê Juda vir Onan: "Gaan na jou broer se weduwee toe, jou skoonsuster, en trou met haar, en sorg dat daar kinders gebore word vir jou broer." 9 Onan het geweet dat die kinders wat gebore sou word, nie as syne beskou sou word nie, en daarom het hy elke keer as hy met die weduwee van sy broer gemeenskap gehad het, gesorg dat sy saad op die grond kom. Hy wou nie dat daar kinders vir sy broer gebore word nie. 10 Maar wat Onan gedoen het, was verkeerd in die oë van die Here, en Hy het ook vir hom laat sterf. 11 Toe sê Juda vir sy skoondogter Tamar: "Gaan terug na jou pa se huis toe en bly daar 'n weduwee totdat my seun Sela groot is." Maar Juda het eintlik gedink: netnou sterf hy ook soos sy broers. Tamar is toe weg en sy het in haar pa se huis gebly. 12 'n Lang ruk hierná het Juda se vrou Bat-Sua gesterf. Nadat hy oor haar gerou het, is hy na Timna toe om sy kleinvee te laat skeer. Sy vriend Gira van Adullam is saam. 13 Daar is aan Tamar vertel dat haar skoonpa na Timna toe gaan om sy kleinvee te laat skeer. 14 Ondertussen het sy gemerk dat Sela al groot is, maar dat sy nog nie vir hom as vrou gegee is nie. Sy het toe haar rouklere tuis gelaat, haar gesig met 'n sluier toegemaak, haar vermom en by die poort van Enajim langs die Timnapad gaan sit. 15 Juda het haar gesien en gedink sy is 'n prostituut. Haar gesig was mos toegemaak. 16 Hy het na haar toe uitgedraai en vir haar gesê: "Kom! Ek wil met jou gemeenskap hê!" Hy het nie besef dat dit sy skoondogter is nie. Toe vra sy vir hom: "Wat sal jy my daarvoor betaal?" 17 Hy het geantwoord: "Ek sal vir jou 'n boklam uit my kudde stuur," maar sy sê: "Dan moet jy solank 'n pand gee." 18 Toe vra hy: "Wat se pand kan ek jou gee?" Sy het geantwoord: "Jou seëlring met die ketting en jou kierie." Hy het dit vir haar gegee en met haar gemeenskap gehad en sy het swanger geword. 19 Sy is toe terug huis toe waar sy haar sluier afgehaal en weer haar rouklere aangetrek het. 20 Juda het sy vriend, Gira van Adullam, gestuur met die boklam om die pand by haar te gaan haal, maar hy kon haar nie opspoor nie. 21 Hy het navraag gedoen by die mense van die plek waar sy gesit het. Hy het gevra: "Waar is daardie tempelprostituut wat by Enajim langs die pad was?" Hulle het hom geantwoord: "Hier by ons is nie 'n tempelprostituut nie." 22 Hy is toe terug en het vir Juda gesê: "Ek kon haar nie kry

## LEES

*Week 4 • Dinsdag*

nie. En die mense van daardie plek sê self ook daar is nie ’n tempelprostituut by
hulle nie.” 23 Toe sê Juda: “Laat sy die goed hou. Netnou maak ek nog ’n gek van
my. Ek sou die boklam stuur, maar jy kon die vrou nie kry nie.” 24 Drie maande
later is aan Juda vertel: “Jou skoondogter Tamar het haar soos ’n prostituut gedra
en is swanger.” Toe sê hy: “Bring haar uit dat sy kan verbrand word.” 25 Maar toe
hulle haar wou gaan haal, stuur sy ’n boodskap na haar skoonpa toe: “Die man
aan wie hierdie goed behoort – ek het by hom swanger geword. Stel vas aan wie
hierdie seëlring met die ketting en die kierie behoort.” 26 Juda het dit erken en
gesê: “Sy is onskuldig, ek nie! Ek moes my seun Sela aan haar as man gegee het.”
Juda het nooit weer met haar gemeenskap gehad nie. 27 Toe die tyd van haar
bevalling aanbreek, het dit geblyk dat sy ’n tweeling verwag. 28 Toe die geboorte
begin, het een van die twee sy hand uitgesteek en die vroedvrou het dit gegryp
en ’n stukkie rooi garing daarom gebind. Sy het gesê: “Hierdie een is eerste.” 29
Maar toe trek hy sy hand terug en sy broertjie kom. Toe sê sy: “Jy het met krag
vorentoe gekom.” Hy is toe Peres genoem. 30 Daarna het die broertjie gekom om
wie se hand die rooi garing was, en hy is Serag genoem.

*Rut 4:12*

Mag die nageslag wat die Here jou uit hierdie jong vrou sal gee, wees soos dié van Peres wat deur Tamar vir Juda in die wêreld gebring is.

*Matteus 1:2-16*

Abraham was die vader van Isak, Isak van Jakob, Jakob van juda en sy broers; 3
Juda was die vader van Peres en Serag by Tamar, Peres van Gesron, en Gesron van
Ram; 4 Ram was die vader van Amminadab, Amminadab van Nagson, en Nagson
van Salmon; 5 Salmon was die vader van Boas by Ragab, Boas van Obed by Rut,
Obed van Isai; 6 Isai was die vader van koning Dawid. Dawid was die vader van
Salomo by die vrou Urija; 7 Salomo was die vader van Rehabeam van Abia en
Abia van Asa; 8 Asa was die vader van Josafat, Josafat van Joram, en Joram van
Ussia; 9 Ussia was die vader van Jotam, Jotam van Agas, en Agas van Hiskia; 10
Hiskia was die vader van Manasse, Manasse van Amon, en Amon van Josia; 11
Josia was die vader van Jojagin en sy broers. Toe is die volk wegevoer na Babilonië
toe. 12 En na die Babiloniese ballingskap was dit so: Jojagin was die vader van
Sealtiël, en Sealtiël van Serubbabel; 13 Serubbabel was die vader van Abihud,
Abihud van Eljakim, en Eljakim van Asor; 14 Asor was die vader van Sadok,
Sadok van Agim, en Agim van Elihud; 15 Elihud was die vader van Eleasar,
Eleasar van Mattan, en Mattan van Jakob; 16 Jakob was die vader van Josef, die
man van Maria uit wie gebore is Jesus wat Christus genoem word.

## SOAP

*Week 4 • Dinsdag*

SOAP / *Rut 4:12*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Rut 4:12*

*Mag die nageslag wat die Here jou uit hierdie jong vrou sal gee, wees soos dié van Peres wat deur Tamar vir Juda in die wêreld gebring is.*

**OORDENKING**

Daar is konsekwente temas regdeur die boek Genesis, veral deur die patriargale narratiewe. Die verslag van Juda en Tamar gaan voort om hierdie temas te vertoon, wat oënskynlik geïsoleerde gebeure aan die res van die verhaal koppel.

Een van hierdie besonder duidelike temas is God se keuse van 'n jonger broer of suster bo die eersgeborene. Juda het probeer om die status van die eersgeborene te verkry deur Josef aan die Midianiete te verkoop. Juda was volgende aan die beurt aangesien sy drie ouer broers hulleself deur morele mislukking gediskwalifiseer het (sien Genesis 34; 35:22). Alhoewel God Josef gekies het om die een te wees om die dubbele deel van die eersgeborene te ontvang, sou Juda ook 'n seën ontvang vanweë sy bekering van sonde en daaropvolgende gehoorsaamheid.

Juda het sy broer verraai en as slaaf verkoop en toe sy pa bedrieg deur hom te laat glo dat Josef dood is. Hy het die dinge van die wêreld, boosheid en 'n lewe ver van God af gekies. Hy het by die Kanaäniete gaan woon, die volk van wie God die kinders van Israel beveel het om geskei te bly. Sy versuim om gehoorsaam te lewe het tot die dood van sy seuns gelei, aangesien hulle ook goddeloos voor die Here was. Juda het geweier om Tamar, sy skoondogter, aan sy seun Sela te gee nadat haar man gesterf het. God het Juda gedissiplineer soos Hy sy vader gedissiplineer het. Juda het sy pa bedrieg en is op sy beurt deur God gedissiplineer deur die bedrog van sy skoondogter.

Tamar staan uit as die enigste goedbedoelde persoon in hierdie gebeure. Terwyl ons dalk met minagting na haar optrede kyk, het sy probeer om haar toekoms te verseker en haar regte as die vrou van Juda se eersgeborene terug te eis. Te midde van 'n korrupte familie het sy Juda se geslag daarvan weerhou om met die Kanaäniete om te gaan. Sy het die familie beskerm en is in Israel se geskiedenis met respek en eer beskou. Haar optrede het die geslag van Juda verlos, die lyn waardeur God sy Seun in die wêreld sou bring.

Tamar se verhaal wys vir ons dat, ongeag die desperaatheid, maak nie saak hoe ver sy uitverkore volk gedwaal het nie, God is die held. Hy is die een wat Juda gedissiplineer het en hom teruggelei het na sy vader se huishouding. Hy is die een wat geregtigheid vir Tamar bewerkstellig het en haar in Israel se geskiedenis vereer het. En selfs in die gemors van hierdie situasie, was die uiteindelike resultaat die geboorte van die Een wat die wêreld van sonde en dood sou red. Jesus Christus stam van Juda en Tamar af, en herinner ons daaraan dat ons God altyd sy goeie voornemens sal uitwerk, ten spyte van mense se sonde.

## LEES

*Week 4 • Woensdag*

*Genesis 39*

Josef is na Egipte toe gebring. Potifar, 'n amptenaar van die farao en hoof van die lyfwag, 'n Egiptenaar van geboorte, het vir Josef by die Ismaeliete gekoop wat hom Egipte toe gevat het. 2 Die Here was by Josef en dit het baie goed gegaan met hom. Hy het in die huis van sy eienaar, die Egiptenaar, gebly. 3 Toe Potifar, Josef se eienaar, sien dat die Here by Josef is en dat die Here alles wat Josef aanpak, laat slaag, 4 was Potifar hom goedgesind. Hy het Potifar se persoonlike slaaf geword en Potifar het hom aangestel oor sy hele huishouding, en al sy besittings is onder Josef se sorg geplaas. 5 Van toe af het die Here die huis van die Egiptenaar geseën. Dit was oor Josef dat die Here dit gedoen het. Die seën van die Here het gerus op al Potifar se besittings, dié in sy huis en dié in die veld. 6 Hy het alles aan Josef oorgelaat en hom niks gesteur nie, behalwe aan sy kos. Josef was fris gebou en mooi. 7 Na sy bevordering in sy eienaar se huis het dié se vrou na Josef gekyk en vir hom gesê: "Kom slaap by my." 8 Maar hy wou nie en hy het vir sy eienaar se vrou gesê: "Meneer steur hom aan niks vandat ek hier is nie. Wat hy besit, het hy onder my sorg geplaas. 9 Daar is niemand wat in hierdie huis meer gesag het as ek nie. Meneer het niks van my teruggehou nie, behalwe vir u, want u is sy vrou. Hoe kan ek so 'n verkeerde ding doen? Ek sal mos teen God sondig!" 10 Sy het dag vir dag by Josef aangehou, maar hy het bly weier om by haar te gaan slaap. 11 Op 'n dag toe Josef in die huis ingaan om sy werk te doen, was daar niemand van die ander slawe in die huis nie. 12 Toe gryp Potifar se vrou hom aan sy klere en sê: "Kom lê by my." Maar Josef het buitentoe gevlug, terwyl sy 'n stuk van sy klere in haar hand bly hou. 13 Toe sy sien dat hy buitentoe gevlug het terwyl sy 'n stuk van sy klere in haar hand bly hou, 14 roep sy die ander slawe van haar huis en sê vir hulle: "Kyk, Meneer het hierdie Hebreër na ons toe gebring om ons te kom verneder. Hy wou by my kom slaap, maar toe ek hard begin skree 15 en hy hoor hoe hard ek aanhou roep, het hy buitentoe gevlug en hierdie stuk klere by my gelos." 16 Sy het die stuk klere by haar gehou tot Josef se eienaar huis toe gekom het. 17 Sy het alles vir hom vertel en vir hom gesê: "Die Hebreeuse slaaf wat jy hier by ons ingebring het, het by my kom aanlê, 18 maar toe ek hard aanhou roep, het hy buitentoe gevlug en hierdie stuk klere by my gelos." 19 Toe Josef se eienaar by sy vrou hoor wat sy slaaf alles aan haar gedoen het, was hy kwaad, 20 en het hy vir Josef gevat en in die tronk gegooi waarin die mense was wat deur die koning gevange gehou is. Terwyl Josef daar in die tronk was, 21 was die Here by hom, en Hy het Josef sy troue liefde laat ondervind, sodat die tronkbewaarder hom goedgesind geword het. 22 Hy het vir Josef in beheer geplaas van al die gevangenes in die tronk en van wat hulle moes doen. Josef was vir alles verantwoordelik, 23 en die tronkbewaarder het nie meer na iets omgesien nie; alles was in Josef se hande, want die Here was by hom. Wat Josef ook al aangepak het, die Here het dit laat slaag.

## LEES

*Week 4 • Woensdag*

*Jakobus 1:2-18*

My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, 3
want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat
om te volhard. 4 En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot
volle geestlike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming. 5 As een van julle
wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want
God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt. 6 Maar ’n mens moet
gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos ’n brander in die see
wat deur die wind gejaag en heen en weer gedryf word. 7-8 So ’n mens wat altyd
aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets
van die Here sal ontvang nie. 9 ’n Gelowige wat arm is, moet hom daarin verheug
dat hy sy aansien in God het, 10 en een wat ryk is, dat hy voor God gering is,
want die ryke sal vergaan soos ’n veldblom. 11 As die son met sy gloeiende hitte
opkom, verskroei dit die plantegroei, die blomme val af en die prag is daarmee
heen. So sal die ryke ook tussen al sy bedrywighede deur vergaan. 12 Gelukkig is
die mens wat in versoeking standvastig bly. As hy die toets deurstaan het, sal hy
as oorwinningsprys die lewe ontvang wat die Here belowe het aan dié wat Hom
liefhet. 13 Iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: “Ek word deur God
versoek” nie; want God kan nie verlei word nie, en self verlei Hy niemand nie.
14 Maar ’n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep.
15 Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as
die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood. 16 Moenie julleself mislei
nie, my liewe broers. 17 Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van
Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos
hulle verander of verduister is nie. 18 Omdat dit sy wil was, het God ons deur
die woord van die waarheid tot die lewe gebring, sodat ons, om dit so te stel,
eerstelinge kan wees van alles wat Hy geskep het.

## SOAP

*Week 4 • Woensdag*

SOAP / *Jakobus 1:12–13, 17*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Woensdag*

**SOAP:**

*Jakobus 1:12–13, 17*

*Gelukkig is die mens wat in versoeking standvastig bly. As hy die toets deurstaan het, sal hy as oorwinningsprys die lewe ontvang wat die Here belowe het aan dié wat Hom liefhet. Iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: "Ek word deur God versoek" nie; want God kan nie verlei word nie, en self verlei Hy niemand nie. Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie.*

**OORDENKING**

Nadat hy die ongehoorsaamheid van Juda opgeteken het, toon die skrywer van Genesis die getrouheid van Josef, God se uitverkore leier. Die eerste toneel in hoofstuk 39 toon God se seën op Josef, bevestig dat sy teenwoordigheid by hom was, selfs in Egipte, en dat Hy hom sukses in Potifar se huis gegee het. Die fokus is op God se teenwoordigheid en seën, nie Josef se werk nie. Josef het God se seën erken en getrou gedien. Alhoewel hy verwerping en verraad van sy broers ervaar het, het God hom na 'n belangrike plek van gesag in Potifar se huis gebring.

Josef se toewyding aan God het hom in staat gestel om versoeking te weerstaan. Josef was seker dat God hom geseën het en sukses gegee het wat net van Hom af kon kom. Sy oortuiging om getrou aan God te bly is deur die loop van tyd gebou, nie in sy oomblik van versoeking nie. Versoeking het na Josef gekom in 'n tyd van groot seën, miskien toe hy die kwesbaarste was, maar hy het in geloof opgetree en gekies om God te gehoorsaam. Sy bewustheid van en vertroue in God se teenwoordigheid en seën het Josef in staat gestel om dít te doen wat God geëer het.

Nadat Josef onregverdig in die tronk gegooi is, het hy weer God se groot seën ervaar. God het aangehou om met Josef in die tronk te wees, net soos hy met hom in Potifar se huishouding was. Josef se omstandighede het geen invloed op die getrouheid van God gehad nie. Selfs in die tronk het God Josef suksesvol gemaak in alles wat hy gedoen het. God het Josef se gehoorsaamheid beloon, al was dit dalk nie onmiddellik nie. Die hernieude seën het God se roeping op sy lewe bevestig.

Josef se voorbeeld verskaf aan gelowiges 'n uitstekende raamwerk van hoe om versoeking te weerstaan. Wanneer ons nie 'n tyd van toetsing beleef nie, moet ons erken dat God 'n unieke roeping op ons lewens as gelowiges in Christus geplaas het. Ons kan versoeking suksesvol weerstaan as ons tyd spandeer het om voor te berei, te groei in ons geloof en verhouding met God en die oortuiging te ontwikkel dat alle goeie dinge van Hom kom en nie ons eie pogings nie. God is getrou om beproewings en versoekings in ons lewens te gebruik terwyl Hy ons voorberei vir wat Hy beplan het. Alle seën is van Hom, en Hy is getrou om die gehoorsaamheid van sy mense op sy perfekte tydsberekening te beloon.

## LEES

*Week 4 • Donderdag*

*Genesis 40*

'n Ruk nadat Josef in die tronk gesit is, het 'n skinker en 'n bakker van Egipte se koning verkeerd opgetree teenoor hulle koning. 2 Die Farao het kwaad geword vir sy twee amptenare, die hoof van die skinkers en die hoof van die bakkers. 3 Hy het hulle in dieselfde tronk laat sit waarin Josef opgesluit was, in die gebou van die koninklike lyfwag. 4 Die hoof van die lyfwag het Josef vir hulle beskikbaar gestel: hy moes hulle bedien. Toe hulle al lank in die tronk was, 5 het die twee een nag gedroom. Die skinker en die bakker van die koning van Egipte het daar waar hulle in die tronk opgesluit was, elkeen sy eie droom gehad met sy eie uitleg. 6 Josef het die volgende môre by hulle gekom en opgemerk dat hulle bedruk was. 7 Hy het vir die twee wat saam met hom in die tronk was, die amptenare van die farao, gevra: "Waarom lyk julle vandag so bedruk?" 8 Hulle het hom geantwoord: "Ons het elkeen 'n droom gehad en ons weet nie wat dit beteken nie." Toe sê Josef vir hulle: "God ken julle drome se uitleg. Vertel die drome vir my." 9 Die hoof van die skinkers het sy droom vir Josef vertel. Die skinker het gesê: "In my droom het ek 'n wingerdstok voor my gesien, 10 en aan die wingerdstok was daar drie lote. Dit het kwalik gebot of daar was al blomme, en toe is die trosse druiw ryp. 11 Ek het die farao se beker in my hand gehad en ek het die druiwe gepluk en daarin uitgedruk. Toe gee ek die beker vir die farao." 12 Josef het vir die skinker gesê: "Dit is die uitleg: die drie lote is drie dae. 13 Oor drie dae sal die farao aan jou aandag gee en jou in jou amp herstel. Jy sal weer vir die farao sy beker aangee soos vroeër toe jy sy skinker was. 14 Maar wanneer dit goed gaan met jou, moet jy aan my dink en moet jy my 'n guns bewys. Jy moet my saak vir hom stel en sorg dat ek uit hierdie plek uitkom. 15 Ek is uit die land van die Hebreërs gesteel en ook hier het ek niks gedoen waaroor hulle my in hierdie gat kon gooi nie." 16 Toe die hoof van die bakkers die gunstige uitleg hoor wat Josef gegee het, sê hy vir hom: "En nou ek! In my droom was daar drie mandjies met brood op my kop. 17 In die boonste mandjie was daar 'n geurige baksel vir die farao. Maar die voëls het dit so uit die mandjie uit my kop kom vreet." 18 Josef het vir die bakker gesê: "Dit is die uitleg: die drie mandjies is drie dae. 19 Oor drie dae sal die farao aan jou aandag gee, maar vir jóú sal hy aan 'n paal laat ophang en die voëls sal jou vleis van jou afvreet." 20 Drie dae later was dit die farao se verjaarsdag en hy het al sy amptenare op 'n groot ete onthaal. Daar voor sy amptenare het hy aandag gegee aan die saak van die skinker en die bakker. 21 Hy het die hoof van die skinkers in sy amp as skinker herstel, en die skinker het weer vir die farao sy beker aangegee, 22 maar hy het die hoof van die bakkers laat ophang. Dit alles het gebeur soos Josef vir die twee hulle drome uitgelê het. 23 Maar die hoof van die skinkers het nie aan Josef gedink nie, hy het van Josef vergeet.

*Psalm 13*

Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid. 2 Hoe lank gaan U my nog bly vergeet, Here? Vir altyd? Hoe lank gaan U nog van my af weg kyk? 3 Hoe lank moet ek nog my eie planne maak en my dae met kommer deurbring? Hoe lank sal die vyand my nog oorheers? 4 Luister tog en antwoord my, Here my God! Gee my tog nuwe lewenskrag. Ek wil nie sterwe nie, 5 anders sê my vyand hy het my oorwin en juig my verdrukkers oor my ondergang. 6 Ek hou vas aan u troue liefde, oor die uitkoms wat U gee, juig my hart. Ek wil sing tot eer van die Here, omdat Hy aan my goed gedoen het.

## SOAP

*Week 4 • Donderdag*

**SOAP /** *Psalm 13:6*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Donderdag*

**SOAP:**

*Psalm 13:6*

*Ek hou vas aan u troue liefde, oor die uitkoms wat U gee, juig my hart.*
*Ek wil sing tot eer van die Here, omdat Hy aan my goed gedoen het.*

**OORDENKING**

In vandag se gedeelte vind ons Josef op sy laagste punt. Josef was die geliefde seun van sy pa, Jakob. God het vir Josef 'n belofte gegee van wie hy sou word deur middel van 'n reeks drome, wat hom gewys het dat sy broers en pa eendag voor hom sou buig. God het in 'n droom aan Josef verskyn en beloftes aan hom gemaak, net soos Hy aan Jakob, Isak en Abraham gedoen het.

Sedert Josef hierdie drome gehad het, het hy ongelooflike swaargekry en onreg verduur. Sy broers het hom verraai, hom in 'n put gegooi en hom in slawerny verkoop. Hy het sukses in Potifar se huis gevind net om valslik van 'n misdaad beskuldig en onregverdig in die tronk gegooi te word. En alhoewel Josef tot 'n gesagsposisie in die tronk opgestaan het, het hy steeds in slawerny gelewe.

In alles wat met Josef gebeur het, sou dit verstaanbaar gewees het as sy geloof gewankel het of as hy gedink hy het God se boodskap in die eerste plek verkeerd verstaan. Tog het God na al hierdie gebeure vir Josef 'n geleentheid gegee om sy geloof te demonstreer, selfs op sy laagste punt.

Die manier waarop die drome van die skinker en die bakker opgeteken word, is bedoel om die lesers van Genesis te herinner aan Josef se drome van jare vroeër (Genesis 37). Ons weet nie of Josef hierdie ooreenkomste herken het nie, maar die skrywer van Genesis het hierdie verbindings ingesluit om vir sy lesers te wys hoe God nog aan die werk was. God het in die verlede met Josef deur drome gepraat, en Hy sou voortgaan om drome te gebruik om vir Josef te vertel wat sou kom. Josef se gedagtes word nie opgeteken nie, maar sy optrede spreek boekdele. Deur die drome te interpreteer, het Josef sy onwrikbare geloof gedemonstreer. Hy het steeds geglo dat God met sy mense deur drome gepraat het, en hy het geglo dat God sy beloftes aan hom sou nakom.

God werk in ons lewens en situasies. Hy is 'n God wat sien, omgee en beweeg. Ons kan dit in Josef se lewe sien en bemoediging vind in ons eie omstandighede. Maak nie saak wat ons vandag in die gesig staar nie, ons kan ons geloof demonstreer deur aan te hou glo in God se beloftes. God sal aanhou om sy doel te bewerkstellig; sy getrouheid in die verlede is 'n model en 'n belofte vir sy getrouheid in die toekoms. Hy sal aanhou werk, selfs wanneer ons voel ons is in die put. Soos die psalmis verkondig het, kan ons op sy getrouheid en sy komende verlossing vertrou, en lofsange tot Hom sing wanneer ons geregverdig word.

## LEES

*Week 4 • Vrydag*

*Genesis 41*

Twee jaar later het die farao 'n droom gehad. Hy het gedroom hy staan langs die
Nyl. 2 Uit die rivier kom daar toe sewe mooi vet koeie uit en hulle gaan wei in die
vleigras. 3 Ná hulle kom daar toe sewe ander koeie uit die rivier uit. Hulle was lelik
en maer en het langs die ander koeie op die rivierwal gaan staan. 4 Toe vreet die
lelike maer koeie die sewe mooi vettes op. Daarna het die farao wakker geskrik. 5
Hy het weer aan die slaap geraak en weer gedroom. Hy het gesien hoe wese mooi vol
are opskiet aan een stingel. 6 Ná hulle kom daar toe sewe skraal are uit wat verskroei
is deur die oostewind. 7 Die skraal are sluk toe die sewe vol vet are in. Daarna het
die farao wakker geskrik, en hy het besef hy het gedroom. 8 Die more was die farao
onrustig oor die drome. Hy het al die waarseêrs van Egipte en ook die raadgewers
almal laat roep en vir hulle sy droom vertel. Maar niemand kon dit vir hom uitlê
nie. 9 Toe sê die hoof van die skinkers vir die farao: "Vandag moet ek u herinner
aan die verkeerde ding wat ek vroeër gedoen het. 10 U het toe kwaad geword en vir
u dienaars, vir my en vir die hoof van die bakkers, en u het ons laat opsluit in die
tronk in die huis van die hoof van u lyfwag. 11 "Daar het ons in een en dieselfde
nag 'n droom gehad, elkeen sy eie droom met sy eie uitleg. 12 Saam met ons was
'n Hebreeuse jongman, 'n slaaf van die hoof van die lyfwag. Ons het toe ons drome
vir hom vertel, en hy het dit vir ons uitgelê. Hy het dit uitgelê volgens elkeen se
droom. 13 Soos hy dit vir ons uitgelê het, het dit daarna gebeur: vir my het hy in
my amp laat herstel en die bakker het hy laat ophang." 14 Toe het die farao vir Josef
laat roep en hulle het hom gou uit die tronk gehaal. Nadat hulle hom geskeer en
ander klere aangetrek het, is hy na die farao toe. 15 Die farao het vir Josef gesê: "Ek
het 'n droom gehad, maar daar is niemand wat dit kan uitlê nie. Toe het ek van jou
gehoor: jy lê 'n droom uit as jy hom hoor." 16 Josef het vir die farao gesê: "Nie ek
nie! God gee dié goeie antwoord vir u." 17 Toe sê die farao vir Josef: "In my droom
het ek op die wal van die Nyl gestaan. 18 Toe kom daar sewe mooi vet koeie uit die
rivier uit en hulle gaan wei in die vleigras. 19 Ná hulle kom daar toe sewe ander
koeie uit die rivier uit. Hulle was lelik en maer. Ek het nog nooit sulke lelike diere
in Egipte gesien nie. 20 Toe vreet die lelike maer koeie die eerste sewe, die vettes, op.
21 Nadat hulle ingesluk was, kon jy dit nie aan die maeres merk nie: hulle het nog
net so sleg gelyk as aan die begin. "Toe het ek wakker geskrik. 22 "Ek het daarna in
'n droom gesien: sewe mooi vol are het opgeskiet aan een stingel. 23 Ná hulle kom
daar toe sewe droë, skraal are uit wat verskroei is deur die oostewind. 24 Die skraal
are sluk toe die sewe mooi are in. "Ek het dit vir die waarsêers vertel, maar niemand
kon my iets sê nie." 25 Toe sê Josef vir die farao: "U het maar net een droom gehad.
Wat God wil doen, het Hy aan u meegedeel. 26 "Die sewe mooi koeie is sewe jaar
en die sewe mooi are is sewe jaar. Dit is maar een en dieselfde droom. 27 Die sewe
maer, lelike koeie wat daarna uit die rivier gekom het, en die sewe skraal are wat
deur die oostewind verskroei is, is ook sewe jaar, sewe jaar hongersnood. 28 "Dit is
wat ek bedoel het toe ek vir u gesê het dat God u laat sien het wat Hy wil doen. 29
"Daar sal in die hele Egipte sewe jaar van groot oorvloed kom. 30 Dan breek daar
sewe jaar hongersnood aan. Die mense sal die voorspoed wat daar in die hele Egipte

## LEES

*Week 4 • Vrydag*

was, vergeet en die hongersnood sal die land op sy knieë bring. 31 Die hongersnood
sal so straf wees dat 'n mens later niks meer van die oorvloed sal merk nie. 32 "Die
droom het twee keer na u toe gekom omdat die saak vas staan by God. Hy sal dit
binnekort uitvoer. 33 "Ek beveel aan dat u 'n verstandige en wyse man kies en hom
in beheer plaas van die hele Egipte. 34 Die farao moet dit doen: u moet beamptes
vir die hele land aanstel en die land tydens die sewe jaar van oorvloed behoorlik
organiseer. 35 Hulle moet al die graan van die goeie jare wat aan die kom is, insamel
en dit in graanskure bêre en bewaak sodat daar kos tot u beskikking is. 36 Die graan
moet vir die land in reserwe gehou word, dit moet vir die sewe jaar van hongersnood
beskikbaar wees in Egipte. Dan sal die hongersnood nie die land uitroei nie." 37
Die farao en al sy amptenare het Josef se raad goedgevind. 38 Toe sê die farao vir
sy amptenare: "Waar kry ons so iemand, 'n man met die verstand van 'n god?" 39
Die farao het daarop vir Josef gesê: "God het jou dit alles bekend gemaak. Daaruit
is dit duidelik dat niemand soveel verstand en wysheid as jy het nie. 40 Ek stel jou
aan oor my paleis. "My volk moet jou gehoorsaam. Net ek sal meer mag hê as jy." 41
Die farao het verder nog vir Josef gesê: "Kyky, ek stel jou aan oor die hele Egipte."
42 Toe haal die farao sy seëlring af en steek dit aan Josef se vinger. Die farao het vir
Josef linneklere laat aantrek en 'n goue ketting om sy nek gehang 43 en hom laat
ry op die tweede beste wa van die farao. Daar is voor Josef uitgeroep: "Betoon hom
eer!" So is Josef oor die hele Egipte aangestel. 44 Toe het die farao vir Josef gesê:
"Ek bly die farao, maar sonder jou toestemming mag niemand in Egipte 'n vinger
verroer of 'n voet versit nie." 45-46 Die farao het Josef Safenat-Paneag genoem
en vir hom Asenat, dogter van Poti-Fera priester van On, as vrou gegee. Josef was
dertig jaar oud toe hy in die diens van die farao die koning van Egipte getree het.
Josef is van die farao af weg en het die land deurgegaan, die hele Egipte. 47 Tydens
die sewe jaar van oorvloed het die land 'n buitengewone groot oes gegee, 48 en
Josef het al die graan wat daar in hierdie jare in Egipte was, bymekaargebring en
in graanskure gebêre: in elke stad is die graan uit die lande van daardie omgewing
gebêre. 49 Josef het so baie koring bymekaargemaak dat dit net soveel was as die
sand van die see. Hy het later opgehou om aan te teken hoeveel daar was, want dit
was te veel om te tel. 50 Reeds voor die jare van hongersnood begin het, is daar vir
Josef twee seuns gebore. Sy vrou Asenat, dogter van Poti-Fera priester van On, het
hulle vir Josef in die wêreld gebring. 51 Hy het die oudste Manasse genoem, "want,"
het hy gesê, "God het my alles laat vergeet: al my swaarkry en alles wat my familie
my aangedoen het." 52 Josef het sy ander seun Efraim genome, "want," het hy gesê,
"God het my vrugbaar gemaak in die land waar ek verneder is." 53 Na die sewe
jaar voorspoed in Egipte 54 het die sewe jaar hongersnood begin. So het Josef dit
destyds aangekondig. In al die lande was daar hongersnood, maar in die hele Egipte
was daar kos, 55 want toe die hongersnood Egipte tref en die mense vir die farao
kos vra, het hy vir al die Egiptenaars gesê: "Gaan na Josef toe en doen wat hy sê." 56
Oor die hele wêreld was daar hongersnood, en toe dit straf word in Egipte, het Josef
die graanskure oopgesluit en wat daarin was, aan die Egiptenaars begin verkoop. 57
En toe die hongersnood straf word in die ander lande, het die mense van die hele
wêreld Egipte toe gekom om koring te koop by Josef.

## SOAP

*Week 4 • Vrydag*

SOAP / *Genesis 41:51–52*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Vrydag*

**SOAP:**

*Genesis 41:51–52*

*Hy het die oudste Manasse genoem, "want," het hy gesê, "God het my alles laat vergeet: al my swaarkry en alles wat my familie my aangedoen het." Josef het sy ander seun Efraim genoem, "want," het hy gesê, "God het my vrugbaar gemaak in die land waar ek verneder is."*

**OORDENKING**

Die gebeure wat in Genesis hoofstuk 41 opgeteken is, dui op 'n groot keerpunt in die lewe van Josef. Alhoewel hy groot lyding beleef het, was God in beheer. Die soewereiniteit van God word vertoon deur die drome van Farao, die interpretasie wat Josef aangebied het, die eer en gesag wat as gevolg daarvan aan hom gegee is, en die name van sy kinders.

Josef was dertig jaar oud toe hy Farao in Egipte begin dien het; hy was sewentien toe sy broers hom aan die Midianiete verkoop het. Josef het ten minste twee van daardie dertien jaar in die tronk deurgebring, waarskynlik baie meer. Tog, alhoewel hy groot onregverdigheid en lyding in die gesig gestaar het, het Josef getrou aan God gebly, na Hom gestreef en in gehoorsaamheid gewandel, ongeag sy omstandighede.

God het sy soewereiniteit oor die nasies geopenbaar deur sy planne te openbaar om die Egiptenaars met 'n oorvloedige oes te seën en hulle dan met 'n groot hongersnood te verneder. God beheer alles, van die natuur tot die magtigste nasies en heersers. En toe hierdie magtige nasie nie die planne van God kon interpreteer nie, het Hy sy getroue dienaar in 'n ereplek herstel toe Hy sy soewereine planne tot stand gebring het.

Deur sy planne vir Egipte te openbaar, het God ook sy spesifieke planne vir Josef, sy uitverkore leier, geopenbaar. God, nie Farao nie, het Josef aangestel om in hierdie tyd in beheer van die nasie Egipte te wees. Josef se getrouheid in die klein dingetjies is geëer en hy is in beheer van baie dinge geplaas (Genesis 37:2; 39:1–6, 21–23). Uiteindelik, na baie hartseer en lyding, kon Josef God se wonderlike plan vir hom voor sy oë sien ontvou.

Die name van Josef se seuns toon sy dankbaarheid vir en erkenning van wat God in sy lewe gedoen het. Die naam Manasse was 'n herinnering dat God Josef toegelaat het om sy moeilikheid en sy vader se huis te vergeet. Efraim se naam was 'n herinnering daaraan dat God Josef toegelaat het om vrugbaar te wees in die land van sy lyding. Josef het God se voorsiening en sorg oor sy lewe erken. Hy het God se werk en verlossing vir hom erken, en sy kinders se name was permanente herinneringe aan God se getrouheid.

Josef het konsekwent die dinge van God gekies. Hy was getrou in alles wat God hom gegee het, van sy vader se kleinvee tot Potifar se huis, van die gevangenes tot die hele nasie van Egipte. Sy getrouheid is 'n model vir volgelinge van Christus. Maak nie saak waar ons is nie, ons kan getrou en gehoorsaam aan God bly. Alhoewel dit dalk nie onmiddellik is nie, sal God eendag diegene beloon wat aan Hom toegewy is.

## OORDENKING

*Week 4*

1. *Moet jy, soos Josef, swaarkry as leier verduur? Of is jy, soos sy broers, in die versoeking om diegene wat God as leiers oor jou gekies het, teë te staan? Hoe kan jy 'n ewige ingesteldheid in hierdie situasies handhaaf?*

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

2. *Het jy al voor 'n situasie te staan gekom waar jy die behoefte gehad het om na desperate pogings te gryp om God se voornemens te bewerkstellig? Hoe kan jy gehoorsaam bly aan God selfs in 'n moeilike situasie? Hoe kan jy Hom vandag vertrou, al is jy in die middel van 'n gemors?*

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

3. *Hoe kan jy vandag voorberei om versoeking in die toekoms te weerstaan?*

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

4. *Hoe is God se getrouheid aan Josef in die tronk getoon? Hoe het jy gesien hoe God sy getrouheid aan jou toon toe jy in 'n tyd van wanhoop was?*

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

5. *Wanneer was God getrou om jou te verlos van 'n seisoen van lyding? As jy nou 'n seisoen van lyding verduur, wat kan jy vandag doen om jouself aan sy getrouheid te herinner?*

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

..................................................................................................................................

*Ten slotte: Wees almal eensgesind, medelydend, liefdevol, goedhartig, nederig. Moenie kwaad met kwaad vergeld of belediging met belediging nie. Inteendeel, antwoord met 'n seënwens, want daartoe is julle geroep, sodat julle die seën van God kan verkry.*

*1 Petrus 3:8-9*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Hierdie week sal ons fokus op Josef se proses om sy broers te toets, asook hul versoening. Is daar iemand met wie jy moet versoen? Neem stappe om hulle eers te vergewe en soek dan, indien moontlik, versoening. Skryf neer hoe God in jou lewe werk en hoe jy sy getrouheid in die proses sien.*

## LEES

*Week 5 • Maandag*

*Genesis 42*

Toe Jakob verneem dat daar graan in Egipte is, sê hy vir sy seuns: “Waarom sit
julle vir mekaar en kyk?” 2 Hy het verder vir hulle gesê: “Ek het gehoor daar is
graan in Egipte. Gaan soontoe en koop daar vir ons koring dat ons aan die lewe
kan bly, anders sterf ons.” 3 Tien broers van Josef is toe weg na Egipte toe om
koring te gaan koop. 4 Jakob het nie Josef se broer Benjamin saamgestuur nie,
“want,” het hy gesê, “netnou gebeur daar iets met hom!” 5 Die seuns van Israel het
saam met ander mense gegaan wat ook koring in Egipte wou gaan koop omdat
daar hongersnood was in die hele Kanaän. 6 Josef was in beheer van Egipte en hy
het self die graan aan die mense verkoop. Sy broers het dus na hom toe gegaan
en diep voor hom gebuig. 7 Toe hy sy broers sien, het hy hulle herken. Maar
hy het hulle nie laat agterkom wie hy is nie. Hy het hulle bars aangespreek en
gevra: “Waarvandaan is julle?” Hulle het hom geantwoord: “Ons is van Kanaän.
Ons kom koop graan.” 8 Josef het sy broers herken, maar hulle het hom nie. 9
Hy het aan sy drome van vroeër gedink en vir hulle gesê: Julle is spioene. Julle
het net kom kyk waar die land maklik ingeval kan word.” 10 Maar hulle het vir
hom gesê: “Nee, Meneer, ons is u onderdane. Ons het net kom graan koop. 11
Ons almal het dieselfe pa. Ons is eerlike mense. Ons is nie spioene nie.” 12 Josef
sê toe vir hulle: “Dit is nie. Julle het net kom kyk waar die land maklik ingeval
kan word.” 13 Hulle het geantwoord: “Ons was twaalf broers. Ons het dieselfde
pa, ‘n man in Kanaän. Die jongste is nou nog by hom, en die een leef nie meer
nie.” 14 Toe sê Josef vir hulle: “Julle is wat ek vir julle gesê het, julle is spioene!
15 Hieraan sal ek julle toets: So seker as die farao leef, julle sal nie hier weggaan
voordat julle jongste broer hierheen gebring is nie. 16 Stuur een van julle om
hom te gaan haal. Julle ander sal gevange gehou word. So sal ek vasstel of julle
die waarheid praat of nie. So seker as die farao leef: Julle is spioene.” 17 Josef het
hulle drie dae lank aangehou 18 en op die derde dag sê hy toe vir hulle: Ek dien
God! Op hierdie voorwaarde kan julle bly lewe: 19 as julle eerlike mense is, moet
een van julle in die tronk agterbly. Julle ander moet dan graan wegbring vir julle
honger huismense. 20 Dan moet julle julle jongste broer na my toe bring. Dan
sal ek julle glo, en julle sal nie sterf nie.” Hulle het ingestem 21 en vir mekaar
gesê: “Dit het ons nou van alles wat ons destyds ons broer aangedoen het. Ons
het sy angs gesien toe hy ons om genade gesmeek het, maar ons het nie geluister
nie. Nou sit ons met dieselfde angs.” 22 Toe sê Ruben vir hulle: “Ek het julle mos
gesê julle moet julle nie aan die kind vergryp nie. Maar julle wou nie luister nie,
en daarom word sy dood nou op ons gewreek.” 23 Omdat Josef deur ‘n tolk met
hulle gepraat het, het hulle nie besef dat hy verstaan wat hulle sê nie. 24 Josef
het van hulle af weggegaan en gaan huil. Daarna het hy teruggekom na hulle toe

## LEES

*Week 5 • Maandag*

en weer met hulle gepraat. Toe het hy vir Simeon gevat en hom voor hulle oë in die tronk gesit. 25 Josef het opdrag gegee dat die broers se sakke vol koring gemaak moet word en dat elkeen se geld in die sakke terug gesit moet word. Daar moes ook padkos vir hulle gegee word. Alles is so gedoen vir hulle. 26 Toe laai hulle die graan op hulle donkies en vertrek van daar af. 27 Die aand toe een van die broers sy sak oopmaak om sy donkie te voer, sien hy die geld bo in die sak. 28 Toe sê hy vir sy broers: "Kom kyk hier! My geld is teruggesit in die sak." Hulle was radeloos, en doodgeskrik sê hulle vir mekaar: "Wat het God ons nou aangedoen?" 29 Toe hulle by hulle pa Jakob in Kanaän aankom, het hulle alles wat met hulle gebeur het, vir hom vertel: 30 "Die man in bevel van daardie land het ons bars aangespreek en ons vir spioene gehou, 31 maar ons het vir hom gesê dat ons eerlike mense is en nie spioene nie. 32 Ons was twaalf broers en ons het dieselfde pa. Die een broer leef nie meer nie, en die jongste is by Pa in Kanaän. 33 Maar die man in bevel van daardie land het vir ons gesê: Hieraan sal ek weet of julle eerlike mense is: een van julle moet hier by my bly. Julle ander moet die kos vir julle honger mense gaan wegbring. 34 Bring dan julle jongste broer na my toe. Dan sal ek weet julle is nie spioene nie maar eerlike mense. Dan sal ek julle broer teruggee en mag julle vry rondbeweeg in die land." 35 Toe die seuns hulle graansakke leegmaak, kry elkeen sy beursie met geld in sy sak. Toe hulle dit sien, was hulle en hulle pa baie bang, 36 en het hy het vir hulle gesê: "Julle maak my kinderloos. Josef leef nie meer nie, Simeon is nie meer hier nie, en nou wil julle nog vir Benjamin ook wegvat! En ek ly daaronder." 37 Maar Ruben het vir sy pa gesê: "Pa kan albei my seuns om die lewe bring as ek nie vir Benjamin na Pa toe terugbring nie. Maak my verantwoordelik vir hom, en ek sal hom vir Pa terugbesorg." 38 Jakob het net gesê: "Sy broer is dood. My seun gaan nie saam met julle nie. Hy was al wat vir my oor is. As iets hom op die pad moet oorkom, sal ek deur julle toedoen in my ouderdom van verdriet sterf."

*2 Korintiërs 7:9-10*

Nou is ek egter bly, nie omdat ek julle hartseer gemaak het nie, maar omdat ek julle so hartseer gemaak het dat julle tot inkeer gekom het. Julle was immers hartseer soos God dit wou hê. Ons het julle dus in geen opsig benadeel nie, 10 want droefheid volgens die wil van God bring bekering wat tot redding lei, en daaroor was niemand nog ooit jammer nie. Daarteenoor bring droefheid uit wêreldse oorwegings die dood.

## SOAP

*Week 5 • Maandag*

SOAP / *2 Korintiërs 7:9–10*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Maandag*

**SOAP:**

*2 Korintiërs 7:9–10*

*Nou is ek egter bly, nie omdat ek julle hartseer gemaak het nie, maar omdat ek julle so hartseer gemaak het dat julle tot inkeer gekom het. Julle was immers hartseer soos God dit wou hê. Ons het julle dus in geen opsig benadeel nie, want droefheid volgens die wil van God bring bekering wat tot redding lei, en daaroor was niemand nog ooit jammer nie. Daarteenoor bring droefheid uit wêreldse oorwegings die dood.*

**OORDENKING**

Jakob en sy gesin, wat in die land Kanaän gewoon het, het nie meer kos oorgehad nie en was desperaat vir graan. Weereens was Egipte 'n toevlugsoord vir God se volk: Abraham het skuiling in Egipte gesoek toe hy 'n hongersnood ervaar het (Genesis 12:10); Isak was van plan om na Egipte te gaan tydens 'n hongersnood, maar God het hom beveel om dit nie te doen nie (Genesis 26:1-3); Josef het skuiling gevind van die lyding van sy vader se huisgesin in Egipte (Genesis 41:51); en eeue later sou Egipte die toevlugsoord vir Jesus en sy ouers wees toe hulle gevlug het van die toorn van Herodes (Matteus 2:13-16).

Toe Josef se broers in Egipte aangekom het, het hy hulle dadelik herken. Josef se droom het voor sy oë waar geword toe sy broers voor hom as die heerser van die land gebuig het. Josef het sy broers deur 'n reeks toetse gesit om vas te stel of hulle enige berou oor hulle misdade teen hom het. Die broers, as erfgename van God se belofte, moes getrou wees om God se uitverkore nasie te word. Hulle moes hulle skuld erken en die dissipline van God erken en bewys dat hulle berouvol was en verander het. God het hierdie ontmoeting gebruik om hulle gewete wakker te maak en hulle harte terug te keer na Hom toe.

Ruben se skuldverklaring in Egipte en sy gelofte aan Jakob nadat hy na Kanaän teruggekeer het, is 'n verteenwoordiging van die broers se berou. Hy het 'n veranderde hart en berou van vorige sonde aan die dag gelê. Ruben se optrede verteenwoordig hoe die broers se harte verander het en teruggekeer het na die dinge van God. Hy was bereid om opofferings te maak (hoewel moontlik dwase opofferings) om die familie van Jakob los te koop en te herstel. Jakob se seuns sou die vaders van God se uitverkore nasie word omdat hulle hulle skuld erken het, berou getoon het en regverdig opgetree het.

Kan ons vertrou word om regverdig op te tree wanneer God ons skuld openbaar? Sal ons die dinge van God kies – berou en nederigheid – of sal ons trots of verdedigend optree? In sy brief aan die kerk in Korinte het Paulus verduidelik hoe hartseer soms deur God bedoel word om ons tot bekering te bring. Hierdie bekering is wat ons daartoe lei om ons behoefte aan 'n Verlosser te erken, ons geloof in Christus te plaas en die ewige lewe in Hom te ontvang. Mag ons hartseer oor sonde erken as iets wat van God af kom en getrou wees om berou te toon.

## LEES

*Week 5 • Dinsdag*

*Genesis 43*

Maar dit was 'n kwaai hongersnood, 2 en toe die kos begin opraak wat die broers uit Egipte gebring het, sê hulle pa vir hulle: "Julle moet maar weer vir ons 'n bietjie kos gaan koop." 3 Juda het hom geantwoord: "Daardie man het ons nadruklik gewaarsku en vir ons gesê: 'Julle kom nie weer hier by my sonder julle broer nie!' 4 As Pa instem en ons broer saam met ons stuur, sal ons vir Pa gaan kos koop. 5 Maar as Pa nie instem om hom saam te stuur nie, sal ons nie gaan nie, want daardie man het vir ons gesê ons kom nie weer by hom sonder ons broer nie." 6 Toe sê Israel: "Waarom het julle my hierdie onreg aangedoen en vir die man vertel julle het nog 'n broer!" 7 Hulle het gesê: "Die man het ons uitgevra na ons familie. Hy het gevvra: 'Leef julle pa nog? Het julle nog 'n broer?' Ons het net geantwoord op hierdie vrae van hom. Hoe moes ons weet hy sou sê: 'Bring julle broer hiernatoe'?" 8 Juda het vir sy pa Israel gesê: "Stuur tog maar die kind saam met my sodat ons dadelik kan vertrek. Dan kan ons aan die lewe bly. So nie sterf Pa saam met ons en ons kinders. 9 Ek waarborg hy sal terugkom. Pa kan hom van my eis. As ek hom nie vir Pa terugbring en hom hier voor Pa kom laat staan nie, sal ek vir altyd by Pa in die skuld wees. 10 En as ons nie so getalm het nie, kon ons nou al twee keer terug gewees het." 11 Toe sê hulle pa Israel vir hulle: "Nou ja, as dit dan so is, moet julle dit maar doen. Vat van die beste wat ons land het saam in julle graansakke as 'n geskenk vir die man: 'n bietjie balsam, 'n bietjie heuning, gom, hars, neute en amandels. 12 Julle moet die geld verdubbel wat julle saamvat. En die geld wat julle bo in die graansakke teruggebring het, moet julle ook saamvat. Dalk was daar 'n misverstand. 13 Vat julle broer en maak klaar en gaan terug na die man toe. 14 God die Almagtige sal sorg dat die man julle goedgesind is en julle ander broer terugstuur en ook vir Benjamin. En ek, as ek dan my kinders moet verloor, moet ek hulle maar verloor." 15 Die manne het toe die geskenk gevat en hulle het die geld wat hulle saamgevat het, verdubbel. Hulle het vir Benjamin gevat en klaargemaak en Egipte toe gegaan. Hulle het by Josef gekom, 16 en toe hy sien Benjamin is by hulle, sê hy vir sy hoofamptenaar: "Vat die manne na my huis toe. Laat slag en laat 'n ete voorberei, want hulle moet vanmiddag by my eet." 17 Hy het toe gedoen wat Josef gesê het. Hy het die manne na Josef se huis toe gevat, 18 en hulle het bang geword omdat hulle na Josef se huis toe gebring is. Toe sê hulle: "Dit is oor die geld wat die vorige keer in ons graansakke teruggesit is. Ons word hierheen gebirng om ons te oorval en te oorrompel en van ons slawe te maak en ons donkies te vat." 19 By die deur van die huis het hulle die hoofamptenaar genader 20 en vir hom gesê: "Ekskuus, Meneer, ons was al 'n vorige keer hier om kos te koop. 21 En toe ons hier weg is en die aand ons graansakke oopmaak, lê elkeen se geld bo in sy sak. Dit was presies die regte bedrag. Maar ons het dit nou weer saamgebring, 22 en ook nog geld om weer kos te koop. Ons weet nie wie die geld in ons sakke teruggesit

**L E E S**

*Week 5 • Dinsdag*

het nie." 23 Toe sê die amptenaar vir hulle: "Wees gerus! Moenie bekommerd wees nie. Julle geld het by my uitgekom, en dit is julle God, die God van julle voorvaders, wat 'n skat in julle sakke gesit het." Die amptenaar het toe vir Simeon na hulle toe gebring. 24 Nadat die amptenaar hulle in Josef se huis ingebring het, het hy vir hulle water gegee. 25 Die broers het hulle geskenk gereed gehou vir wanneer Josef die middag kom, want hulle het gehoor dat hulle daar gaan eet. 26 Toe Josef inkom, bring hulle vir hom die geskenk wat hulle saamgebring het, na die huis toe. Toe buig hulle diep voor hom. 27 Josef het hulle toe gevra hoe dit gaan. Hy het gevra: "Hoe gaan dit met julle pa wat so oud is en van wie julle my vertel het? Leef hy nog?" 28 Hulle het geantwoord: "Dit gaan goed met u onderdaan, ons pa. Hy leef nog." Hulle het weer voor Josef gebuig en hom so geëer. 29 Toe Josef sy broer, sy ma se seun Benjamin, raaksien, vra hy: "Is dit julle jongste broer van wie julle my vertel het?" En Josef sê vir hom: "My seun, God sal jou genadig wees." 30 Toe het Josef haastig padgegee om eenkant te gaan huil, want sy gemoed was vol oor sy broer. Josef is na sy kamer toe en hy het daar gaan huil. 31 Daarna het hy sy gesig gewas en teruggegaan. Hy was weer himself en hy het gesê: "Bedien die ete." 32 Hulle het vir Josef afsonderlik bedien en so ook die broers en die Egiptenaars wat daar by hulle geëet het, want die Egiptenaars het afsku daarvan om dieselfde kos as die Hebreërs te eet. 33 Die broers het teenoor Josef gesit, volgens hulle ouderdom: van die oudste af tot die jongste. Hieroor het die manne mekaar verbaas aangekyk. 34 Elkeen se kos is van Josef se tafel af aangegee, maar Benjamin s'n was vyf keer meer as dié van die ander. Hulle het wyn gedrink en saam met Josef dronk geword.

*1 Petrus 3:8-9*

Ten slotte: Wees almal eensgesind, medelydend, liefdevol, goedhartig, nederig. 9 Moenie kwaad met kwaad vergeld of belediging met belediging nie. Inteendeel, antwoord met 'n seënwens, want daartoe is julle geroep, sodat julle die seen van God kan verkry.

## SOAP

*Week 5 • Dinsdag*

SOAP / *1 Petrus 3:8–9*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Dinsdag*

### SOAP:

*1 Petrus 3:8–9*

*Ten slotte: Wees almal eensgesind, medelydend, liefdevol, goedhartig, nederig. Moenie kwaad met kwaad vergeld of belediging met belediging nie. Inteendeel, antwoord met 'n seënwens, want daartoe is julle geroep, sodat julle die seën van God kan verkry.*

### OORDENKING

Met hulle eerste besoek aan Egipte het die broers hulle skuld erken en was hulle berouvol oor die manier waarop hulle Josef behandel het, al het hulle geen idee gehad dat hulle voor hom staan nie. Met hulle tweede besoek het Josef hulle nog ' n toets gegee.

Die begunstiging van Josef deur hulle vader het tot die broers se optrede teen hom gelei. In hierdie toets het Josef Benjamin begunstig deur hom 'n groter deel van die voedsel te gee. Hulle het die broers die geleentheid gebied om Benjamin agter te laat en hom te verraai soos hulle Josef gehad het. Deur sy broers op hierdie manier te toets, kon Josef sien of hulle hart werklik verander het of as hulle nog selfsugtig en kwaadwillig sou optree wanneer een van Ragel se seuns begunstig is.

Josef se broers het groot volwassenheid en 'n radikale verandering van hart getoon. God het in hulle gewerk deur sy barmhartigheid, voorsiening en genade. Juda se belofte aan Jakob, hulle bereidwilligheid om die koste van graan aan die Egiptenare terug te betaal, hulle genieting van die fees ten spyte van die begunstiging wat aan Benjamin betoon is, en hulle bewustheid van God se ingryping het almal die broers se korrekte reaksie op toetsing getoon.

Die boek Genesis is geskryf aan die geslag Israeliete wat voorberei het om die Beloofde Land Kanaän binne te gaan. Die broers het 'n voorbeeld aan die nasie Israel (en die kerk vandag) voorgelê van hoe om as 'n ontvanger van God se seën te leef. Hulle het verantwoordelikheid getoon in hul gelofte om vir Benjamin te sorg, eerlikheid in hul bereidwilligheid om te betaal vir wat hulle gekoop het, eenheid in hul pogings om na Egipte terug te keer om Simeon te red, geloof in hul erkenning van God se ingryping en dankbaarheid in hul genieting van die fees sonder jaloesie. God alleen het hulle harte verander toe Hy hulle voorberei het om hulle families na Egipte te bring en sy uitverkore nasie te word.

Gelowiges in Christus word geroep om dieselfde eienskappe te ontwikkel soos ons die liggaam van Christus opbou en seën. Soos die nasie Israel, word ons geroep om 'n seën deur Christus te beërwe. Soos ons daarna streef om Hom aan die wêreld te verteenwoordig, mag ons verantwoordelikheid, eerlikheid, eenheid, geloof en dankbaarheid ontwikkel. Mag ons God se barmhartigheid, voorsiening en genade in alle dinge erken, sodat Hy ons kan volwasse maak sodat ons getrou kan wees in tye van beproewing.

## LEES

*Week 5 • Woensdag*

*Genesis 44*

14 Juda en sy broers het by Josef se huis aangekom. Hy was nog daar, en toe
val hulle op die grond voor hom neer. 15 Josef het vir hulle gesê: “Waarom
het julle dit aangevang? Julle weet tog dat ‘n man soos ek voorspellings moet
doen!” 16 Juda het geantwoord: “Wat kan ons vir Meneer sê? Wat kan ons
antwoord en hoe kan ons onsself verontskuldig? God het ons sonde aan die
lig gebring. Hier is ons, ons is Meneer se slawe: ons almal, saam met hom by
wie die beker gekry is.” 17 Toe sê Josef: “Dit laat ek nie toe nie. Dié een by
wie die beker gekry is, sal my slaaf word, en julle kan ongehinderd na julle pa
toe gaan.” 18 Maar Juda het nader gekom na Josef toe en gesê: “Asseblief tog,
Meneer! Laat ek tog net een keer iets sê. Moet tog nie vir my kwaad word nie!
U is soos die farao self. 19 Meneer het ons gevra of ons pa nog leef en of ons
nog ‘n broer het, 20 en ons het vir Meneer gesê: ‘Ja, ons pa is oud. En op sy
oudag het hy nog ‘n jong seun wie se broer dood is. Die seun is die enigste
wat van sy ma oorgebly het, en sy pa het hom lief.’ 21 Maar u het gesê ons
moet hom na u toe bring sodat u hom kan sien. 22 Toe het ons vir Meneer
gesê: ‘Die kind kan nie van sy pa af weggaan nie, en as hy sou weggaan, sou
dit sy pa se dood beteken.’ 23 Maar u het ons gesê u wil ons nie weer sien
as ons jongste broer nie hierheen kom nie. 24 En toe ons weer terug was by
u onderdaan, ons pa, het ons hom vertel wat Meneer gesê het. 25 Toe ons
pa ons later weer vra om vir ons ‘n bietjie kos te gaan koop, 26 het ons vir
hom gesê: ‘Ons kan nie gaan as ons jongste broer nie by ons is nie. Net as
hy saamgaan, kan ons gaan, want as ons jongste broer nie by ons is nie, sal
die man ons nie weer daar ontvang nie.’ 27 Toe het u onderdaan, ons pa, vir
ons gesê: ‘Julle weet my lieflingvrou het net twee seuns vir my in die wêreld
gebring. 28 Die een is van my af weg en ek moes aanvaar dat ‘n roofdier hom
opgevreet het, en ek het hom tot nou toe nog nie weer gesien nie. 29 As julle
nou ook nog hierdie jongste van my af wegvat en hy kom iets oor, sal julle
my in my ouderdom laat sterf van verdriet.’ 30 Wanneer ons dus by ons pa
terugkom en die seun aan wie hy so geheg is, is nie by ons nie, 31 ja, as hy
moet sien die seun is nie daar nie, sal hy sterf. So sal ons ons pa wat ‘n ou
man is, van kommer laat sterf.” 32 Juda het verder gesê: “Ek het vir my pa
gewaarborg dat die seun sal terugkom. Ek het belowe ek sal vir altyd by my
pa in die skuld wees as ek die seun nie terugbring nie. 33 Hou my daarom
dan nou hier as Meneer se slaaf in die plek van die seun, maar laat hy saam
met sy broers teruggaan. 34 Hoe kan ek sonder die seun by my pa aan kom?
Ek sal dit nie kan verdra om te sien dat so ‘n smart hom tref nie.”

## LEES

*Week 5 • Woensdag*

*Johannes 15:12-13*

Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet. 13 Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê.

*1 Johannes 1:8-2:2*

As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie. 9 Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid. 10 As ons beweer dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot leuenaar en is sy word nie in ons nie. 1 Dit skrywe ek aan julle, my liewe kinders, dat julle nie moet sondig nie. En as een van ons sondig – ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak by die Vader. 2 Hy is die versoening vir ons sondes; en nie net vir óns sondes nie, maar ook vir dié van die van die hele wêreld.

## SOAP

*Week 5 • Woensdag*

SOAP / *Johannes 15:12–13*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Woensdag*

**SOAP:**

*Johannes 15:12–13*

*Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet. Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê.*

**OORDENKING**

Nadat Josef saam met sy broers feesgevier het, het hy hulle deur een finale toets gesit deur hulle valslik van diefstal te beskuldig. Hy het hulle getoets om te sien of hulle Benjamin se lewe meer as hulle eie sou waardeer, iets wat hulle nie vir Josef gedoen het nie. Meer as twintig jaar het verloop sedert Juda voorgestel het dat Josef aan 'n groep Ismaeliete verkoop word. En verbasend genoeg was Juda die een wat bereid was om homself op te offer om Benjamin te red.

Hulle dade is geopenbaar. Hoewel hulle nie die misdaad gepleeg het waarvan hulle beskuldig is nie, het Juda hulle misdade teen Josef erken en erken hoe God hulle sonde aan die kaak gestel het. Hulle is beskuldig van wat hulle nie gedoen het nie, sodat hulle kon erken wat hulle gedoen het. Juda het Josef se lewe weggegee en hom vir twintig silwerstukke verruil. Maar Juda het 'n veranderde hart aan die dag gelê toe hy hom in Benjamin se plek geoffer het.

God het die eenheid van sy uitverkore familie deur hierdie gebeure herstel. Juda se bereidwilligheid om homself op te offer, het getoon dat hy geskik was vir leierskap in God se nasie – die grootste konings van God se volk sou uit sy lyn kom. Sy optrede het 'n bereidwilligheid verteenwoordig om sy gesin te beskerm en eenheid te handhaaf, eenheid wat slegs herstel kon word as iemand gereed was om lyding namens sy broer te verduur.

Geslagte later sou 'n afstammeling van Juda die grootste daad van offerliefde verrig deur Homself vir die sondes van ander te offer. Hy het lyding verduur sodat ons gered kon word.

As mense het ons almal gesondig, almal gekies om teen God se gebooie in opstand te kom en ongehoorsaam te wees. As gevolg hiervan is ons eenheid met Hom verbreek. Maar, soos Josef se familie, word ons eenheid met God herstel weens die bereidwilligheid van iemand om namens ander te ly. Jesus Christus het Homself vir ons geoffer en die gevolge van sonde gely sodat ons aan God herstel kon word. Sy offer is die grootste bewys van liefde en eenheid.

Slegs deur ons sonde voor God te erken, kan ons tot eenheid met Hom herstel word. As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself net en weerhou ons onsself van 'n lewe van vryheid in Christus. Wanneer ons ons sondes bely, is Hy getrou om ons te vergewe en ons verhouding met God die Vader te herstel. Hy is ons advokaat, ons weg na eenheid met die Vader omdat Hy sy lewe vir ons afgelê het. Sy liefde is ongeëwenaard!

## LEES

*Week 5 • Donderdag*

*Genesis 45:1-15*

Josef kon homself nie langer bedwing voor die mense wat hom bedien het nie.
Hy het hulle almal beveel om van hom af weg te gaan, en daar was van dié wat
hom gedien het, nie een by hom toe hy hom aan sy broers bekend gemaak het
nie. 2 Hy het so hard gehuil dat die Egiptenaars en die mense in die farao se
paleis dit gehoor het. 3 Toe sê Josef vir sy broers: "Ek is Josef. Leef Pa werklik
nog?" Sy broers kon hom nie antwoord nie, hulle was te bang vir hom. 4 Maar
hy het vir hulle gesê: "Kom na my toe!" en toe hulle nader kom, sê hy: "Ek is
julle broer Josef. Julle het my verkoop, en ek is Egipte toe gebring. 5 Maar julle
moet nou nie sleg voel of bang wees omdat julle my verkoop het nie, want God
het my voor julle uitgestuur om lewens te red. 6 Dit is nou maar die tweede jaar
van hongersnood in die land. Daar lê nog vyf jaar voor waarin daar nie geploeg of
geoes sal word nie. 7 God het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oorblyfsel
in hierdie land te laat oorbly, om julle aan die lewe te hou en sodat baie aan die
dood sal ontkom. 8 Dis nie júlle wat my hierheen gestuur het nie, maar God. Hy
het my laat aanstel as die farao se raadgewer en as bevelhebber oor sy huis en as
regeerder oor die hele Egipte. 9 Gaan dadelik na Pa toe en sê vir hom: 'So sê Pa
se seun Josef: God het my aangestel as regeerder oor die hele Egipte. Kom na my
toe. Moenie talm nie, 10 kom bly in die Gosenstreek. Dan is Pa naby my: Pa en
Pa se seuns en kleinseuns, die kleinvee en grootvee en alles wat Pa besit. 11 Ek
sal vir Pa daar onderhou, want daar lê nog vyf jaar hongersnood voor. So sal Pa
nie verarm nie: Pa en Pa se familie en almal by Pa.' 12 Julle sien self, en my broer
Benjamin sien dit ook: dis ek wat met julle praat. 13 Julle moet vir Pa vertel van
al my mag hier in Egipte en van alles wat julle gesien het. Maak gou en bring vir
Pa hierheen." 14 Toe omhels Josef sy broer Benjamin en hy huil; ook Benjamin
het op sy broer se skouer gestaan en huil. 15 Josef het al sy broers gesoen en daar
by hulle gestaan en huil. Eers daarna het sy broers met hom begin praat.

## SOAP

*Week 5 • Donderdag*

SOAP / *Genesis 45:5*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Donderdag*

**SOAP:**

*Genesis 45:5*

*Maar julle moet nou nie sleg voel of bang wees omdat julle my verkoop het nie, want God het my voor julle uit gestuur om lewens te red.*

**OORDENKING**

Die boodskap van versoening is 'n algemene tema in die boek Genesis. Toe Jakob gereed was om Esau te ontmoet nadat hulle vir twintig jaar van mekaar af weg was, was hy baie bekommerd. Esau het Jakob egter vergewe vir sy bedrog omdat hy ook oorvloedig geseën is (Genesis 33:9). Josef se broers was eweneens bekommerd dat hulle swaar gestraf sou word vir die onregte wat hulle aan Josef gedoen het. Josef het hulle eerder vergifnis aangebied en versoening gesoek. Hy kon dit doen weens sy begrip van God se soewereiniteit.

In plaas daarvan om sy broers te vergeld of te straf toe hulle hulle skuld erken het, het Josef hulle vergewe. Hy het besef dat, hoewel sy broers hom as 'n slaaf verkoop het, dit God was wat hom daarheen gestuur het. God het in die twee dekades sedert die voorval verbasende dinge gedoen deur al die onregte teen Josef ten goede te gebruik. Josef het God se soewereiniteit erken en het nie wraak hoef te neem nie.

'n Behoorlike begrip van God se soewereiniteit lei tot vergifnis. Josef het gesien hoe God die onregte teen hom gebruik het om 'n groter voordeel te bewerkstellig en om die lewe van sy gesinslede te bewaar. In plaas daarvan om in weerwraak te reageer, het Josef met medelye gereageer. Sy medelye het op sy beurt tot versoening tussen die broers gelei. Die eenheid van die familie is herstel.

God is altyd aan die werk. Hierdie gebeure toon sy begeerte om lewe te bewaar en sy vermoë om selfs boosheid te gebruik om sy soewereine doelwitte te bewerkstellig. God sluit alles in sy plan in, en daarom moet daar geen plek in ons harte wees vir vergelding of bitterheid nie.

Ware versoening kan slegs uit God se werk in ons kom. Sonder vergifnis is versoening onmoontlik. Maar sonder 'n behoorlike begrip en erkenning van God se soewereiniteit sal ons nie bereid wees om diegene te vergewe wat ons onreg aangedoen het nie. Om ' n wrok te koester of vergelding te soek, toon 'n onwilligheid of onvermoë om die soewereiniteit van God te aanvaar. Hy werk in alle dinge, selfs kwaad, om sy doelwitte te bewerkstellig. Wanneer ons die gebeure in ons lewens as stukke van God se groot verlossingsplan beskou, kan ons met sy hulp ander vergewe en met hulle versoen word.

Wat 'n seën is hierdie verslag van die broers tog vir ons terwyl ons na eenheid met ander gelowiges streef. As Josef sy broers kon vergewe, kan ons sekerlik ons behoefte aan vergelding oorgee en eerder versoening met ander gelowiges soek. Eenheid was van kardinale belang in die gekose familie van God, en dit is net so belangrik in die liggaam van Christus vandag.

## **L E E S**

*Week 5 • Vrydag*

*Genesis 45:16-46:30*

Die mense het dit in die farao se paleis gehoor en gesê: “Josef se broers het
gekom.” Die farao en sy amptenare het dit goedgevind, 17 en hy het vir Josef
gesê: “Sê vir jou broers: So moet julle nou optree: saal julle rydiere op en gaan
na Kanaän toe. 18 Kry julle vader en julle gesinne en kom hier na my toe. Ek
sal julle die beste deel van Egipte gee en julle sal die room van die land geniet.
19 Jy moet hulle beveel: So moet julle optree: vat vir julle uit Egipte waens saam
vir julle kinders en vrouens en laat julle vader op ‘n wa ry en kom hierheen. 20
Moenie sleg voel oor wat julle nie kan saambring nie, want julle sal hier die
beste kry van wat Egipte het.” 21 Die seuns van Israel het toe so gemaak. Josef
het waens vir hulle saamgegee soos die farao beveel het. Josef het ook vir hulle
padkos saamgegee. 22 Hy het vir elkeen nuwe klere gegee, maar vir Benjamin het
hy vyf stelle nuwe klere en nog drie en ‘n half kilogram silwer gegee. 23 Vir sy pa
het hy tien donkies gestuur waarop die beste ware van Egipte gelaai was en tien
donkiemerries waarop die beste koring en graan en kos gelaai was. Dit moes dien
as padkos vir sy pa. 24 So het Josef sy broers teruggestuur, en by hulle vertrek
het hy vir hulle gesê: “Moenie langs die pad bang word en begin twyfel nie.” 25
Hulle was toe uit Egipte weg en het in Kanaän by hulle pa Jakob aangekom. 26
Hulle het vir hom gesê: “Josef leef nog. Hy regeer oor die hele Egipte.” Jakob
was stomgeslaan. Hy het hulle nie geglo nie. 27 Toe vertel hulle vir hulle pa alles
wat Josef vir hulle gesê het, en eers toe hy die waens sien wat Josef gestuur het
om hom te kom haal, het hy begin belang stel. 28 En hulle pa Israel het gesê:
“Ek verlang niks meer nie. My seun Josef leef, en ek wil hom net sien voor ek
sterf.” 1 Israel en almal by hom het vertrek. Hy het by Berseba gekom en daar ‘n
offer gebring aan die God van sy pa Isak. 2 God het dié nag met Israel gepraat
in ‘n visioen en geroep: “Jakob, Jakob!” Hy het geantwoord: “Hier is ek!” 3 Toe
sê God: “Ek is God, die God van jou vader. Moenie bang wees om na Egipte toe
te gaan nie, want Ek sal jou daar ‘n groot nasie maak. 4 Ek gaan saam met jou
Egipte toe, en Ek sal jou beslis weer hierheen laat terugkom. Wanneer jy sterf,
sal Josef jou oë toedruk.” 5 Toe Jakob uit Berseba wou vertrek, het die seuns
van Israel hulle pa Jakob en hulle kinders en vrouens op die waens laat klim wat
deur die farao gestuur is om op te ry. 6 Hulle het hulle vee saamgevat en ook die
ander besittings wat hulle in Kanaän bymekaargemaak het. So is Jakob en sy hele
nageslag weg Egipte toe: 7 sy seuns en kleinseuns was by hom, ook sy dogters en
kleindogters. Hy het sy hele familie saamgevat Egipte toe. 8 Hier volg die name
van die Israeliete wat Egipte toe is: Jakob en sy oudste seun Ruben 9 en dié se

**L E E S**

*Week 5 • Vrydag*

seuns Ganok, Pallu, Gerson en Karmi. 10 Simeon en sy seuns Jemuel, Jamin,
Ohad, Jakin, Sogar en Saul, seuns van 'n Kanaänitiese vrou. 11 Levi en sy seuns
Gerson, Kehat en Merari. 12 Juda en sy seuns Sela, Peres en Serag. Juda se ander
seuns, Er en Onan, het al in Kanaän gesterf. Peres se seuns was Gesron en Gamul.
13 Issaskar en sy seuns Tola, Puwwa, Jasub en Simron. 14 Sebulon en sy seuns
Sered, Elon en Jagleël. 15 Dit is die seuns wat Lea vir Jakob in Paddan-Aram
in die wêreld gebring het. Sy het ook 'n dogter Dina gehad. Hulle almal saam
was drie en dertig. 16 Gad en sy seuns Sifjon, Gaggi, Suni, Esbon, Eri, Arod en
Areli. 17 Aser en sy seuns Jimna, Jiswa, Jiswi en Beria en hulle suster Serag. Die
seuns van Beria was Geber en Malkiël. 18 Dit is die seuns wat Silpa vir Jakob in
die wêreld gebring het. Laban het haar vir sy dogter Lea gegee. Hulle almal saam
was sestien. 19 Josef en Benjamin was die seuns van Jakob se vrou Ragel. 20 In
Egipte is daar twee seuns vir Josef gebore. Asenat, dogter van Poti-Fera priester
van On, het hulle vir hom in die wêreld gebring. Hulle was Manasse en Efraim.
21 Benjamin se seuns was Bela, Beker, Asbel, Gera, Naäman, Egi, Ros, Muppim,
Guppim en Ard. 22 Dit is die seuns wat Ragel vir Jakob in die wêreld gebring
het. Hulle almal saam was veertien. 23 Dan en sy seun Sugam. 24 Naftali en sy
seuns Jagseël, Guni, Jeser en Sillem. 25 Dit is die seuns wat Bilha vir Jakob in die
wêreld gebring het. Laban het haar vir sy dogter Ragel gegee. Hulle almal saam
was sewe. 26 Afgesien van die vrouens van Jakob se seuns was daar ses en sestig
afstammelinge van Jakob wat na Egipte toe is. 27 In Egipte was daar reeds twee
seuns vir Josef gebore. Jakob se afstammelinge was dus altesaam sewentig, en
hulle was in Egipte. 28 Jakob het vir Juda vooruit gestuur na Josef toe om hom te
laat weet dat hy op pad is na Gosen toe. Nadat Jakob-hulle in Gosen aangekom
het, 29 het Josef sy wa laat inspan om sy pa Israel in Gosen te gaan ontmoet. Toe
Josef hom sien, het hy hom omhels en lank so gestaan en huil. 30 Toe sê Israel
vir Josef: "Nou kan ek maar sterf. Ek het jou gesien. Jy lewe nog!"

## SOAP

*Week 5 • Vrydag*

SOAP / *Genesis 46:2–4*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Vrydag*

**SOAP:**

*Genesis 46:2-4*

*God het dié nag met Israel gepraat in 'n visioen en geroep: "Jakob, Jakob!" Hy het geantwoord: "Hier is ek!" Toe sê God: "Ek is God, die God van jou vader. Moenie bang wees om na Egipte toe te gaan nie, want Ek sal jou daar 'n groot nasie maak. Ek gaan saam met jou Egipte toe, en Ek sal jou beslis weer hierheen laat terugkom. Wanneer jy sterf, sal Josef jou oë toedruk."*

**OORDENKING**

Die boek Genesis vertel die begin van 'n familie deur wie God die wêreld sou seën. Hierdie familie het begin met 'n man met die naam Abram (later Abraham). God het belowe om vir hom 'n groot nageslag te gee, om vir hulle hul eie land te voorsien en daardeur al die nasies van die aarde te seën. God het ook vir Abram gesê dat sy nageslag vreemdelinge in 'n vreemde land sou wees, waar hulle uiteindelik slawe sou word en verdruk sou word, maar dat Hy hulle op sy volmaakte tyd van hul vyand sou verlos (Genesis 15:13-16).

Hierdie belofte het van Abraham na sy seun Isak oorgegaan, en van Isak na sy seun Jakob. Alhoewel die laaste verskeie hoofstukke van Genesis hoofsaaklik op Jakob se seun Josef gefokus het, ontdek ons in vandag se leeswerk dat die gebeure opgeteken is om te wys hoe God Jakob en sy gesin (afstammelinge van Abraham) na die vreemde land Egipte gebring het.

Hierdie verslag verbind die verhaal met die beloftes aan die aartsvaders vroeër in die boek, en herinner die lesers van Genesis aan God se getrouheid en soewereiniteit. Die planne wat Hy aan Abram geopenbaar het, is nooit tersyde gestel nie. Hy het deur sy uitverkore volk gewerk, en in sy perfekte tydsberekening, om sy groot plan tot stand te bring.

God het voorheen in drome aan Jakob verskyn op belangrike oomblikke in sy lewe: by Bet-El, om sy roeping op Jakob se lewe te bevestig (Genesis 28:10-22), en in Paddan-Aram, toe God hom opdrag gegee het om terug te keer na die land van sy vaders. (Genesis 31:1-3). En, weereens, het God in 'n droom aan Jakob verskyn om vir hom opdragte te gee en sy beloftes te bevestig terwyl hy op pad na Egipte was. In Egipte sou God voortgaan om Jakob se familie tot 'n groot nasie te bou. Hy het ook belowe om Jakob se familie uit Egipte te bring en terug te bring na die land wat Hy belowe het om aan hulle te gee.

God kan ons lei na plekke wat ons nie verwag nie of ons in omstandighede plaas wat ons nie verstaan nie. In hierdie oomblikke kan ons staatmaak op God, dat Hy al sy beloftes sal nakom. Hy is die een wat die belofte maak, en Hy is die een wat getrou is om dit na te kom. Mag ons vashou aan sy beloftes en sy tydsberekening en sy karakter vertrou, maak nie saak wat nie.

## OORDENKING

*Week 5*

1. *Hoe lei hartseer tot bekering en redding? Het jy al die hartseer van God ervaar? Het dit jou tot bekering gelei?*

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

2. *Hoe kan jy verantwoordelikheid, eerlikheid, eenheid, geloof en dankbaarheid ontwikkel? Hoe seën hierdie eienskappe die liggaam van Christus?*

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

3. *Waarom is selfopoffering die grootste vertoon van liefde? Hoe was Juda se gewilligheid om homself op te offer vir Benjamin, 'n voorafskaduwing van wat in Christus sou kom?*

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

4. *Hoe hou 'n bereidwilligheid om te vergewe verband met 'n begrip van God se soewereiniteit? Is daar iemand wat jy vandag moet vergewe of versoening mee moet soek?*

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

5. *Aan watter beloftes van God kan jy vandag vashou? Kan jy vol vertroue wees dat Hy sy beloftes sal nakom? Hoekom of hoekom nie?*

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

.......................................................................................................................................

*Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het.*

*Genesis 50:20*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Jakob het groot geloof in God se belofte geopenbaar al het hy dit nie in sy leeftyd ten volle verwesenlik gesien het nie. Neem hierdie week tyd om 'n paar verse oor God se beloftes vir sy mense te vind. Skryf dit op 'n notakaart en plaas dit rondom die huis om jou te herinner aan God se getrouheid en beloftehoudende karakter.*

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

## LEES

*Week 6 • Maandag*

*Genesis 46:31-47:27*

Josef het vir sy broers en vir sy hele familie gesê: “Ek wil vir die farao gaan
sê my broers en my familie het uit Kanaän hier aangekom. 32 Die manne
is kleinveeboere, mense met vee, en hulle het hulle kleinvee en grootvee en
alles wat hulle besit, saamgebring. 33 As die farao julle nou laat roep en vir
julle vra wat is julle nering, 34 moet julle vir hom sê: ‘Van kleins af tot nou
toe was ons veeboere, ons en ons voorvaders.’ Dan sal hy julle in Gosen laat
woon, want die Egiptenaars het ‘n afkeer van kleinveeboere.” 1 Josef is toe
daar weg en hy het die farao gaan inlig. Josef het vir hom gesê: “My vader
en my broers het met hulle kleinvee en grootvee en alles wat hulle besit, hier
aangekom uit Kanaän. Hulle is nou in die Gosenstreek.” 2 Josef het vyf van
sy broers saamgevat en hulle aan die farao voorgestel, 3 en hy het hulle gevra:
“Wat is julle nering?” Hulle het hom geantwoord: “Ons is kleinveeboere,
ons en ons voorvaders.” 4 Verder het hulle vir die farao gesê: “Ons wil graag
as vreemdelinge hier kom woon, want ons het nie meer weiding vir ons vee
nie. Daar is ‘n groot droogte in Kanaän. Laat ons toe om in Gosen te kom
woon.” 5 Toe sê die farao vir Josef: “Jou vader en jou broers het nou na jou
toe gekom. 6 Egipte is tot hulle beskikking. Jy moet hulle in die beste deel
van die land laat woon; hulle kan in die Gosenstreek aanbly. En as jy weet
van knap manne onder hulle, moet jy dié in bevel plaas van my vee.” 7 Josef
het ook sy pa Jakob gebring en hom aan die farao voorgestel. Toe Jakob
hom gegroet het, 8 vra hy vir Jakob: “Hoe oud is u?” 9 Jakob het vir hom
gesê: “Ek is nou al honderd en dertig jaar ‘n vreemdeling hier op aarde. In
vergelyking met dié van my voorvaders is dit maar min, en my lewensjare was
vol swaarkry.” 10 Toe groet Jakob die farao en vertrek. 11 Josef het sy pa en
broers in Rameses laat woon. Hy het vir hulle in die beste deel van Egipte
eiendom gegee soos die farao hom beveel het. 12 Hy het sy pa en broers, sy
hele familie met kinders en al, van kos voorsien. 13 Daar was nêrens meer kos
in die land nie, want die hongersnood was swaar. Al die mense van Egipte en
Kanaän het daaronder gely. 14 Josef het ál die geld van die land in die hande
gekry toe die mense van Egipte en Kanaän daarmee kom graan koop het. Hy
het die geld na die farao se paleis toe gevat. 15 Maar toe die geld in Egipte en
in Kanaän opraak, het al die Egiptenaars vir Josef kom sê: “U moet vir ons
kos laat kry. Waarom moet ons hier voor u doodgaan net omdat ons nie geld
het nie?” 16 Josef het vir hulle gesê: “As julle geld op is, moet julle maar julle
vee bring, dan gee ek vir julle kos in ruil daarvoor.” 17 Toe bring hulle hulle
vee vir Josef, en hy gee vir hulle kos in ruil vir perde en kleinvee en beeste en
donkies. Daardie jaar het hy hulle van kos voorsien in ruil vir al hulle vee. 18
Aan die einde van daardie jaar, en die volgende jaar, het die mense weer by
Josef gekom en vir hom gesê: “Ons kan dit nie vir Meneer wegsteek nie: ons

## LEES

*Week 6 • Maandag*

geld is op en u besit reeds al ons vee. Ons het niks meer oor om vir u te bring nie, net onsself en ons grond. 19 Waarom moet ons voor u oë doodgaan? Hier is ons, en daar is ons grond. Koop ons en koop ons grond in ruil vir kos. Ons sal die farao se slawe word en ons grond sal syne wees. Gee vir ons saad dat ons aan die lewe kan bly. En as ons nie sterf nie, sal ons grond nie onbewerk bly lê nie." 20 So het Josef al die grond vir die farao opgekoop. Al die Egiptenaars het hulle lande verkoop, want die hongersnood het hulle swaar gedruk. Die land het aan die farao behoort, 21 en die volk het van die een uithoek van Egipte tot by die ander uithoek na die stede toe gekom, na Josef toe. 22 Hy het net nie die priesters se grond gekoop nie, want hulle het 'n vaste inkomste van die farao gekry en hiervan het hulle geleef. Daarom het hulle nie hulle grond verkoop nie. 23 Toe sê Josef vir die volk: "Ek het julle en julle grond nou vir die farao gekoop. Hier is vir julle saad. As julle dit nou op die lande saai, 24 moet julle 'n vyfde van die opbrengs vir die farao afgee en vier vyfdes is julle s'n. Gebruik dit as saad vir die lande en as kos vir julle en vir wie in julle huise is en vir julle kinders." 25 Hulle het vir Josef gesê: "U het ons lewe gered. Meneer is ons goedgesind. Ons sal die farao se slawe wees." 26 Josef het hierdie reëling tot vandag toe 'n vaste instelling in Egipte gemaak: 'n vyfde van die opbrengs kom die farao toe. Net die priesters se grond is uitgesonder. Dit behoort nie aan die farao nie. 27 Israel en sy seuns het in Egipte gebly, in die Gosenstreek. Hulle het dit as hulle eiendom ontvang en hulle was vrugbaar en hulle het baie geword.

*Spreuke 8:12-17*

"Ek, Wysheid, het die verstand, ek het die kennis en die skranderheid. 13 Om die Here te dien, is om te haat wat verkeerd is. Daarom haat ek hoogmoed en hovaardigheid, 'n verkeerde lewe en slinkse woorde. 14 Wie my het, het raad en behaal sukses, ek verleen insig, ek is die een wat die mag gee. 15 Met my hulp regeer konings goed en laat maghebbers reg geskied; 16 met my hulp heers die mense wat mag het, die leiers, elkeen wat reg regeer. 17 Ek het dié lief wat my liefhet; dié wat my soek, vind my,

## SOAP

*Week 6 • Maandag*

SOAP / *Spreuke 8:15–17*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Maandag*

**SOAP:**

*Spreuke 8:15-17*

*Met my hulp regeer konings goed en laat magshebbers reg geskied; met my hulp heers die mense wat mag het, die leiers, elkeen wat reg regeer. Ek het dié lief wat my liefhet; dié wat my soek, vind my.*

**OORDENKING**

Terwyl Jakob se familie na Egipte migreer het, het Josef sy pa en broers spesifieke instruksies gegee. Hulle moes die farao met eer nader en hulself in die mees gunstige lig stel. Hulle het groot respek vir die farao en sy gesag getoon en hulle voor hom verootmoedig. Die farao het aan hulle guns bewys deur aan hulle die beste grond in die streek te gee. Hierdeur kon Josef in ’n tyd van groot hongersnood kos vir sy gesin voorsien.

Soos die farao Josef en sy gesin geseën het, het Josef die farao geseën. Josef het baie lewens tydens ‘n moeilike situasie gered. Hy het baie mense toegelaat om hulle vee, arbeid en grond aan die farao te verkoop, in ruil vir voedsel. Hierdeur het die farao baie ryk geword. Hy was voorspoedig omdat hy Jakob en sy gesin, God se uitverkore volk, geseën het.

God het die voortbestaan van sy uitverkore familie verseker deur Josef se wysheid. Dwarsdeur sy lewe het Josef voortdurend die dinge van God gekies, terwyl hy met wysheid opgetree het wat ver bo sy jare was. Selfs van die vroegste opgetekende optrede met betrekking tot sy vader se kleinvee, het Josef met wysheid opgetree. God het die omstandighede in Josef se lewe gebruik om wysheid in hom, sy uitverkore leier, te ontwikkel. Terwyl hy sy vader se vee opgepas het, Potifar se huis bestuur het, drome uitgelê het en ’n nasie en sy eie familie van uitwissing gered het, het Josef wysheid aan die dag gelê. Josef het sy lewe daaraan toegwy om wysheid by God te soek, en wanneer dit die meeste saak gemaak het, het die wysheid wat hy opgedoen het hom gehelp om baie lewens te red.

Josef is ’n rolmodel vir toekomstige konings en leiers. Sy leierskap was ’n voorbeeld vir die nasie Israel van hoe om met God se wysheid te lei. As God se uitverkore volk sou oorleef, moes hulle leiers dien en lei met groot wysheid.

Vandag dien Josef se lewe steeds as ’n voorbeeld vir beide diegene in leierskapposisies en diegene wat hulle aan hul gesag onderwerp. Leiers moet voortdurend God se wysheid soek en Hom toelaat om hulle voetstappe te rig. Net so, as God se mense, moet ons ons onderwerp aan die owerhede wat God aangestel het, hetsy nasionale leiers soos die farao, of leiers in ons plaaslike kerk. Diegene wat met wysheid lei, sal inderdaad seën van God ontvang, en diegene wat hulself voor God se uitverkore leiers verootmoedig, sal lewe en vrede vind.

## LEES

*Week 6 • Dinsdag*

*Genesis 47:28-48:22*

Jakob het sewentien jaar in Egipte gebly. Hy was dus toe honderd sewe en
veertig jaar oud. 29 Toe sy einde nader kom, het hy sy seun Josef geroep en
vir hom gesê: “Bewys my nog ‘n laaste guns. Sit jou hand onder my heup en
beloof dat jy my met liefde en eerbied sal behandel en my nie in Egipte sal
begrawe nie. 30 Wanneer ek sterf, moet jy my uit Egipte wegvat en die graf
van my voorvaders gaan begrawe.” Toe antwoord Josef: “Ek sal doen wat Pa
vra.” 31 En Jakob het vir hom gesê: “Bevestig jou belofte met ‘n eed.” Toe
lê Josef vir hom ‘n eed af, en Israel het daar op sy bed gebuig voor God. 1
‘n Rukkie hierna is vir Josef gesê sy pa is siek. Toe vat Josef sy twee seuns
Manasse en Efraim saam. 2 Daar is aan Jakob gesê: “U seun Josef het na u toe
gekom.” Toe het Israel sy kragte ingespan en regop gaan sit op die bed. 3 Hy
het vir Josef gesê: “God die Almagtige het in Lus in Kanaän aan my verskyn.
Hy het my geseën 4 en vir my gesê: ‘Ek sal jou vrugbaar maak en aan jou baie
kinders gee. Ek sal jou nageslag baie volke laat word. Ek sal hierdie land aan
jou nageslag gee om vir altyd te besit.’ 5 Jou twee seuns wat hier in Egipte
vir jou gebore is voordat ek hier na jou toe gekom het, Efraim en Manasse, is
vir my soos my eie, soos Ruben en Simeon is hulle vir my. 6 As jy hierna nog
kinders het, sal hulle eendag in die naam van hulle broers eiendom verkry. 7
Ek neem die twee seuns as my eie aan, want toe ek uit Padda-Aram gekom
het, is Ragel dood in Kanaän op pad na Efrata toe, dit is Betlehem, en ek het
haar daar langs die pad begrawe.” 8 Toe Jakob die twee seuns van Josef sien,
vra hy: “En wie is hulle?” 9 Josef het sy pa geantwoord: “Dit is my seuns.
God het hulle vir my in hierdie land gegee.” Jakob sê toe: “Bring hulle hier
na my toe. Ek wil hulle seën.” 10 In sy hoë ouderdom was Israel se oë al sleg
en hy kon nie goed sien nie. Josef het sy seuns tot teen Israel gebring, en hy
het hulle gesoen en teen hom vasgedruk. 11 Toe sê Israel vir Josef: “Ek het
nooit daaraan gedink dat ek jou weer sal sien nie, en hier laat God my nou
ook nog jou kinders sien.” 12 Josef het sy seuns van sy pa se skoot af getel
en voor hom gebuig. 13 Toe vat Josef die twee aan die hand: Efraim met sy
regterhand, links van Israel, en Manasse met sy linkerhand, regs van Israel.
Maar toe Josef hulle naby hom bring, 14 het Israel sy arms gekruis en sy
regterhand op Efraim se kop gesit al was hy die jongste, en sy linkerhand op
Manasse s’n al was hy die oudste. 15 Hy het vir Josef geseën en gesê: “Mag
die God naby wie my voorvaders Abraham en Isak geleef het, die God wat
vir my van my geboorte af tot nou toe gesorg het, 16 die Engel wat my uit
elke moontlike gevaar gered het, mag Hy die seuns seën. Dan sal my naam
voortleef in hulle, en ook dié van my voorvaders Abraham en Isak. Mag die
seuns vermeerder en baie word in daardie land.” 17 Toe Josef sien sy pa sit
sy regterhand op Efraim se kop, het Josef gedink dis nie reg nie en toe tel
hy Jakob se hand van Efraim se kop af op om die hand op Manasse se kop

## LEES

*Week 6 • Dinsdag*

te sit. 18 Josef het vir sy pa gesê: "Dit hoort nie so nie, Pa! Manasse is die oudste, sit Pa se regterhand op sy kop." 19 Maar sy pa het geweier en gesê: "Ek weet dit, my seun. Ook hy sal 'n volk word, ook hy sal baie word, maar die jonger broer sal sterker word as hy, en die jonger broer se nageslag sal 'n magtige nasie word." 20 Daardie dag het Jakob die twee seuns geseën: "Die Israeliete sal mekaar seën met die woorde: Mag God jou maak soos Efraim en Manasse." So het Jakob vir Efraim bo Manasse gestel. 21 Toe sê Israel vir Josef: "Ek gaan binnekort sterf, maar God sal by julle wees. Hy sal julle terugbring in die land van julle voorvaders. 22 Aan jou gee ek iets meer as aan jou broers: Sigem, wat ek van die Amoriete afgeneem het met my swaard en met my pyl en boog."

*Jesaja 55:8-9*

My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here; 9 soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes.

*Filippense 1:6*

Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom.

*Hebreërs 11:13*

Terwyl hulle steeds geglo het, het al hierdie mense gesterwe sonder om te verkry wat beloof is, maar hulle het dit uit die verte gesien en daaroor gejuig, en hulle het erken dat hulle hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is.

*Hebreërs 11:21*

Omdat Jakob geglo het, het hy op sy sterfbed albei die seuns van Josef geseën en tot God gebid terwyl hy op die knop van sy kierie leun.

# SOAP

*Week 6 • Dinsdag*

SOAP / *Hebreërs 11:13, 21*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 6 • Dinsdag*

## SOAP:

*Hebreërs 11:13, 21*

*Terwyl hulle steeds geglo het, het al hierdie mense gesterwe sonder om te verkry wat beloof is, maar hulle het dit uit die verte gesien en daaroor gejuig, en hulle het erken dat hulle hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is. Omdat Jakob geglo het, het hy op sy sterfbed albei die seuns van Josef geseën en tot God gebid terwyl hy op die knop van sy kierie leun.*

## OORDENKING

Jakob se grootste geloofsdaad het aan die einde van sy lewe gekom. Hy het geweet dat hy besig was om te sterf, en het vir Josef gevra om te belowe om hom te begrawe in die land van sy vaders, die land wat God belowe het om aan sy nageslag te gee. Toe hy Efraim, Josef se tweede geborene, as die eersgeborene geseën het, het hy 'n begrip getoon van die planne en voornemens van God verby sy leeftyd.

God se weë is nie soos ons s'n nie. Hy is nie gebonde aan kultuur of rituele nie; Hy maak soos Hy wil. Dwarsdeur die verhaal van die aartsvaders het God voortdurend 'n jonger seun gekies om 'n seën oor die eersgeborene te beërf. In die ou Nabye Oosterse kultuur het die eersgeborene 'n seën en 'n dubbele deel van die erfenis van die vader ontvang. God se keuses hang egter af van sy ewige doelwitte, nie geboorteorde of kulturele norme nie. Jakob het dit verstaan en nie God se wysheid bevraagteken toe hy vir Efraim oor Manasse geseën het nie. Hy het hom aan God se leiding onderwerp en in geloof opgetree terwyl hy die seuns van Josef geseën het.

Jakob se optrede in hierdie toneel toon God se voortdurende werk in sy lewe. In vorige gebeure het Jakob bedrieglik en uit selfstandigheid opgetree. Hy het passiewe neigings en begunstiging met sy vrouens en seuns geopenbaar. Maar God het nooit opgehou werk in Jakob nie; Hy het hom voortdurend deur sy genade alleen gevorm. Na 'n leeftyd van dissipline kon Jakob die wil van God onderskei. Hy het volkome geloof gehad dat God sou voortgaan om sy gesin te seën en hulle terug te bring na die land wat Hy belowe het om aan hulle te gee. Jakob het geleer om hom aan die plan van God te onderwerp, en sy gesin is daarvoor geseën.

Soos ons geloof groei, sal ons al hoe meer gewillig word om ons aan die planne en voornemens van God te onderwerp. Jakob het besef dat God se belofte nie in sy leeftyd ten volle verwesenlik sou word nie, en hy was vol vertroue dat God na sy dood getrou aan sy familie sou bly wees. God het nooit opgehou om in Jakob te werk nie, en Hy hou nooit op om in ons te werk nie. Hy is voortdurend besig om ons te vorm om meer soos sy Seun te wees, maak ons voortdurend volwasse en dissiplineer ons soos Hy sy doele bewerkstellig. Soos ons groei in ons geloof, sal ons beter in staat wees om die planne van God te onderskei. Ons sal meer gewillg word om ons aan sy plan te onderwerp wanneer dit anders is as ons s'n. Deur God se seëninge aan ons in die verlede te erken, versterk ons ons geloof in sy vermoë en gewilligheid om ons in die toekoms te seën. Hy is altyd getrou, en Hy kom altyd sy beloftes na.

**L E E S**

*Week 6 • Woensdag*

*Genesis 49:1-28*

Jakob het sy seuns laat roep en vir hulle gesê: "Kom hier! Ek wil vir julle
sê wat met julle nageslagte sal gebeur: 2 Kom na my toe, seuns van Jakob,
luister na Israel, julle vader! 3 "Ruben, jy is die oudste, toonbeeld van my
krag, gebore toe ek in my fleur was; jy is die vernaamste, die sterkste. 4
Maar jy sal nie langer die vernaamste wees nie, want soos stormwater was
jy onstuimig: jy het jou vergryp aan 'n vrou van jou vader, jy het my bed
verontreinig toe jy daarin geklim het. 5 Simeon en Levi is die en soos die
ander: altyd gereed vir geweld. 6 Aan hulle beraadslagings wil ek geen deel
hê nie, in hulle vergaderings wil ek nie kom nie, want koelbloedig het hulle
mense vermoor, roekeloos het hulle diere mishandel. 7 Die straf van God sal
hulle tref oor hulle geweldpleging, hulle onbeteulde drif: hulle sal uitmekaar
gejaag word in Jakob, versprei word tussen die stamme van Israel. 8 "Juda,
dit is jy vir wie jou broers sal eer: jy sal jou vyande onderwerp en jou broers
sal voor jou buig. 9 Jy is 'n leeu, my seun Juda, wat van die prooi af wegstap.
Jy rek jou uit, jy gaan lê rustig soos 'n leeu, soos 'n leeumannetjie wat deur
niemand opgejaag word nie. 10 Jy sal altyd heers, jy sal aanhou regeer totdat
Silo kom, die heerser aan wie die volke hulle sal onderwerp. 11 Hy maak
sy rydier vas aan 'n wingerdstok, sy donkie aan die beste wingerdstok. Sy
klere is so rooi soos wyn, sy koningkleed so rooi soos druiwesap. 12 Sy oë is
donkerder as wyn, sy tande witter as melk. 13 "Sebulon woon by die strand,
by die strand waar skepe is, sy oë is op Sidon gerig. 14 Issaskar is 'n sterk
pakdier, hy gaan lê tussen sy twee saalsakke. 15 Hy sien 'n goeie woonplek,
'n mooi landstreek, en daarvoor onderwerp hy hom aan dwangarbeid, doen
hy slawewerk. 16 "Dan is een van die stamme van Israel, hy handhaaf die reg
van sy volk. 17 Dan is 'n slang op die pad, 'n horingslang op die grootpad,
hy pik die perd aan sy hakskeen, die ruiter val agteroor. 18 "Ek wag dat U
red, Here! 19 "Gad – 'n bende oorval hom, maar hy val hulle van agter af
aan. 20 "Aser eet ryk kos, hy eet koningskos. 21 "Naftali is 'n takbok wat
vry rondloop, hy het 'n mooi nageslag. 22 "Josef is 'n boom wat vrugte dra,
'n vrugteboom by die fontein, sy takke groei oor die omheining. 23 Dié wat
met pyl en boog skiet, val hom aan, hulle is baie en hulle is sy vyande. 24
Maar hulle boog misluk elke keer, hulle sterk arms bewe, want die magtige
God van Jakob gryp in, die Rots van Israel beskerm hom. 25 Die God van
jou vader sal jou help, Josef, die Almagtige sal jou seën, Hy seën jou met

## LEES

*Week 6 • Woensdag*

reën uit die hemel, met water diep onder die grond uit, met moeders wat hulle kinders voed, met baie kinders. 26 Die seëninge wat jou vader gegee het, is sterk, sterker as dié van die ou-ou berge, as die kosbaarhede van die heuwels wat altyd daar is. Daardie seëninge kom op Josef, op hom wat die leier van sy broers sal wees. 27 "Benjamin is 'n wolf wat prooi verskeur: vroeg in die môre eet hy buit, in die aand vang hy sy prooi." 28 Dit is al twaalf die stamme van Israel. So het hulle pa met hulle gepraat toe hy hulle geseën het. Hy het hulle een vir een geseën, elkeen met 'n eie seën.

*Psalm 139:1-6*

Vir die koorleier. Van Dawid. 'n Psalm.

Here, U sien dwarsdeur my,' U ken my. 2 Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom. 3 Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend. 4 Daar is nog nie 'n woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees. 5 U omsluit my van alle kante, U neem my in besit. 6 Dié wete oorweldig my, dit is te hoog vir my begrip.

*Psalm 139:16*

U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in u boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is.

## SOAP

*Week 6 • Woensdag*

SOAP / *Psalm 139:16*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Woensdag*

**SOAP:**

*Psalm 139:16*

*U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in u boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is.*

**OORDENKING**

In die laaste oomblikke van Jakob se lewe het hy sowel seën as profesieë oor elkeen van sy seuns gespreek. Sy woorde het die karakter van sy seuns beskryf, die seëninge wat hulle sou ontvang en die eienskappe en reputasies van hul nageslag. Jakob het volle vertroue in God se planne vir die toekoms geopenbaar en volle vertroue in God se getrouheid om sy beloftes na te kom. God het spesiefieke planne vir elkeen van Jakob se seuns en hulle nageslag gehad en in sy genade het Hy sommige van daardie planne aan Jakob geopenbaar.

Vir Ruben, Simeon en Levi sou hulle roekelose optrede hulle daarvan weerhou om posisies van leierskap binne die familie en nasie te ontvang. Terwyl hulle steeds seën van God sou ontvang en die Abrahamitiese verbond vorentoe sou dra, sou hulle gedissiplineer word vir hul dade. Ons kan baie uit hulle voorbeelde leer aangesien ons sien hoe sondige optrede mense dikwels kan diskwalifiseer uit posisies van leierskap van God se mense.

In teenstelling met die oudste drie broers, het Juda en Josef groot seëninge ontvang. Juda sou die vader wees van die konings van Israel en Josef die een deur wie die Messias sou kom. Hy sou die voorvader wees van die ewige Koning van Israel en die Messias van die wêreld, Jesus Christus.

Josef het ‘n dubbele seën ontvang, want Jakob het Josef se seuns as sy eie geseën het. Die getrouheid van Josef het toegelaat dat hy oorvloedig deur God geseën word. Op dieselfde manier as wat sondige optede mense van leierskap kan diskwalifiseer, vertrou God hierdie posisie toe aan diegene wat lofwaardig en verantwoordelik is.

Al was hierdie woorde spesifiek op die seuns en nageslag van Jakob gerig, kan ons baie bemoedigign en onderrig daarin vind. Ons word herinner aan die manier waarop God ons verlede, hede en toekoms ken en aan sy intieme betrokkenheid in elkeen.

God het spesifieke planne en ‘n spesifieke toekoms wat vir elkeen van ons ontwerp is. Sal ons ons lewens, begeertes en planne aan God onderwerp met die vertroue dat Hy die volmaakte toekoms vir ons voorberei het? Terwyl ons poog om lewens te lei wat Hom eer, mag ons elke dag begin deur ons toekoms toe te vertrou aan die Een wat al ons dae geken het voordat enige van hulle ontstaan het.

## LEES

*Week 6 • Donderdag*

*Genesis 49:29-50:26*

Jakob het vir sy kinders gesê: “Wanneer ek sterf, moet julle my gaan begrawe
in die familiegraf, in die grot op die grond van die Hetiet Efron. 30 Dit is
die Makpelagrot teenoor Mamre in Kanaän. Abraham het die stuk grond by
die Hetiet Efron gekoop om ‘n begraafplek te hê. 31 Abraham en sy vrou
Sara is daar begrawe, Isak en sy vrou Rebekka is daar begrawe, en daar het
ek vir Lea begrawe. 32 Abraham het die grond en die grot daarop by die
Hetiete gekoop.” 33 Toe Jakob klaar gepraat het, het hy gaan lê, die asem
uitgeblaas en gesterf. 1 Josef het toe oor sy pa gebuk en hom al huilende
gesoen. 2 Daarna het Josef die dokters in sy diens beveel om die lyk van sy
pa te balsam. Hulle het toe vir Israel gebalsem. 3 Dit het veertig dae gevat
om ‘n lyk te balsam, en Egipte het sewentig dae lank oor Jakob gerou. 4
Toe hierdie routyd verby was, het Josef vir die amptenare van die farao gesê:
“As julle my goedgesind is, praat dan tog met die farao en sê vir hom 5 my
vader het my ‘n eed laat aflê dat ek hom, wanneer hy eendag sterf, sal gaan
begrawe in die graf wat hy vir hom in Kanaän reggemaak het. Ek wil hom
nou gaan begrawe en dan sal ek terugkom.” 6 Die farao het geantwoord:
“Gaan, en begrawe jou vader soos hy jou met ‘n eed laat beloof het.” 7 Josef
is toe weg om sy pa te gaan begrawe. Al die amptenare van die farao, die
raadgewers van die paleis en die leiers van Egipte is met hom saam, 8 die
hele familie van Josef en sy broers en die familie van sy pa is ook saam. Net
die kinders, die kleinvee en die grootvee het in die Gosenstreek agtergebly.
9 Waens en perde is met Josef saam. Dit was ‘n baie groot stoet. 10 Toe
hulle by die dorsvloer van Atad oos van die Jordaan kom, het hulle sewe dae
lank daar getreur en gerou oor hulle pa. Hulle het baie getreur oor hom. 11
Die mense van Kanaän het hulle daar by die dorsvloer van Atad sien rou
en gesê: Egipte is swaar in rou. Daarom noem hulle hierdie plek aan die
oostekant van die Jordaan Abel-Misrajim. 12 Jakob se seuns het gedoen wat
hulle pa gesê het. 13 Hulle het hom Kanaän toe gevat en gaan begrawe in
die Makpelagrot op die grond wat deur Abraham by die Hetiet Efron as ‘n
begraafplek gekoop is. Die grond lê oos van Mamre. 14 Na die begrafnis is
Josef en sy broers en almal wat met hom saam is om sy pa te gaan begrawe,
terug Egipte toe. 15 Na hulle pa se dood het Josef se broers gevra: “En as
Josef nog steeds ‘n grief teen ons het en ons nou gaan terugbetaal vir al die
kwaad wat ons hom aangedoen het?” 16 Daarom het hulle ‘n boodskap na
hom toe gestuur: “Voor sy dood het u vader beveel: 17 ‘Julle moet vir Josef
vra om tog die groot misdaad teen hom, die onreg wat julle hom aangedoen
het, te vergewe.’ Vergeef ons tog nou die misdaad. Ons dien ook die God
van u vader.” Josef het gehuil oor wat hulle vir hom laat weet het. 18 Daarna

**LEES**

*Week 6 • Donderdag*

het die broers na Josef toe gegaan en voor hom op hulle knieë geval en gesê: "Hier is ons voor u. Ons is u slawe." 19 Maar Josef het hulle geantwoord: "Moenie bang wees nie. Ek is nie God nie. 20 Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het. 21 Moenie bang wees nie. Ek sal sorg dat julle en julle kinders kos het." Josef het hulle jammer gekry en hulle gerusgestel. 22 Josef het in Egipte gebly, hy en sy hele familie. Hy het honderd en tien jaar oud geword. 23 Hy het die kleinkinders van Efraim gesien, en hy het nog die kinders van Manasse se seun Makir as sy eie aanneem. 24 Josef het vir sy broers gesê: "Na my dood sal God na julle omsien en Hy sal julle uit hierdie land uit laat trek na die land toe wat Hy met 'n eed beloof het aan Abraham, Isak en Jakob." 25 Josef het die seuns van Israel met 'n eed laat beloof: "Wanneer God na julle omsien en julle laat trek, moet julle my liggaam van hier af saamvat." 26 Josef is dood toe hy honderd en tien jaar oud was. Hulle het hom gebalsem en hom daar in Egipte in 'n kis gesit.

*Eksodus 13:19*

Moses het die liggaam van Josef saamgevat, want Josef het die seuns van Israel dit destyds uitdruklik met 'n eed laat beloof. Hy het gesê: "God sal beslis later na julle omsien, en dan moet julle my liggaam van hier af saamvat."

*Johannes 14:1-3*

"Julle moet nie onsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My. 2 In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. 3 En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.

## SOAP

*Week 6 • Donderdag*

**SOAP** / *Johannes 14:1–3*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Donderdag*

**SOAP:**

*Johannes 14:1–3*

*Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God: glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem sodat julle ook kan wees waar Ek is.*

**OORDENKING**

Die laaste hoofstuk van Genesis bring die gebeure van beide Jakob en Josef se lewens tot 'n einde. Albei mans het in hul laaste dae groot geloof in God se beloftes getoon. Hulle het geweet Egipte is nie hulle tuiste nie. God het belowe om vir hulle 'n land van hul eie te gee en Egipte was dit nie. Alhoewel nie Jakob of Josef gesien het hoe God daardie belofte vervul het nie, het hulle albei in geloof opgetree deur hulle seuns opdrag te gee om hulle gebeendere terug te bring na die beloofde land.

Jakob en Josef het geleef in afwagting van die langverwagte seën van God. Hulle was oortuig God sou sy volk bring na die land wat Hy beloof het om aan hulle te gee. Na sy dood het Jakob se seuns en sy hele huisgesin sy liggaam na die begrafplaas wat Abraham van Hetiet gekoop het, gedra. Jakob is saam met sy vaders begrawe en het rus gevind in die beloofde land. Hierdie optog het jare later nog een vooruitgeskadu wat kom toe Moses die gebeendere van Josef uit Egipte gebring het en die Isrealiete van slawerny bevry is. Albei mans het het hul geloof in God se belofte geopenbaar al het hulle nie die belofte voltooid gesien nie.

Gelowiges in Christus wag vandag ook op die vervulling van 'n groot belofte. Jesus het belowe om terug te keer en aan al sy volgelinge 'n laaste rusplek by Hom te gee. Hy het 'n plek voorberei vir almal wat in Hom glo en Hom as hulle Here en Verlosser aangeneem het. Vandag, as gelowiges in Christus, verlang ons na die vervulling van daardie belofte.

Die dood van 'n gelowige in Christus is nie die einde nie. In plaas daarvan is dit die begin van die volle verwesenliking van al die wonderlike beloftes van God. Jakob en Josef het gesterf in die geloof dat God sy belofte sou nakom en hulle nageslag na sy beloofde land sou bring. Net so, wanneer gelowiges in Christus sterf, doen hulle dit in geloof dat God sy belofte sal vervul en hulle saamneem na die plek wat Hy beloof het, die plek wat Hy vir hulle voorberei het. Wanneer ons lewe en sterf op grond van God se beloftes verloor die dood sy krag want niks kan ons daarvan weerhou om die beloftes van God te erf nie, selfs nie die dood nie.

**LEES**

*Week 6 • Vrydag*

*Genesis 1:31*

Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed. Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die sesde dag.

*Genesis 3:4-6*

Toe sê die slang vir die vrou: "Julle sal beslis nie sterf nie, 5 maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken." 6 Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee. En sy het van sy vrugte gepluk en geëet.

*Genesis 6:5-8*

Toe die Here sien hoe groot die verdorwenheid van die mens op aarde is en dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink, 6 was die Here bedroef daaroor dat Hy die mens op die aarde gemaak het. Dit het Hom diep gegrief. Die Here het gesê: "Ek sal die mens wat Ek geskep het, wegvee van die aarde af; mens en dier, ook dié wat kruip, en die voëls, want Ek is bedroef daaroor dat Ek hulle gemaak het." 8 Maar Noag is deur die Here begenadig.

*Genesis 18:22-25*

Die mans het weggedraai Sodom toe, maar die Here het by Abraham bly staan. 23 Abraham het toe nader gekom na die Here toe en gevra: "Sal U die regverdiges saam met die goddeloses vernietig? 24 Miskien is daar vyftig regverdiges in die stad. Sal U die plek werklik vernietig? Sal U dit nie spaar oor vyftig regverdiges daarin nie? 25 U sal tog nie so iets doen en die regverdiges saam met die goddeloses behandel nie! Sal die regter van die hele aarde dan nie reg laat geskied nie?"

*Genesis 50:19-20*

Maar Josef het hulle geantwoord: "Moenie bang wees nie. Ek is nie God nie. 20 Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het.

## SOAP

*Week 6 • Vrydag*

SOAP / *Genesis 50:19–20*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 6 • Vrydag*

**SOAP:**

*Genesis 50:19–20*

*Maar Josef het hulle geantwoord: "Moenie bang wees nie. Ek is nie God nie. Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het."*

**OORDENKING**

Een van die hooftemas van die boek Genesis is die tema van goed teenoor kwaad. Dwardeur die boek verskaf die skrywer voorbeelde van goed, voorbeelde van kwaad en die interaksie tussen die twee. Van die begin met die skeppingsverslag en deurgaans tot met die verhaal van Josef, vertoon die skrywer God se soewereiniteit deur hierdie tema.

God het die hemel en aarde geskep. Nadat Hy sy werk voltooi het, het God alles wat Hy gemaak het, goed genoem. Die bose het nog nie die wêreld ingekom nie. God het die man en die vrou wat Hy geskep het in 'n tuin geplaas, sodat hulle kon eet van watter boom hulle ook al wou hê, behalwe een. Die slang het hulle bedrieg en die vrou belowe dat as sy van die boom van kennis van goed en kwaad eet, sy soos God sou wees deur goed en kwaad te ken. Sy en die man het albei geëet en hulle was skielik bewus van die kwaad omdat hulle die eerste daad van sonde gepleeg het.

Later het God verklaar dat al die gedagtes en dade van mense die hele tyd net boos was. Hy het belowe om alles wat Hy gemaak het te vernietig as gevolg van hierdie groot boosheid, maar selfs te midde van sulke booosheid was daar een man wat guns by God gevind het.

Heelwat later het God 'n man met die naam Abraham gekies om die een te wees deur wie God sy belofte sou hou om die wêreld van boosheid en sonde te verlos. Abraham het geweet God is regverdig en goed. God sal nie die goeie saam met die goddelose vernietig nie, maar sal eerder toelaat dat die bose seëvier om diegene te red wat aan Hom toegewy is.

In Josef se lewe het God 'n groot euwel gebruik om iets baie goed te bewerkstellig. Sy broers het hom in 'n put gegooi en hom in slawerny verkoop. Hy is vervolg en valslik beskuldig en sonder 'n verhoor in die tronk gegooi. Selfs in al hierdie boosheid sou God sy goeie doel bewerkstellig. Josef het God nie net toegelaat om sy voetstappe te rig en sy lewe vir sy doeleindes te breik nie, maar Hy het die soewereintiteit van God erken om goed te bewerkstellig uit beoogde skade.

God se soewereinitiet bly onveranderd. Alhoewel dit dikwels mag lyk asof boosheid in die wêreld seëvier, bewerkstellig God altyd sy goeie voornemens. Niks is buite sy bereik nie. Niks gaan ongemerk by Hom verby nie. Terwyl ons 'n bose wêreld verduur, kan ons vol vertroue wees dat, ongeag die omstandighede, God soewerein is en altyd besig is om sy goeie doelwitte vir sy koninkryk, vir sy mense en vir die wêreld te bewerkstellig.

## OORDENKING

*Week 6*

1. *Waarom is dit belangrik vir God se leiers om wysheid te hê? Hoe kan jy vandag met wysheid lei? Hoe kan jy ook onderdanig wees en jou onderwerp aan die owerhede wat God in jou lewe geplaas het?*

...........................................................................................................................................

...........................................................................................................................................

...........................................................................................................................................

2. *In watter area van jou lewe is dit vir jou die maklikste om God te vertrou? In watter area van jou lewe is dit vir jou die moeilikste om God te vertrou? Waarom is dit nodig om jou aan God se planne te onderwerp wanneer dit anders is as joune?*

...........................................................................................................................................

...........................................................................................................................................

...........................................................................................................................................

3. *Wat is jou reaksie wanneer jy hoor dat God al jou dae geken het nog voordat een van hulle aangebreek het?*

...........................................................................................................................................

...........................................................................................................................................

...........................................................................................................................................

4. *Het jy Christus as jou Here en Verlosser aangeneem? Indien wel, glo jy Hy is besig om vir jou 'n plek voor te berei? Hoe kan jy in die lig van hierdie wonderlike belofte lewe?*

...........................................................................................................................................

...........................................................................................................................................

...........................................................................................................................................

5. *Op watter maniere het jy gesien hoe God iets wat deur ander bedoel was om jou skade aan te doen, verander in iets goeds?*

...........................................................................................................................................

...........................................................................................................................................

...........................................................................................................................................

# Sluit By Ons Aan

**AANLYN**

*lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatly.com/afrikaans*

**JOERNALE**

*lovegodgreatly.com/store*

**FACEBOOK**

*lovegodgreatly*
*lovegodgreatlyafrikaans*

**INSTAGRAM**

*@lovegodgreatlyofficial*
*@lovegodgreatlyafrikaans*

**APP**

*Love God Greatly*

**KONTAK ONS**

*info@lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatlyafrikaans@gmail.com*

**SKAKEL BY ONS IN**

*#LoveGodGreatly*
*#LoveGodGreatlyAfrikaans*

## VIR JOU

### *Wat ons bied*

Meer as 40 Vertalings
Bybelleesplanne
Aanlyn Bybelstudie
Love God Greatly Toepassing
Meer as 200 Lande Bedien
Bybelstudie Joernale
Gemeenskapsgroepe
Love God Greatly Bybel
Love God Greatly Joernaal

### *Elke studie sluit in*

Drie Blogplasings per Week
Daaglikse Dagstukkies
Memoriseerverse
Weeklikse Uitdagings
Weeklikse Oordenkingsvrae
Oorbruggings Leesplan

### *Ander studies*

Die Grootste Geskenk
Geloof Bo Volmaaktheid
In Jesus Is Jy...
Vriendskap
In die Begin
Die Evangelie van Markus
Verlos van Skande
Ewige Verbond
Jesus, Ons Alles
Ken die Liefde
In Sy Krag: Gister en Vandag
Vrees en Angs
Opgestaan
Nader tot God
Saligsprekinge
Ester
Woorde Maak Saak
Wandel in Oorwinning
Laat Reg Geskied, Bewys Liefde En Trou, Lewe
Bedagsaam Voor Jou God
Getroue Liefde
Wees Dapper
Verlosser
Beloftes van God
Liefde Sonder Vooroordeel
Waarheid Oorwin
1 & 2 Tessalonisense
Vrees en Angs
Jakobus
Sy Naam Is...
Filippense
1 & 2 Timoteus
Toegewy
Rut
Gebroke en Verlos
Wandel in Wysheid
God Met Ons
Jy is Vergewe
Dawid
Prediker
Groei deur Gebed
Name van God
Galasiërs
Psalm 119
1 & 2 Petrus
Gemaak vir Verhoudings
Die Pad na Kersfees
Die Bron van Dankbaarheid
Jy is Geliefd